

DIE POLITIEKE EN JOERNALISTIEKE IMPAK

VAN DIE SONDAGKOERANT DIE BEELD,

1965 TOT 1970



HELOÏSE DAVIS (GEBORE BURGER)

Tesis ingelewer vir die graad van Magister in
Lettere en Wysbegeerte (Joernalistiek) aan die
Universiteit van Stellenbosch.

November 1983

Promotor: Prof. P.J. Cillié

VOORWOORD

My opregte dank en waardering aan prof. Piet Cillié vir sy hulp en leiding. Dit was 'n aangename voorreg - en 'n grootse ervaring - om so 'n taak te kon uitvoer onder die waaksame "pen" van mnr. Schalk Pienaar se eertydse hoofredakteur!

Ek is ook veel dank verskuldig aan my moeder, aan Mari du Toit en aan Douglas vir sy aanmoediging.

INLEIDING

1. OMSKRYWING EN HIPOTESE

Alle dagblaaie en Sondagkoerante in Suid-Afrika is polities verbonde en het 'n meerdere of mindere politieke impak.

Joernalistieke impak is weer 'n funksie van professionele standaarde, ook op die politieke terrein. Nie baie koerante in Suid-Afrika kan op hoë joernalistieke impak aanspraak maak nie.

Die onderwerp van hierdie studie is die buitengewoon hoë impak wat die Sondagkoerant Die Beeld tussen 1965 en 1970 in albei opsigte in Suid-Afrika gehad het, die onverskrokke beriggewing en kommentaar waarmee dit bereik is, en die geëmansipeerde Afrikaanse joernalistiek wat dit veral in Transvaal bevorder het.

Dr. Willem de Klerk, sedert middel 1983 hoofredakteur van Suid-Afrika se enigste Afrikaanse Sondagblad, Rapport, het in sy getuienis voor die Kommissie van Onderzoek na die Massamedia die meningvormende politieke funksie van koerante so gestel:

"Alle erkende dag- en Sondagblaaie in Suid-Afrika is politiek-gelade koerante sonder werklike politieke neutraliteit. Hulle is betogende koerante wat aktief deelneem aan politieke meningvorming, politieke beleidstelling en beïnvloeding van politieke reaksies by die binnelandse publiek. Hierdie intense politieke betrokkenheid word weerspieël in nuusseleksie en -aanbieding, aksente wat op nuusgebeurde geplaas word, opskrifte, kommentaar wat by wie gevra word, en kommentaar wat self geskryf word. Dit is dan ook die bedoeling (doel, oogmerk, plan) van die koerante om - beneuens ander joernalistieke aanbiedinge - 'n aktiewe politieke rol te vervul."

Die rol waarna dr. De Klerk verwys, is inderdaad immer aanwesig, hoewel dit nie noodwendig beduidend hoef te wees nie. By Die Beeld was dit omvangryk en verreikend. Sy koms in 1965 het die Afrikaanse koerantwese inderdaad soos 'n ontploffing geskud. In die woorde van mnr. Dirk Richard, oud-redakteur van die mededingende Dagbreek: "Die Afrikaanse koerant het sy lakei-gedienstigheid ná 1970 vir goed afgeskud."

Prof. Piet Cillié, voorsitter van die Nasionale Pers se direksie, stel dit so: "Die Beeld se teenwoordigheid in Transvaal was vir baie mense asof daar iets aanwesig was wat vensters wyd oopgegooi het om hope vars lug in te laat. Vir ander weer het Die Beeld 'n teenoorgestelde uitwerking gehad. Dit het hulle versmoor ..."

In hoofsaak sal geprobeer word om aan te toon hoe mnr. Schalk Pienaar as hoofredakteur en senior politieke skrywer van Die Beeld met merkwaardige politieke insig die destydse ondermyning binne die regerende Nasionale Party reeds in 'n vroeë stadium geïdentifiseer het, en hoe hy die groep op laas deur middel van 'n meedoënlose en meesterlike joernalistieke bombardement in sy koerant as't ware gedwing het om te voorskyn te tree. In die proses het hy 'n nuwe styl in die Afrikaanse joernalistiek geskep en sy eie onuitwisbare stempel daarop afgedruk.

Die mening van vriend en vyand met wie onderhoude gevoer is, was dat Die Beeld 'n mylpaal in die Afrikaanse koerantwese was, en dat hy in die verloop van die politieke geskiedenis van die laat jare sestig 'n deurslaggewende rol gespeel het.

2. BENADERING, METODEDES EN BRONNE

Dit was by die bestudering van die impak van Die Beeld nodig om enige jare vóór sy verskyning te begin.

Die Nasionale Pers het reeds gevestigde, invloedryke dagblaaie in Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth gehad. Die twee eerste ministers vóór en met die koms van Die Beeld, adv. J.G. Strijdom en dr. H.F. Verwoerd, albei in hul dienstermyn voorsitter van persgroepe in Transvaal, was nie ten gunste van uitbreiding deur die Nasionale Pers na die Noorde nie.

Die impak van Die Beeld eindig nie met sy samesmelting met Dagbreek nie. Dit is voortgesit met die stigting in 1974 van Beeld, 'n Transvaalse dagblad uit die stal van die Nasionale Pers, en dié se fenomenale sukses. Die Beeld se politieke impak kan selfs deurgetrek word tot 1982 in die totstandkoming van nog 'n regse party, die Konserwatiewe Party van dr. Andries Treurnicht.

Baie aandag word aan Die Beeld se redakteur, Schalk Pienaar, gewy omdat hy aan die roer gestaan het en veral met sy politieke kommentaar die koerant in 'n duidelike rigting gestuur het.

Naas sy eie en ander materiaal in Die Beeld self, is sterk geleun op sy persoonlike weergawe van gebeurtenisse in sy boek Getuie van Groot Tye. Gebruik is ook gemaak van inligting uit oud-minister Ben Schoeman se boek My Lewe in die Politiek en ander politieke geskrifte oor daardie tydperk.

'n Belangrike metode van dataversameling was persoonlike onderhoude met 'n groot verskeidenheid van mense uit die Nasionale Pers-kamp, die politieke wêreld, die mededingende pers en die opposisiepers.

Gepubliseerde bronne oor die nagevorste onderwerp is uiteraard nog beperk. Die Beeld se kolomme het as hoofbron gedien. Daar is geprobeer om die impak van sy beriggewing regstreeks na te speur en te takseer. As bykomende stof is relevante nuustydskrifte, vaktydskrifte, toesprake, verklarings en pamflette gebruik.

I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK 1	VOOR DIE BEELD SE KOMS	1
HOOFSTUK 2	SUID-AFRIKA MET DIE KOMS VAN DIE BEELD	9
HOOFSTUK 3	DIE BEELD SE BELEID	12
HOOFSTUK 4	'N NUWE BENADERING	23
HOOFSTUK 5	'N PLEK IN DIE JOERNALISTIEKE SON	28
	5.1 Meteoriese opgang	28
	5.2 Die sirkulasie-faktor	34
	5.3 Die "lakei-pers" verdwyn	37
HOOFSTUK 6	GROOT STORIES ... EN KONFISKASIE	42
	6.1 Die eerste maande	42
	6.2 Die nuusgebeurtenis van 1966	45
	6.3 Die konfiskasie van Die Beeld	50
	6.4 Die eerste hartoorplanting	52
	6.5 Die jaar 1968	52
	6.6 Skeuring in partygeledere	53
HOOFSTUK 7	DIE POLITIEKE IMPAK VAN DIE BEELD	60
	7.1 "Skeurmakery is doodsonde"	60
	7.2 Die eerste rammeling	62
	7.3 Die ondermyning en onthullings kry momentum	70
	7.4 Kultuurorganisasies misbruik	73
	7.5 Die Nasionale Party se kongresseisoen van 1967	82
	7.6 Terblanche uit Akademie; Hertzog verloor portefeulje	88
	7.7 Die smeerbriewe; en Hertzog uit Kabinet	95
	7.8 Hertzog se afsku in Die Beeld	100
	7.9 Dr. Hertzog se "Calvinistiese toespraak" en Die Beeld	113
	7.10 Dr. Hertzog uit die Nasionale Party	118
	7.11 Verkiesingsverrassing	121
	7.12 Politieke impak - menings	126

HOOFSTUK 8	TWEE HOOFKARAKTERS	132
	8.1 Inleiding	132
	8.2 Dr. Albert Hertzog	132
	8.3 Premier John Vorster	135
HOOFSTUK 9	NIE-NASIONALE MENINGS IN 'N NASIONALE BLAD	148
	9.1 'n Nuwigheid	148
	9.2 André P. Brink	150
	9.3 Dr. Denis Worrall	151
HOOFSTUK 10	TWEE JOERNALISTIEKE MEDEDINGERS	158
	10.1 Inleiding	158
	10.2 Mnr. Joel Mervis	158
	10.3 Mnr. Dirk Richard	164
HOOFSTUK 11	DIE EINDE VAN DIE BEELD	171
	11.1 'n Dramatiese impak	171
	11.2 Die finale impak	176
HOOFSTUK 12	SCHALK PIENAAR, DIE MENS	181
BIBLIOGRAFIE		194

HOOFTUK 1

VOOR DIE BEELD SE KOMS

Om Die Beeld se uiteindelijke rol beter te verstaan is 'n kennis van sy voorgeskiedenis nodig.

Die Nasionale Pers (voortaan die Pers) het sedert die stigting in 1915 in Kaapstad van sy eerste dagblad, Die Burger, 'n stewige vastrapplek in die koerantwese in Kaapland gehad, en 'n monopolie as Afrikaans-Nasionale koerant in die Wes-Kaap. Hy is in 1917 aangevul deur Die Volksblad in die Vrystaat en in 1937 deur Die Oosterlig in die Oostelike Provinsie. Maar Transvaal was braakland vir die Pers - 'n belangrike braakland.

Die PWV-gebied (Pretoria, Witwatersrand en Vereeniging) het mettertyd die kern van Suid-Afrika se ekonomiese groei geword, waar 'n derde van die blanke bevolking naderhand saamgetrek was. Dit was daar waar 'n nasionale maatskappy graag sy ekonomiese belange wou uitbrei, waar 'n politiek-verbonde koerant graag sy boodskap wou versprei. 'n Koerant in Transvaal was 'n jarelange ideaal van die Pers.

Dit sou 'n ideale basis wees van waar sy belange bevorder kon word. Soos sake gestaan het, was daar geen Afrikaanse medium wat bereid was om die Pers se tydskrifte en boeke in Transvaal deurlopend te reklameer nie. 'n Eie medium moes gevind word.

In 1953, toe dr. Phil Weber redakteur van Die Burger was, het 'n naweekbylae, Die Byvoegsel, saam met die koerant begin verskyn. Dit was gewild, en daar is gemeen dat dit in Transvaal ook sukses sou hê. Om dit daar te kon versprei, moes die Pers 'n koerant in Transvaal hê. ¹⁾

In daardie stadium het geen sterk Nasionale Party-gesinde Afrikaanse Sondagblad bestaan nie. Dagbreek was in 'n losse verhouding tot die Nasionale Party met 'n nie-Nasionalis, mnr. Jack Scott, as hoofaandeelhouer.

Dr. Willie Hofmeyr, destydse voorsitter van die direksie van die Pers, dr. Chris Albertyn, hoofbestuurder, en dr. Weber het die leier van die Nasionale Party in Transvaal, adv. J.G. Strijdom, gaan inlig oor hul plan om 'n landwye Sondagkoerant in Transvaal uit te gee. Sy reaksie was groot ontsteltenis, ²⁾ waarskynlik om twee redes: hy sou nie graag so 'n "Kaapse invloed" in Transvaal wou hê nie met die oog op die premierskap, en hy wou Transvaalse koerantbelange beskerm. Hy was immers voorsitter van die Voortrekkerpers, wat Die Transvaler uitgegee het.

In 'n ommesien het Transvaalse Nasionaliste, hoofsaaklik politici, genoeg geld byeen gehad om die Scott-belange uit te koop en Dagbreek tot 'n sterk Nasionaalgesinde Sondagblad om te skeep met adv. Strijdom as voorsitter. 'n Invoerpermit vir papier vir die Nasionale Pers is deur dr. Eric Louw, toe Minister van Ekonomiese Sake en groot vriend van adv. Strijdom, geweier. Die Pers se planne het skipbreuk gely. ³⁾

Maar die ideaal het bly wink - en steeds dringender.

Adv. Strijdom het in 1954 eerste minister geword in 'n tyd toe dit finansieel nie te voorspoedig gegaan het met Die Transvaler nie. Die Pers was deeglik bewus van die koerant se onderprestasie en het voelers tot samewerking uitgesteek. Deur op pari-waarde vir aandele aan te dring het adv. Strijdom in sy hoedanigheid as voorsitter van die Voortrekkerpers 'n hand van samewerking op so 'n wyse aangebied dat dit nie gevat kon word nie.

Ná sy afsterwe in 1958 het dr. Hendrik Verwoerd premier geword. Die woelinge rondom die pogings van die Pers om 'n vastrapplek in Transvaal te kry, sou feller word.

Met Die Vaderland was dit in daardie stadium finansieel ook nie te rooskleurig gesteld nie. Dr. Phil Weber het hom namens die Pers tot mnr. J.J.H. Victor, besturende direkteur van die Afrikaanse Pers Beperk (APB), gewend met 'n voorstel tot nouer samewerking tussen hulle twee groepe. (Die Vaderland het aan APB - dit was nog voor die stigting van Perskor - behoort). Mnr. Victor was "nogal te vinde" vir die gedagte, en nog 'n trustee, dr. A. Havenga, 'n tandarts van Bloemfontein, het sy siening gedeel. Maar 'n derde trustee, wat lid van dr. Verwoerd se kabinet was, dr. Albert Hertzog, was sterk daarteen gekant. Hy het dit summier onder die aandag gebring van premier Verwoerd, wat dit onmiddellik in die kiem gesmoor het. ⁴⁾ Nog 'n Transvaalse deur was in die gesig van die Pers toegeklap. Laat dr. Weber vertel:

"Inmiddels het die agterstand van die intussen Nasionaal-geworde Dagbreek by die nie-Nasionale naweekkoerante gegroei, en die kloof het gedreig om nog groter te word toe die Transvaalse nie-Nasionale Sondagkoerante in 1964 die een na die ander in Kaapstad gedruk en uit Kaapstad versprei is. Ons het hulle dit nie kwalik geneem nie. Om naweekkoerante lonend te maak moet hulle landwyd versprei word.

"Tot in daardie stadium was die Nasionale Pers teen die uitgee van 'n eie Sondagblad in Kaapstad, maar hy kon die nuwe verwikkeling nie gelate aanvaar nie. Hy moes rekening hou met vyf (later vier) Johannesburgse Sondagblaaie in Kaapstad wat Die Burger nadelig kon tref. Die aandeelhouers het 'n reg gehad dat die Nasionale Pers beskermend teenoor hulle moes optree.

"Maar tweedens het die dure plig op die Nasionale Pers gerus om in die volksbelang te sorg dat die wanverhouding tussen die een Nasionale Sondagblad en die vier nie-Nasionale Sondagblaaie nie nog groter word nie." ⁵⁾

Te midde van gerugte dat die Pers met 'n Sondagblad Transvaal toe kom, het dr. Verwoerd op Saterdag, 7 Augustus 1965, 'n vergadering belê in Libertas, sy ampswoning in Pretoria. Teenwoordig uit die Noorde was dr. Verwoerd, as voorsitter van Dagbreekpers (wat benewens Dagbreek toe ook al Die Vaderland besit het), min. Ben Schoeman, direkteur van Dagbreekpers, mnr. Marius Jooste, voorsitter van Dagbreekpers, en mnr. Hennie du Toit, hoofbestuurder van die Voortrekkerpers (Die Transvaler). Dr. Verwoerd het vroeër ook al voorsitter van die laasgenoemde persgroep geword in die plek van sy voorganger, adv. Strijdom.

Van die kant van die Pers was teenwoordig dr. T.E. Dongës, Kaaplandse leier van die Nasionale Party en direkteur van die Pers, nog 'n direkteur en latere Staatspresident, mnr. Jim Fouché, dr. Phil Weber, vorige besturende direkteur en toe direkteur, en mnr. Hubert Coetzee, besturende direkteur van die Pers.

Die gesprek het eers oor die wedersydse plasing van advertensies gegaan: die feit dat dit nie gebeur nie en dat Die Burger wel advertensies van die Argus-groep geplaas het. Maar die eintlike doel van die gesprek was om te verneem of die Pers bereid sou wees om 'n Kaapse uitgawe van Dagbreek te druk. ⁶⁾

Dr. Verwoerd het dit duidelik gestel dat daar wel alternatiewe is, maar dat syns insiens die mees praktiese sou wees dat Die Burger Dagbreek druk.

Dr. Weber het geantwoord dat hulle geen beswaar het teen die moontlike koms van Dagbreek na die Kaap nie, maar dat nie verwag moet word dat die Pers dit moet druk en reëlings tref wat sy eie publikasies kan benadeel nie. Dr. Dönges het bygevoeg dat, as Dagbreek hom die reg toeëien om landwyd te versprei, die Pers seker ook die reg het om 'n Sondagblad uit te gee.

Dr. Verwoerd het saamgestem, maar bygevoeg dat hy dit as politiek ongewens beskou dat 'n Sondagblad òf in 'n beperkte gebied òf landwyd deur die Pers uitgegee word. Hy wou pertinent weet wat die Pers se planne is. 7)

Die Pers se manne was nie bereid om op die vraag te antwoord nie. Hulle het gevoel dat, hoewel dr. Verwoerd as volksleier aan die samesprekinge deelneem, hy ook voorsitter van mededingende persmaatskappye is. Mnr. Hubert Coetzee het prontuit gesê daar kan nie van hom verwag word om te sê wat die Pers beplan nie, want dr. Verwoerd is op stuk van sake voorsitter van die Pers se mededingers. Boonop is daar verteenwoordigers van die "opposisie" teenwoordig. 8)

Op dié noot is die vergadering uiteen, nadat mnr. Ben Schoeman opgemerk het dat almal teenwoordig se tyd gemors word - hy wil gholf gaan speel! 9)

In oud-minister Ben Schoeman se boek My Jare in die Politiek vertel hy sô van die vergadering:

"In 1965 was die enigste Afrikaanse Sondagkoerant Dagbreek, wat deur die Afrikaanse Pers uitgegee is. Verwoerd was voorsitter van die Afrikaanse Pers en ek was lid van die direksie. Onderhandelings is aangeknoop met die Nasionale Pers om Dagbreek deur hulle in Kaapstad te laat druk. Hulle het egter geweier, hoewel hul rolpers op Saterdagmiddae en -aande onbeset was. Verwoerd het toe versoek dat 'n afvaardiging van hul direksie hom moes kom spreek. Die same-sprekings het teen die einde van 1965 in Libertas in Pretoria plaasgevind. Van ons kant was Verwoerd, ek en die besturende direkteur, Jooste, aanwesig, en van Nasionale Pers se kant Weber, Dönges en hul besturende direkteur.

"Verwoerd het ons saak gestel en gevra dat hulle moes instem om Dagbreek in Kaapstad te druk. Daar was 'n heen-en-weer-pratery, maar hulle het allerlei besware daarteen gehad. Heel toevallig het Dönges die kat uit die sak gelaat deur te sê dat hulle van plan was om ook 'n Sondagkoerant uit te gee. Sowel Verwoerd as ek het ernstig gewaarsku teen die uiters nadelige gevolge wat dit vir die Afrikaanse perswese, vir die Afrikanersaak en vir die Nasionale Party kon hê as daar twee mededingende Sondagkoerante sou wees wat albei dieselfde terrein dek. Dit sou noodwendig op 'n onsmaklike koerantstryd uitloop, want elkeen sou probeer om die grootste sirkulasie te kry en metodes sou gevolg word wat die Afrikanersaak in die geheel sou moes benadeel. Ons het lank gepraat, maar hulle wou nie kopgee nie.

"Die Nasionale Pers se Sondagkoerant wat hulle Die Beeld genoem het, het toe in 1967 sy verskyning gemaak." 10)

(Die datum "1967" is nie korrek nie - Die Beeld se eerste verskyning was op 31 Oktober 1965.)

Enkele dae ná die vermelde en veelbesproke vergadering in Libertas het die Pers sy planne aangekondig om die Sondagblad Die Beeld uit te gee. Die eerste uitgawe sou op 31 Oktober 1965 verskyn. Trinity Press sou die koerant in Johannesburg druk.

Oor hierdie dramatiese besluit om 'n Sondagkoerant met sy redaksiekantoor in Transvaal te begin, vertel mnr. Dirkie de Villiers, eerste bestuurder van Die Beeld:

"Op 'n dag het die besturende direkteur, Hubert Coetzee, my en Schalk Pienaar ingeroep en ons opdrag gegee om Die Beeld te begin. Kort daarná was ek in Londen toe 'n kabelgram my bereik met die boodskap: 'Ons gaan nie verder onderhandel nie. Ons gaan op ons eie. Kom dadelik terug Suid-Afrika toe.'" 11)

Mnr. De Villiers het beseef dat besluit is om 'n heeltemal nuwe koerant te begin, nadat afgesien was van die moontlikheid om Sondagstem by die Argus-groep te koop, soos wel oorweeg was.

Hy vervolg: "Gelukkig het dit nie gebeur dat ons Sondagstem gekoop het nie, en dat Hubert Coetzee, wat 'n haastige, dringende mens was, opdrag gegee het dat ons op eie stoom voortgaan." 12)

Van meet af sou 'n Kaapse en 'n Vrystaatse uitgawe gedruk word omdat die Pers bestaande geriewe in dié twee stede had. Die Beeld het die eerste koerant in Suid-Afrika geword wat gelyktydig in drie stede gedruk is. Van die ander Sondagkoerante het later die voorbeeld gevolg.

Die Beeld was ook die enigste Sondagkoerant wat in daardie stadium by elke uitgawe 'n kleurtydskrif gehad het, gedruk met 'n toe onvergelyklike diepdrukproses.

Die verspreiding is op unieke wyse gehanteer. Terwyl die ander Sondagblaai van die Sentrale Nuisagentskap gebruik gemaak het, het die Pers Die Beeld se verspreiding self waargeneem. Die koerant is teen vyf sent verkoop.

- 1) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 2) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 3) Dr. Phil Weber in 'n toespraak in Maart 1967 voor die Junior Rapportryers van Bellville.
- 4) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 5) Dr. Phil Weber in 'n toespraak in Maart 1967 voor die Junior Rapportryers van Bellville.
- 6) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 45
Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
Schoeman, Ben, My Jare in die Politiek, p. 332
- 7) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 47
Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
Schoeman, B.M., Van Malan tot Verwoerd, p. 110
- 8) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 47
Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 9) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 10) Schoeman, Ben, Op cit. p. 332
- 11) Mnr. Dirkie de Villiers in 'n toespraak op 'n afskeidsgeselligheid vir mnr. Schalk Pienaar in November 1970.
- 12) Ibid.

HOOFSTUK 2

SUID-AFRIKA MET DIE KOMS VAN DIE BEELD

Die Suid-Afrika waarin Die Beeld op 31 Oktober 1965 vir die eerste keer verskyn het, het betreklik rustig gelyk. Hy was aan die vooraand van sy vyfjarige republiekfees. Dr. Hendrik Verwoerd, wat die land tot republiekwording gelei het, was as eerste minister stewig in die saal.

Sy regerende Nasionale Party het 106 van die 156 Volksraadsetels gehou, die amptelike opposisie met sir De Villiers Graaff as leier 49. Dr. Jan Steytler se Progressiewe Party het net een setel gehad - Houghton, verteenwoordig deur mev. Helen Suzman.

Die ekonomie was stabiel, die inflasiekoers was in bedwang, en werkloosheid nie noemenswaardig nie.

Op die gebied van veiligheid en orde was die toneel taamlik kalm, hoewel die vorige jaar se opspraakwekkende Rivonia-verhoor en 'n afskuwelike bomontploffing op die Johannesburgse stasie nog vars in die geheue was. Van 'n wapenstryd teen terroriste aan die land se grense is net gepraat. Werklike aksie en kontak was daar nie. Algemene nasionale diensplig het nog nie bestaan nie. Jong manne is òf geloot òf het hulle as vrywilligers vir militêre opleiding aangemeld. Lotelinge is sedert 1962 nege maande lank opgelei en vrywilligers het 'n jaar opleiding in die militêre gimnasiums ondergaan.

Aan die kultuurfront het Etienne Leroux se Sewe Dae by die Silbersteins, wat in 1964 met die Hertzogprys vir prosa bekroon is, nog die toneel oorheers. Die boek was omstrede vanweë die beweerde twyfelagtige sedelike aard daarvan. Dit kan beskou word as een van die beginpunte van skerp verdeling, nie net onder die Afrikaners se kultuurleiers nie, maar ook politiek en kerklik.

Benewens Sewe Dae het 'n pop groep van Engeland, die Beatles, die volk aan die praat en 'n deel van die jeug aan die "gil" gehad. Die gewildste dansvorm van die tyd was die "twist." Op straat het jong, en soms nie so jong dames menige volksmoeder en -vader na vlugsout laat gryp met die dra van die mini-rok, 'n mode wat in Engeland deur die beeldskone model Jean Shrimpton op tou gesit is en die Westerse wêreld stormenderhand verower het.

Op sportgebied was die jaar waarin Die Beeld vir die eerste keer verskyn het, as't ware 'n waterskeiding. Vir twee van die belangrikste sportsoorte, rugby en krieket, was dit die begin van die einde van toere in die buiteland.

'n Springbokkrieketspan het in 1965 vir die laaste keer 'n oorsese toer onderneem. Peter van der Merwe en sy manne het Engeland op sy eie werf gaan verslaan - die eerste maal sedert 1935 dat dié prestasie herhaal kon word. In daardie jaar het Herbie Wade se span Engeland geklop.

Suid-Afrika se isolasie in wêreldkrieket sou twee jaar later 'n voldonge feit word nadat premier John Vorster die Kaapsgebore Britse toetspeler Basil D'Oliviera verbied het om as lid van 'n MCC-toerspan in die land te kom speel.

Teen Oktober 1965 was rugbygeesdriftiges in Suid-Afrika in sak en as. Die magtige Springbokke het sewe van die agt toetse wat hulle gespeel het, verloor - teen Ierland, Skotland, twee teen Australië en drie van die vier op die moddervelde van Nieu-Seeland. Rugbytoere na die buiteland het wel nog daarná plaasgevind, maar dié van 1965 in Ierland en Skotland en in Australië en Nieu-Seeland was die laaste betogervries.

'n Springbokspan het sedertdien nog nie weer Australië besoek nie.

In atletiek het isolasie ook reeds gedreig. Suid-Afrika se atlete was nie langer welkom by die Olimpiese Spele nie, hoewel Paul Nash, naelloper van die Universiteit van die Witwatersrand, in daardie stadium die vinnigste blanke in die wêreld oor 100 tree was. Suid-Afrika is in 1968 deelname aan die Olimpiese Spele in Mexiko geweier en het sedertdien nog nie weer aan die Spele deelgeneem nie.

Die Beeld het op die Suid-Afrikaanse toneel verskyn aan die vooraand van heelwat omwentelinge: "UDI" in Rhodesië, die moord op dr. Verwoerd en die begin van die Vorster-era, om net drie te noem. In sy bestaan van iets meer as vyf jaar sou hy 'n sterk rigtinggewende invloed op die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitoefen. Die Afrikaanse joernalistiek sou nooit weer dieselfde wees nie.

HOOFSTUK 3

DIE BEELD SE BELEID

Om die beleid van Die Beeld op te som, dien drie passasies uit sy heel eerste uitgawe:

"Die Beeld wil die boodskap versprei - oor die taal- en die kleurgrens, ten einde Suid-Afrika vir al sy kinders 'n veilige en voorspoedige tuiste te maak. Daarin wil hy hom in 'n gees van welwillendheid en vriendskap skaar by die Nasionale Party en die reeds bestaande Nasionale Pers-koerante." 1)

"Hulle gaan goeie sake met hul hele hart dien en slegte sake met hul hele hart beveg, en altyd gaan hulle skoonstry sodat ook hul vyande nie sal kan help om hulle te bewonder nie.

"Ons soort koerant vorm en lei die openbare mening voortdurend. Aan die politieke front het die Nasionale Pers reeds meermale 'n korrekte minderheidsmening wat in die begin geminag is, help uitbou tot 'n oorweldigende meerderheidsmening." 2)

Sy beleid in die partypolitiek het mnr. Pienaar só gestel: "Die Verenigde Party is te vervelig om oor te skryf; die Progressiewe Party is heelwat eleganter, maar niks minder vervelig nie. Die lewende hart van die Suid-Afrikaanse politiek is die Nasionale Party." 3)

Opsommend kan die drie aanhalings uit die pasgebore Beeld as volg saamgevat word:

Die Beeld het na die Noorde gekom met 'n eerlike strewe: hy sou in 'n gees van welwillendheid teenoor die Nasionale Party sy boodskap versprei; die hele Suid-Afrika, ongeag ras, geslag of taal, sou sy veld wees; nuus sou volgens verdienste gehanteer word, wie ook al die nuusmaker, en deurentyd sou die koerant deel wees van die Nasionale Pers se span.

Die Pers se doel met Die Beeld was nie net om 'n boodskap te gaan versprei nie, maar ook om die Pers se belange oor die algemeen uit te brei daar waar die meeste van die land se blankes woon, en waar die kern van die land se ekonomie en gevolglik 'n potensieel vrugbare sirkulasieterrein en adverteerdersmark geleë was. 'n Gesonde sirkulasie was lewensbelangrik. ⁴⁾

Die beoogde benadering van Die Beeld was in die geledere van die Afrikaanse pers in Transvaal nogal ingrypend nuut, hoofsaaklik vanweë die verskillende uitgangspunte van die Suidelike en die Noordelike persgroep.

"Die Nasionale Pers se koerante is onafhankliker van die Nasionale Party as die ander koerante wat die Nasionale Party ondersteun. Daar was 'n definitiewe verskil tussen die Transvaalse en die Kaapse koerante." Sô het prof. Piet Cillié, voorsitter van die Nasionale Pers se direksie en oud-redakteur van Die Burger, dit gestel. ⁵⁾

Mnr. Ton Vosloo, aangewese besturende direkteur van die Pers, oud-redakteur van Beeld en politieke beriggewer van Die Beeld in die koerant se beginjare, het gesê: "Ons het met geen besondere boodskap gegaan nie. Ons was Nasionale Persmanne, ons het geweet waaromtrent dit gaan - instinktief. Niemand het vir niemand voorgesê nie.

"Ons het nie 'n koerant in Transvaal gaan begin bloot net om die Nasionale Pers se belange uit te bou nie - ons doel was om 'n Afrikaanse Sondagkoerant uit te gee wat die grootste in Suid-Afrika sou word. Ons het Dagbreek in sy eie gebied gaan pak." ⁶⁾

Hy stem saam met prof. Cillié dat die twee persgroepe in daardie stadium in dié opsig verskil het dat die Pers en die Nasionale Party, soos dr. Phil Weber dit graag stel, "in 'n huwelik verbind is waar moord soms oorweeg word, maar nie egskeiding nie." Met ander woorde: die Pers sal, wanneer hy dit nodig ag, die Party kritiseer en, waar nodig, prys, maar in beginsel sal die twee altyd saam die pad loop.

Dirk Richard, redakteur van Dagbreek in die jare sestig en Pienaar se direkte opposisie, meen: "Die Pers is in die eerste instansie 'n koerantonderneming wat ook op ander gebiede handel dryf. Met Perskor kry 'n mens die indruk dat dit in die eerste plek 'n handelsaak is wat ook koerante uitgee." 7)

As buitestaander, maar tog nou betrokke, beskryf J.H.P. Serfontein, toe die Sunday Times se vernaamste politieke beriggewer, die Afrikaanse koerantwese gedurende die tydperk onder bespreking s6:

"Die Nasionale Persgroep het 'n bepaalde politieke lewens= filosofie waarop die joernalistiek van die groep gebaseer is. En hiermee bedoel ek meer as dat hy bloot die Nasionale Party steun. Manne soos Piet Cillié en Schalk Pienaar het 'n bepaalde politieke langtermynvisie en -siening van die toekoms. Hulle weet watter rol hulle wil hê die Afrikaner= Nasionalis in Suid-Afrika moet speel en watter koers hulle die Nasionale Party graag sou wil sien inslaan. Die optrede van hul koerante word volgens hierdie langtermyn=filosofie bepaal. Hulle sal nooit ter wille van korttermyn=joerna= listiek hul uiteindelijke doelwitte uit die oog verloor nie. Daarom dan dat hulle, hoewel steeds pro=Nasionaal, soms ge= waagde standpunte inneem wanneer hulle hulself as 'weg= bereiders' van die politieke mening sien.

"Teen hierdie paradoksale konsekwentheid moet 'n mens die situasie by die Afrikaanse Pers-groep (later Perskor) stel. Hoewel net so lojaal aan die Nasionale Party, het dit geen onderskeidende filosofie nie, maar beoefen dit in die eerste en laaste instansie 'kommersiële joernalistiek.'

"Dit verklaar hoekom die groep 'n verligte redakteur soos Dirk Richard kon hê, maar ook twee ultra-verkrampes soos A.M. van Schoor en dr. A.P. Treurnicht." ⁸⁾ (Dr. Treurnicht en mnr. Van Schoor was onderskeidelik redakteur van Hoofstad en Die Vaderland.)

Beaumont Schoeman, vertroueling van dr. Albert Hertzog en destyds politieke beriggewer van Die Vaderland met openlike simpatie vir die Hertzog-groep, en tot onlangs nog redakteur van Die Afrikaner, mondstuk van die HNP, skryf: "Die Beeld het nie net 'n nuwe soort Sondagjoernalistiek na die Noorde gebring nie, maar ook 'n nuwe politiek." ⁹⁾

Dr. Albert Hertzog meen: "Schalk Pienaar en Piet Cillié het 'n hele verandering in die joernalistiek gebring. Hul hoofdoel was om sirkulasie te bou op die Amerikaanse manier: daar moet geen morele oorwegings by jou wees nie. Jy moenie dinge probeer wegsteek omdat dit sleg is vir die publiek om te hoor of omdat dit aanstootlik is nie. Hoe afstootliker, hoe beter. Dit was die gemene grondslag van Piet Cillié en veral Schalk Pienaar, die groot uitvoerders van daardie soort politiek.

"Die koerante wat nie van sulke metodes gebruik gemaak het nie, het agtergebly. So het Die Beeld 'opgekom' en Dagbreek nie. Dit het veroorsaak dat die Pers se advertensies gegroei het en Perskor en Dagbreek al hoe meer agteruitgegaan het. Dit was ongelyke kompetisie - jý wat patrioties is, ly as gevolg van 'n ander se dislojaliteit teenoor sy volk." ¹⁰⁾

Dit is hoe dr. Hertzog, in daardie stadium 'n direkteur van die Noordelike koerantmaatskappye en minister in die Verwoerd-kabinet, Die Beeld beskryf.

Pienaar meen in sy boek Getuie van Groot Tye dat die feit dat hy en sy manne geen ondervinding van 'n Sondagblad gehad het nie, waarskynlik tot hul voordeel was:

"Die feit dat ons geen ervaring gehad het nie, het dié voordeel gebring dat ons sonder vooropgesette ideë en sonder vooroordeel die wêreld kon betrag. Dit was vir die publiek duidelik, duidelik 'n nuwe klank.

"Die mense was dors vir lewende politieke nuus en ons het hulle dit gegee. Aan die ander kant het ons teenstanders dit dikwels, tot ons voordeel, as uitgangspunt geneem dat hulle anders as Die Beeld moet wees." ¹¹⁾ (Ton Vosloo, sy eggenote, Lorna, en wyle Roelf Theunissen was die enigste redaksielede met ondervinding van 'n Sondagkoerant.)

Dit gebeur in die koerantwese dat 'n redakteur se siening van 'n saak van dié van sy direksie verskil, en dat die direksie dan vir die redakteur voorskryf. Direksies wissel in samestelling en siening en die redakteur kan direk daardeur geraak word.

Ook hierin het die benadering van die Pers sterk verskil van dié van die Noordelike persgroep.

Volgens dr. Phil Weber is dit 'n Pers-tradisie dat aan sy redakteurs nie voorgeskryf word wat om te publiseer nie. Die direksie sal miskien 'n rigting probeer aandui, maar die finale besluit berus by die redakteur. ¹²⁾

Dié stelling word deur Pienaar bevestig: "Volgens ou tradisie van die Nasionale Pers is daar geen opdragte aan die redakteur van 'n koerant gegee nie." ¹³⁾

Dit is in Maart 1969 herbevestig toe die destydse voorsitter van die Pers se direksie, Recht Malan, geweier het om sy handtekening te plaas onder 'n sogenaamde "Gedragkode vir Nasionale Koerante" wat deur die Eerste Minister, mnr. John Vorster, opgestel was. Mnr. Malan het gesê die Nasionale Pers gee nie opdragte aan sy redakteurs nie. 14)

In teenstelling met mnr. Malan het mnr. Ben Schoeman as voorsitter en Marius Jooste as besturende direkteur van die Dagbreektrust die dokument namens hulle koerante aanvaar. Mnr. Schoeman skryf (in sy eie handskrif onder datum 25 Maart 1969) aan mnr. Richard: "Met die samespreking gister het ek die EM verseker dat ons redakteurs binne die aangehegte (die 'gedragkode') sal bly." 15)

So 'n voorsêery moet uiteindelik 'n invloed op 'n koerant hê. Dit is ook die indruk van mnr. Serfontein teen die einde van die jare sestig: "Ten slotte: terwyl die Afrikaanse koerante, en met name hul redakteurs en politieke joernaliste, so 'n sleutelrol in die hele stryd gespeel het, is daar min behalwe mnr. Pienaar en Cillié wat met eer en konsekwentheid uit die stryd tree." Hy sê daarby dat die vermelde redakteurs in 1970 nog steeds verkondig wat hulle in 1966 gesê het. 16)

Die volgende aanhalings uit Die Beeld, van die eerste uitgawe in 1965 af tot diep in 1970, toon die konsekwentheid waarmee Pienaar die gevare binne die Nasionale Party en in Afrikanergeleedere beveg het:

- In sy heel eerste "Politieke Beeld" (31 Oktober 1965) verwys hy na die komende algemene verkiesing vroeg die volgende jaar, en sê daar is met benoemings in verskeie kiesafdelings gepaardgaande bitsigheid, maar dit is te verwagte omdat die Regering reeds so lank in die stoel is en so 'n swak opposisie het. Mense moenie mekaar se hare trek nie.

- In Die Beeld van 2 Januarie 1966 skryf hy: "Goed, daar is 'n tyd vir alles, en volgens wisselende omstandighede kan en moet klemtone wissel. Maar dit is die hart van die Nasionale beleid om te behou deur te vernuwe ... 'n Sekere mate van lippehulde aan 'n ideaal sal altyd maar verdra moet word, maar verwatering of verloëning van ons ideaal nooit."
- Op 14 Augustus 1966: "Dit kom hiervandaan, dat hulle sō ingestel is op gevare wat van links dreig, dat hulle agteloos geword het vir gevare wat van regs kan dreig."
- Die volgende jaar op 25 Junie 1967 sê Pienaar: "Daar is niks wat die Nasionale Party seerder - en kwater - maak as die beskuldiging dat hy met die Afrikaner se belange nie meer te vertrou is nie. Daar is ook niks wat gouer spanning wek as optrede in hierdie gees deur lede van Afrikaner-organisasies nie."
- 'n Jaar later (30 Junie 1968) waarsku Die Beeld: "Maar een ding is ontoelaatbaar, en daaroor gaan die Afrika=nergewoel van die laaste tyd. Dit is dat mense wat sê dat hulle Nasionaal is, mense wat soms hoë poste beklee, selfs in die politiek, gevoelens oor sulke sake organiseer en uitbuit teen die Nasionale Party en teen die Nasionale leiers."
- Op 1 Desember 1968 skryf Pienaar: "Hierdie soort mens kry jy, georganiseerd ook, op die mees onverwagte plekke en in die mees onverwagte posisies in die Afrikaner=lewe - hoewel ek teen hierdie tyd die onverwagte al verwag. Hulle misbruik die organisasies waartoe hulle behoort, vir oogmerke wat seer seker nie die organisasies se oogmerke is nie."
- Ná die afstigting van die Herstigte Nasionale Party teen die einde van 1969 skryf Pienaar op 12 Oktober 1969: "Die tyd vir terg en speletjies maak is verby. Vir lieg en bedrieg ook. Sekerlik is die skeurders ooroptimisties. Die verskil tussen bek en doen is nogal groot. Daarvan sal hulle self kan getuig. As buitestaanders vir hulle part skaam kry oor wat in daardie geledere gebeur, die verraad tussen kamerade van gister, hoe moet hulle self daarvoor voel?"
- Met die verkiesing van April 1970 agter die rug - 'n verkiesing wat vir die Regering goed verloop het - skryf Pienaar in Die Beeld van 19 Julie 1970: "Ons het 'n herwaardering van onself gemaak, en ons is hopelik gretig dat dit moet deurbreek na oorkant die taalgrens. Maar dan moet ons aktief daartoe meewerk. Anders ervaar ons die nadele van die operasie wat ons op onself uitgevoer het en berooft ons onself van die vrugte daarvan."

"Dit sal gebeur as ons nog steeds toelaat dat onsinnig=
hede gepredik word in Afrikanerkringe wat met die party
vereenselwig word, sonder dat die party homself daarvan
losmaak."

Dit blyk hieruit dat Pienaar deur die jare, van 1965 tot 1970,
konsekwent bly en sy liedere op dieselfde note sing. Hy wyk
nie af van die peiling wat hy volg nie. Nêrens is daar 'n
ompad nie.

Dit was hierdie konsekwentheid wat baie Transvalers nie in
hul koerante geken het nie, maar waar hulle spoedig van ge=
hou het. Pienaar was 'n joernalis wat geweet het waarheen
hy sy lesers lei.

Ton Vosloo sê: "Mnr. Pienaar het as redakteur van 'n koe=
rant van die Nasionale Pers geen twyfel oor sy politiek
koers gehad nie. Hy het met oortuiging die Nasionale Party
gesteun. Waar hy met die Party verskil het, het hy dit met
hoflikheid gedoen, en so vernuwung ook ingebring. Hy het
sy lesers aan die hand gelei." 17)

Dr. Denis Worrall, oud-senator, gewese voorsitter van die
konstitusionele ontwikkelingskomitee van die Presidentsraad,
politieke rubriekskrywer (ook onder meer in Die Beeld) en
tans Suid-Afrika se ambassadeur in Australië, sê Pienaar
se grootste bate as politieke kommentator was sy konsekwent=
heid, in teenstelling met Dirk Richard, wat die een Sondag
geskryf het dat die Nieu-Seelandse rugbyspan met Maori's na
Suid-Afrika moet kom, en die volgende week dat hy 'n skemer=
partytjie nie sal bywoon nie omdat gekleurdes ook teenwoor=
dig sou wees. 18)

Dit was 'n nuwe Afrikaanse joernalistiek waarmee Afrikaanse koerantlesers in die Noorde te doen gekry het. Daar moet bygevoeg word dat Pienaar en al sy senior luitenanten hul spore in die redaksies van die dagblaaie van die Nasionale Pers, veral Die Burger in Kaapstad, verdien het. Met daardie agtergrond het hulle die Transvaalse koerantmark betree - inderwaarheid 'n "Kaapse" benadering. Mettertyd het Die Beeld 'n eie toon aangeslaan en 'n eie karakter ontwikkel wat - ook omdat hy 'n Sondagkoerant was en die ander dagblaaie - van dié van sy susterkoerante verskil het, maar wat nogtans getrou gebly het aan die Nasionale Pers en sy tradisionele verhouding tot die Nasionale Party. Ton Vosloo getuig:

"Die Beeld was 'n tipiese Nasionale Pers-koerant. Ons het nie aan onself as Transvaals gedink nie. Ons was bloot in Johannesburg gesetel. Ons het ons in geen stadium met enige provinsie vereenselwig nie, omdat ons landwyd versprei het. Ons het wel van ons susterkoerante verskil, omdat 'n Sondagkoerant maar altyd 'n bietjie 'voor' 'n dagblad is - so 'n bietjie 'stouter'. 'n Sondagkoerant in Suid-Afrika moet 'all things to all people' wees." 19)

Dr. Phil Weber meen weer: "Omdat die meeste redaksielede van Die Burger afkomstig was, het dié koerant se manier van dinge doen tog in Die Beeld deurgeslaan; maar Die Beeld het naderhand die kleur van sy omgewing aangeneem en 'n 'Transvaalse' koerant geword." 20)

Tog sou dit grootliks korrek wees om te sê dat Pienaar sy eerlike, oop manier van koerantman wees as redaksielid van Die Burger geleer het. Dit is hierdie eerlike, soekende benadering waaroor N.P. van Wyk Louw skryf: "Van myself kan ek eerlik sê: my enigste stryd, my lewe lank, was die vraag: Wat is wáár? Wat kan ek wéét? Wat kan ek glo? Waaraan kan ek vashou? Hieruit het voortgekom my swerf=togte deur filosofieë, ideologieë (politiek en andere). (Iets van elkeen moes afgegee het aan die werk wat ek van tyd tot tyd gemaak het). En weet ek selfs nou dat die insig wat ek nou gekry het, die waarheid is?" 21)

Prof. Piet Cillié sê na aanleiding van dié woorde: "Dit is aan die krag en impak van hierdie vraende, verkennende lewenshouding dat Van Wyk Louw op stuk van sake die gehalte van 'n gemeenskap of 'n beskawing wil meet. Dit is die teenoorgestelde - verstarring, selfvoldaanheid, voosheid, valse sekerheid (hy het baie woorde daarvoor) - wat vir hom gelyk staan aan verslawing en geestelike dood. In eersgenoemde gees het hy geskep, in laasgenoemde gesloop, en dit was sy gewaarwording van 'n eenderse ingesteldheid by Die Burger wat hom mettertyd nader aan die koerant laat voel het." 22)

- 1) Die Beeld 31 Oktober 1965
- 2) Dawie, politieke rubriekskrywer van Die Burger, in Die Beeld 31 Oktober 1965
- 3) Die Beeld 31 Oktober 1965
- 4) Prof. Piet Cillié in 'n persoonlike onderhoud.
- 5) Ibid.
- 6) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 7) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 8) Serfontein, J.H.P., Die Verkrampte Aanslag, p. 223
- 9) Schoeman, B.M., Van Malan tot Verwoerd, p. 110
- 10) Dr. Albert Hertzog in 'n persoonlike onderhoud.
- 11) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 47
- 12) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 13) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 97
- 14) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 105
- 15) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 16) Serfontein, J.H.P., Die Verkrampte Aanslag, p. 228
- 17) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 18) Dr. Denis Worrall in 'n persoonlike onderhoud.
- 19) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 20) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 21) Louw, N.P. van Wyk, Rondom Eie Werk, p. 86
- 22) Cillie, P.J., Van Wyk Louw se rol in die vrymaking van die Afrikaner, p. 12

HOOFSTUK 4

'N NUWE BENADERING

Die uitkyk waarmee Die Beeld en sy redakteur, Schalk Pienaar, die Noordelike koerantmark benader het, was 'n nuwigheid vir die mense daar. Pienaar het teorie en praktyk bymekaar gebring. 'n Nuwe beleid in die Afrikaanse koerantwese in Transvaal het vanself 'n nuwe soort joernalistiek beteken.

Mnr. Joel Mervis, hoofredakteur van die Sunday Times gedurende Die Beeld se bestaan, sien die nuwe benadering so: "Hoewel Schalk Pienaar in geen stadium voordat die koerant vir die eerste keer verskyn het, my om raad van watter aard ook al genader het nie, het ek tog die idee uit gesprekke met hom gekry dat hy die riglyne van die Sunday Times in gedagte gehad het in sy formule om van sy koerant 'n sukses te maak - nie 'n presiese navolging nie, maar tog.

"Pienaar het besef ons skryf baie oor die politiek. In daardie stadium was die meeste verslae in die Afrikaanse koerante oor politieke aangeleenthede in die vorm van die dekking van toesprake deur politici. Gewoonlik was albei ewe vervelig."

Mnr. Mervis sê hy het reeds as redakteur van die Sunday Express, nog voordat hy redakteur van die Times geword het, die nuuswaarde van die politiek en politici besef. Koerantmense, meen hy, besef nie hoeveel nuus daar werklik in die politiek is nie - veral as die vernis so 'n bietjie afgekrap word. Tot in daardie stadium, sê hy, was die Afrikaanse koerante in die Noorde maar lugtig om dit te doen.

"En natuurlik is dit die party aan die bewind wat die nuusmaker is. Daar moet met arendsoë na die politiek gekyk word, krities gekyk word," sê mnr. Mervis.

Pienaar het dieselfde benadering van politieke nuus ingeslaan - met sukses. "Die een rede waarom hy daarin kon slaag om ons selfs daarmee te klop, was omdat hy as Nasionaal-verbonde koerantman sterk bande met die Nasionale Party gehad het, met vriende in invloedryke posisies. Hy het dus meer wenke, nuus en 'scoops' gehad as die Times.

"Pienaar het ook besef dit is die Regering wat die nuusmaker is, nie die opposisieparty nie. Hy moet besef het dit kon hom noodwendig in die moeilikheid laat beland - daar was tog ook ministers in sy direksie. Maar hy het baie moed aan die dag gelê. Met hom was dit 'n geval van: 'Publish and be damned.'" Aldus mnr. Mervis. ¹⁾

Sy siening van die joernalistieke benadering van die politiek word deur Pienaar self erken en onderstreep waar hy skryf: "Die Verenigde Party is te vervelig om oor te skryf; die hart van die Suid-Afrikaanse politiek is die Nasionale Party," ²⁾ en weer waar hy na die Opposisie verwys: "Dit word betwyfel of hulle nog hoegenaamd iets interessants kan oplewer, laat staan nog betekenisvols." ³⁾

Dit is 'n stelling waarby Pienaar end-uit gestaan het - en nooit was hy bang om sy eerlike mening oor Nasionaliste en die Nasionale Party uit te spreek nie, soos toe hy geskryf het: "Selfs sou ek dink dat ons in Suid-Afrika oorgenoeg super de luxe-Afrikaners het. U ken hulle. Twee maal beter as ons gewone sterflinge. En drie maal heiliger. Van hulle het Langenhoven gesê dat hulle styf moet vasklou aan die aarde anders val hulle op hemel toe." ⁴⁾

Later raas Pienaar met mense in die Nasionale Party kort voordat hulle verdagmakery van sekere ander Nasionaliste in 1969 op die spits gedryf is ("Terug na Verwoerd! Terug na Strijdom!" was van die slagspreuke wat hulle in hul ondermyningsveldtog aangewend het).

"Dit is die mees diaboliese van alle propaganda wat deesdae in Afrikanergeleedere teen mnr. John Vorster gemaak word.

"Dat alle mense wat so voel en so sê, sataniese gedagtes het, sou 'n valse stelling wees. By baie mense is dit 'n opregte gevoel wat alleen maar berus op 'n gebrekkige kennis van ons politiek oor die afgelope twee dekades.

"Maar dit is onvergeeflik en/of kwaadwillig van Afrikaners wat beter weet of beter behoort te weet, om sulke propaganda te maak, of ongestraf toe te laat." 5)

Dit is maar 'n paar van talle voorbeelde van die aandag wat Pienaar aan die Nasionale Party se binnewerkinge verleen het. Later sal volledige aandag geskenk word aan die omvangryke gevolge van die "wegkrap" van sommige Nasionale se "vernis" deur die pers, met die Nasionale Pers se koerante en insonderheid Die Beeld aan die spits.

Van meet af het Pienaar getoon dat hy nie behoort tot daardie groep joernaliste wat glo dat politiek nie 'n koerant verkoop nie. Die opskrif van die hoofberig van die heel eerste Beeld was: "Nat-rusies wek kommer." 6) Sy aanslag spreek boekdele as in ag geneem word dat 100 000 eksemplare op daardie eerste Sondag verkoop is.

"Die mense was dors vir lewende politieke nuus, en ons het hulle dit gegee," het Pienaar later geskryf. 7)

Dié benadering van die politiek en die joernalistiek - die mense se "dors" moet geles word - was moontlik omdat Die Beeld se redakteur geweet het sy stalmaats ondersteun hom. As Burgerman het hy grootgeword in die tradisie dat die Pers se koerante nie in dieselfde mate onderdanig aan en afhanklik is van die Nasionale Party as hul kollegas in Transvaal nie.

"Die Nasionale Pers is nooit gesplete in sy politieke siening nie," beaam mnr. Ton Vosloo. ⁸⁾

Ná aanleiding van Die Beeld se beleid om nuus suiwer volgens verdienste te beoordeel, of predikant, politikus of kultuurleier betrokke was, sê mnr. Dirk Richard: "Vir Die Beeld was die jagseisoen nooit gesluit nie, en hulle kon skiet met 'n oop lisensie van hul pershoofde. Daar was geen beperkings, geen belemmerings nie - al geiler en geiler - en soos bewys is, het dit 'n wenresep geblyk te wees." ⁹⁾

Vir dr. Denis Worrall het "Die Beeld sy susterkoerant, Die Burger, se begrip van oop gesprek oorgeneem, iets wat nuut was in Transvaal." ¹⁰⁾

Met die koms van Die Beeld is die proses van "vrywording" van die Afrikaanse joernalistiek verhaas. Dit was die begin van die einde van lakei-gedienstigheid by Afrikaanse koerante.

- 1) Mnr. Joel Mervis in 'n persoonlike onderhoud.
- 2) Die Beeld 31 Oktober 1965.
- 3) Die Beeld 21 November 1965.
- 4) Die Beeld 30 Januarie 1966.
- 5) Die Beeld 6 April 1966.
- 6) Die Beeld 31 Oktober 1965.
- 7) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 47
- 8) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 9) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 10) Dr. Denis Worrall in 'n persoonlike onderhoud.

HOOFSTUK 5

'N PLEK IN DIE JOERNALISTIEKE SON

5.1 METEORIESE OPGANG

Tot 'n paar weke voordat die eerste koerant op straat verskyn het, het geen sekerheid nog bestaan wie Die Beeld in Johannesburg sou druk nie. Uiteindelik was dit Trinity Press. Hulle was nie juis goed toegerus nie, maar dit was 'n begin.

Vir die geboorte op 31 Oktober 1965 het die besturende direkteur van die Nasionale Pers en "vader" van Die Beeld, mnr. Hubert Coetzee, uit Kaapstad gekom. Dié viering was ook een van die heel eerste genotuleerde geldelike uitgawes van die koerant.

Die sukses van die eerste koerant is met spanning deur sy redaksie afgewag, want geen rooi tapyt was vir sy koms uitgerol nie. Pienaar beskryf dit: "Lank, baie lank voordat die eerste Beeld end Oktober 1965 op straat verskyn het, is sy inhoud beoordeel en veroordeel, is hy skuldig bevind en ter dood veroordeel. Die Beeld was vir sy vyande baie dinge: vyand van die Kerk, vyand van die Nasionale Party, afbreker van die Afrikanerkultuur. Die dag toe ek en Dirk de Villiers in Johannesburg aankom om die nuwe koerant te begin, is by die hoofkantoor van die Transvaalse NP 'n vergadering van organiseerders en ampsdraers gehou waar die hoofsekretaris, mnr. Jack Steyl, sy mense oor die naderende verkiesing ingelig het - en vertel het dat daar besluit is Die Beeld moet geboikot word." 1)

Die Eerste Minister, dr. Hendrik Verwoerd, was openlik gekant teen die koerant. In sy jaarverslag as voorsitter van die Afrikaanse Pers-groep in 1965 het hy gesê: "Heelwat publisiteit is onlangs in die pers verleen aan die voornemens van die lang gevestigde Nasionale Pers van Kaapstad om 'n Sondagnuusblad uit te gee en hulle veral op die terrein van die Noorde toe te spits. Of daar wel voldoende lesers en adverteerders is om 'n bykomende Afrikaanse koerant in hierdie veld lonend te maak sonder skade aan bestaande publikasies, sal slegs die tyd leer. Dit sou egter teleurstellend wees as hierdeur afbreuk gedoen word aan die vermoë van bestaande Nasionale media wat soveel vir ons saak beteken." 'n Deel van die verslag is in Die Beeld gepubliseer. 2)

Dr. Verwoerd se kommer was skynbaar onnodig. Naas die meer as 106 000 eksemplare van Die Beeld wat op 31 Oktober verkoop is, is rekordverkope van Dagbreek aangeteken. Pienaar het dr. Verwoerd in 'n hoofartikel geantwoord:

"Op die eerste dag van Die Beeld se publikasie is meer dan 100 000 eksemplare verkoop. Van daardie selfde dag getuig Dagbreek self dat hy rekordverkope gehad het. Met ander woorde, die 100 000 Beelde wat op daardie dag verkoop is, was uit die oogpunt van die Nasionale saak suiwer wins. Dit is 'n sterk aanduiding dat die Nasionale Pers reg geoordeel het toe hy Die Beeld gestig het in die oortuiging dat daar wel plek vir twee Afrikaanse Nasionale Sondagblaaie is." 3)

Vóór daardie stadium was daar drie Engelstalige en twee Afrikaanstalige Sondagkoerante, met Dagbreek as die enigste Nasionaalgesinde.

Dit was 'n formidabele afskop, hoewel Hubert Coetzee die wegspringsyfer selfs nog hoër gestel het: op 150 000. ⁴⁾

Nogtans vertel Dirk de Villiers, Die Beeld se eerste bestuurder, hoe geskok hulle was oor Die Beeld se eerste maandstaat. Dit het die uitgawe van 31 Oktober 1965 en die vier uitgawes van November omvat. "Die verlies was R90 000. In Johannesburg het net ek, Schalk en rekenmeester Wiese dit geweet." ⁵⁾

'n Teenstander van Die Beeld, Dagbreek se redakteur, Dirk Richard, sê: "Die koms van Die Beeld in 1965 het die Afrikaanse koerantmark soos 'n ontploffing getref." ⁶⁾

"Joernalis" ondersoek die saak in 'n Diepte-Beeld, en sê dat te min Nasionaliste die storie ken wat die sirkulasiesyfers van weekblaaie vertel. Van Januarie tot Junie 1963 het Verenigde Party-koerante 84,45% van die totale weekbladsirkulasie gehad en Nasionaalgesinde koerante 15,55%. In dieselfde ses maande in 1965 lyk die prentjie so: 86,14% Verenigde Party-koerante en 13,68% Nasionaal. Hy skryf die swak vertoning daaraan toe dat die Afrikaanse Sondagkoerant wat die hele beeld van die Afrikaanse volk wil skilder, in 'n lopende stryd met Afrikaanse instellingsverkeer. "In daardie stryd moet hy swig en Afrikaanse lesers na die Engelse pers toe jaag, of volhou en die gevolge dra."

Tot die einde van 1965 het Die Beeld gemiddeld 112 458 eksemplare per uitgawe verkoop, terwyl Dagbreek se syfer gestyg het tot 177 037. ⁷⁾

Pienaar skryf op 5 Mei 1966 in 'n brief aan Phil Weber dat sirkulasie nie is wat hy gehoop het dit sal teen daardie tyd wees nie. Hy vervolg: "maar die ongeduld is 'n sonde waarteen ek nog altyd vergeefs gestry het. Die kruis waaraan ek baie swaar dra, is om Transvaal te verower met 'n koerant wat ook in Dorpstraat toegejuig moet word."

Teen Julie 1966 lyk die persentasies al heelwat beter. Die nuweling het die Afrikaanse Sondagblaai se sirkulasie met 88% laat toeneem - 'n "bewys" dat daar plek was vir twee Afrikaanse Sondagblaie. Die aanvanklike verliese het begin afneem, hoewel dit nog lank sou wees voordat hy kon hoop om winste af te werp. 8)

'n Vakmaandblad het geoordeel dat die sirkulasiesukses van Die Beeld 'n ongeëwenaarde prestasie was, gesien teen die agtergrond van sy prille jeug en ondanks bewerings dat die Sondagmark oorvol was. 9)

In dieselfde maand sê die Financial Mail in 'n berig dat hulle die hoed lig vir Die Beeld en Nasionale Koerante Beperk vir hul ondernemingsgees. Die FM skryf dat dit goed gaan met Afrikaanse Sondagkoerante sedert Die Beeld se verskyning. Sy sukses word toegeskryf aan sy besondere leesbaarheid, en sy netheid en algemene voorkoms. Die aanbieding van die koerant se politiek word vermeld en as 'n voorbeeld vir ander koerante voorgelê. 10)

Aan die einde van Julie 1967 sê die voorsitter van die Nasionale Pers dat die Pers baie tevrede is met Die Beeld se styging in sirkulasie. Hy wou nog geen voorspelling oor winsvooruitsigte maak nie, maar die koerant se druk- en verspreidingskoste was hoër as dié van enige ander publikasie van die Nasionale Pers. 11)

Teen Oktober 1967 het die steeds groeiende sirkulasie veroorsaak dat Trinity Press in Johannesburg nie meer al die werk kon behartig nie. 'n Ooreenkoms is tussen die Pers en Die Transvaler aangegaan dat dié koerant sou help, 'n transaksie wat die Pers tot die einde hoog op prys gestel het. Spesiale melding is daarvan gemaak by die amalgamasie van Die Beeld en Dagbreek in 1970. 12)

Met die tweede verjaardag van Die Beeld in Oktober 1967 skryf Joel Mervis, redakteur van die Sunday Times: "It would not be easy to challenge the assertion that Die Beeld is easily the most spectacular enterprise in the history of South African newspapers. I can certainly think of nothing to equal its astonishing growth.

"Thus far Die Beeld can claim a tremendous success for its circulation. It is widely read and obviously made an immediate favourable impression on South African readers." 13)

Die sirkulasie het aanhou groei. In die tweede helfte van 1967 was dit gemiddeld 196 029, Dagbreek 211 623. Die Beeld het toe reeds Sondagstem en Landstem verbygesteek. In November 1967 het Sondagstem, Afrikaanse Sondagblad van die Argus-groep, verdwyn. Die Landstem is deur Dagbreek gekoop om sy eie sirkulasie op te stoot. Die Sondagpers het 'n nuwe gedaante gekry onder die impak van Die Beeld. Dawie van Die Burger sê: "Dit was suiwer die werk van Die Beeld, wat 'n deurbraak vir die Afrikaanse Nasionale pers bewerk het waarvan die gevolge byna onoorsienbaar is." 14)

Die nuwe bedeling het beteken dat op 'n Sondag twee Nasionale koerante teen drie nie-Nasionale koerante verskyn het. Vóór die koms van Die Beeld was dit een teen ses. "Die wêreld is nou behoorlik oop vir die Afrikaanse Sondagkoerante - te danke aan Die Beeld." 15)

Daarby moet vermeld word dat kort ná die stigting van Die Beeld 'n nie-Nasionale Sondagkoerant, The Chronicle, gesnuwel het.

In sy rubriek Politieke Beeld skryf Schalk Pienaar dat die beskuldiging gemaak was dat, as die Nasionale koerante met mekaar rusie maak, dit tot nadeel van die Afrikaanse perswese en die Afrikanersaak sou wees. Maar, sê hy, die koerante wat gesnuwel het, was nie-Nasionaal. "In 'n persoorlog soos hierdie land nog nie beleef het nie, en soos hy nie maklik weer sal sien nie, het drie koerante geval en het die twee Nasionale Afrikaanse produkte hul pad oopgeveg." ¹⁶⁾ Die sukses van Die Beeld, maar ook van Dagbreek, was vir die Afrikanersaak dus suiwer wins.

Die stryd tussen die twee koerante was egter eens so fel. Die feit dat Dagbreek en Landstem nou as een publikasie beskou is (hoewel hulle nog as half aparte koerante uitgegee is), het die sirkulasie goed laat klim tot 323 082. Die Beeld kon in sy alleenstryd 289 297 bereik.

Op 26 Mei 1968 is aangekondig dat hy nou vyf rolperse gebruik: 'n nuwe, van Amalgamated Press van Benoni, het hom aangesluit by die bestaandes - dié van die Pers self in Kaapstad en Bloemfontein, Trinity en Die Transvaler in Johannesburg.

Dagbreek en Landstem het hul hoogste afset gehad in die tweede helfte van 1968, naamlik 377 206 teenoor Die Beeld se 309 085. Volgens die laaste gepubliseerde syfers in 1970 het Dagbreek en Landstem gesak tot 368 637 en Die Beeld gestyg tot 355 820.

Die eerste wins by Die Beeld was in Augustus 1969. ¹⁷⁾
By Dagbreek het die boerdery tekens van agteruitgang getoon.
Nadat die koerant nog in 1964 'n wins gemaak het, is hy kort
voor die samesmelting met Die Beeld teen 'n verlies uitgegee. ¹⁸⁾

5.2 DIE SIRKULASIEFAKTOR

'n Goeie koerant faal sonder lesers. By Die Beeld was die sirkulasie-motief maar altyd aanwesig: verslap een week, en die syfers toon dit. Sirkulasie het die redaksie in hart en murg gegryp.

"Sirkuleer of sterf het nie by woorde gebly nie. Sondagoggend vroeg is van ons senior manne met kinders en al dorp in. Dan tel ons by elke kafeetjie hoe dit vanmôre met die verkope gegaan het - ons, Dagbreek en die Sunday Times.

"Ons maak dikwels 'n tweede ronde - ná kerk. Dan is daar normaal die dag se laaste kope.

"'n Heeltemal ondernemende man sal dalk nog net voor die kafees sluit, gaan kyk of iemand nie van 'n ver uitstappie terug is en nog een gekoop het nie.

"So vreet sirkulasie in jou in en weet die koerant baie gou waarvoor om uit te kyk en waarvoor om te swyg." ¹⁹⁾

Juis sy sirkulasie is deur vyande van Die Beeld gebruik om die koerant te probeer kwes wanneer sekere beriggewing afkeer gewek het.

So beskuldig dr. Albert Hertzog Pienaar en Piet Cillié (laasgenoemde toe redakteur van Die Burger): "Hulle hoofdoel was om sirkulasie volgens die Amerikaanse manier te bou. Alles wat sensasioneel is, moet gebruik word." 20)

Ook oud-staatspresident en -premier John Vorster het gemeen dat in die sirkulasiestryd Die Beeld geweldig permissief was. 21) Dit het hom in Mei 1968 laat besluit om 'n brief aan Die Beeld en Dagbreek te rig waarin hy onder meer gewys het op gevaarlike tendensies van oordrewe publisiteit aan dit wat lelik, immoreel, afwykend of afbrekend is.

Oud-minister Ben Schoeman skryf: "Gerugsteun deur die ander Nasionale Pers-koerante, Die Burger en Die Volksblad, het hulle (Die Beeld) met uitruikery van en ketterjag op sekere Nasionale Volksraadslede, kultuurleiers en Afrikanerinstellings in Transvaal begin, alles met die doel om die sirkulasie van die koerant op te stoot." 22)

Wat sensasie betref, sê oud-premier Vorster, het Die Beeld en Dagbreek mekaar oortref. Die stryd het oral uitgeskring. 23)

Die betrokke Nasionale Pers-manne het die aantyging van sirkulasie deur sensasie sterk ontken. Pienaar het na aanleiding van premier Vorster se brief 'n memorandum aan sy direksie gerig waarin hy onder meer sê: "As Die Beeld gestroop sou kon word van al sy oordeelsfoute, sal daar nog uit die Eerste Minister se oogpunt 'n paar fundamentele besware teen hom bly staan. Die eerste, en minder belangrike is dat hy as massamedium noodwendig ten dele luid moet wees. Daardie deel van Die Beeld het my as mens nog nooit werklik geïnteresseer nie." 24)

Mnr. Joel Mervis, oud-redakteur van die Sunday Times, voeg by dat dit nie net 'n Afrikaanse Sondagblad is wat iets van alles moet hê nie, maar ook 'n Engelse - ernstige sowel as populêre nuus. Suid-Afrika het nie soos Engeland 45 miljoen lesers nie. Dáár kan 'n kwaliteitskoerant soos die Londense Sunday Times, The Observer of die Sunday Telegraph dieselfde sukses hê as skinderblaaie soos The Mirror, The News of the World of The People. "Die Beeld was nie meer of minder sensasiebewus as Dagbreek of die Sunday Times nie." 25)

Vroeër, in die middeljare sestig, het 'n suiwer "ernstige" koerant, The Chronicle, 'n kort bestaan gehad voordat dit gevou het.

Ton Vosloo meen dat 'n suksesvolle Sondagkoerant altyd 'n bietjie "voor" en "stouter" as 'n dagblad moet wees. "In Suid-Afrika moet 'n Sondagblad 'n mengsel wees. Dit moet 'all things to all people' wees." Hy sê dat geen berig in Die Beeld ooit bloot op sirkulasie gemik was nie. "Ons doel was nooit om sensasie te skryf of politieke sensasie te maak nie. Ons het waarskynlik meer waagmoed aan die dag gelê juis omdat ons 'n Sondagkoerant was."

Wel interessant, sê Vosloo, was die feit dat ná elke groot storie wat die koerant gedra het, die sirkulasie 'n blywende hupstootjie gekry het. 26)

Dr. Phil Weber meen ook die sirkulasiestorie word oordryf. "Schalk het nooit ter wille van sirkulasie skoktaktiek toegepas nie." 27) Dieselfde mening huldig dr. Denis Worrall: "Pienaar het sy dinge nooit skokkend geskryf nie; daar was 'n soort 'understatement' by, dikwels gepaard met humor." 28)

Die impak van die berigging was nietemin s6 dat die dagblaaië, Afrikaans en Engels, op 'n Maandag en selfs ander dae van die week, ook nog berigte uit Die Beeld herhaal of opgevolg het. Die koerant het daardeur welkome gratis reklame gekry. Mense wat nog nooit van Die Beeld gehoor het nie, het deur middel van 'n dagblad met hom kennis gemaak.

Die verklaring het waarskynlik in die kwaliteit van sy berigging gelê: wat in Die Beeld verskyn het, het soveel impak gehad dat redakteurs van ander koerante dit wenslik geag het om dit te herhaal of op te volg. Al die dagblaaië sowel as Sondagblaaië het hieraan deelgeneem.

Na aanleiding van Die Beeld se sukses met sirkulasie skryf Pienaar: "Is dit dan 'n skande? As ek nie glo dat Beeld-sukses ook Afrikanersukses beteken nie, dan het ek nou nog in Kaapstad gesit." 29)

Die Beeld het 'n impak van nog 'n ander aard gehad. Die genadelose wedywer tussen hom en Dagbreek het al feller geword. Dagbreek het al hoe meer bekommerd geraak namate die verkoopsyfers van die konkurrente nader aan mekaar geskuif het. Hy wou die grootste Afrikaanse Sondagkoerant bly. Die Beeld het dié prys nagejaag, want was dit dan nie sy vooraf bepaalde opdrag nie? Hy moes die grootste Afrikaanse Sondagblad word. 30)

5.3 DIE LAKEI-PERS VERDWYN

Die beleid van Die Beeld om Afrikanersake openhartiger te behandel as wat voorheen gedoen was, en alles en almal sonder aansien des persoons nader te trek om aan die toets van nuuswaardigheid gemeet te word, het merkbaar deurgewerk in die Afrikaanse perswese.

"Soos die wedloop al nader aan die onvermydelike klimaks gekom het, het die twee Sondagkoerante al minder ontsag getoon vir die tradisioneel onaantasbare terreine van die Afrikaanse huishouding," sê Dirk Richard.

"Ná 1970 het die Afrikaanse koerant sy lakei-gedienstigheid vir goed afgeskud. Hy het 'n stem van sy eie en groter selfstandigheid in gebondenheid." ³¹⁾

Dr. Willem de Klerk meen dat Pienaar inderdaad leier van die onverskrokke en geëmansipeerde Afrikaanse joernalistiek was. "Nie dat Dagbreek van destyds nie ook 'n bydrae gelewer het in dié verband nie (Wollie van Heerden en Dirk Richard), maar Pienaar was die prins onder hulle." ³²⁾

Aan die kant van die Engelse pers is Joel Mervis se mening dat Pienaar 'n nuwe dimensie in die Afrikaanse joernalistiek ingelui het - hy is die "pionier" van die Afrikaanse joernalistiek en is deur ander redakteurs nagevolg in sy eiesoortige joernalistiek. ³³⁾ In 'n huldeblyk ná Pienaar se dood skryf Mervis: "He was the pioneer in Afrikaans journalism. His legacy to Afrikaans journalism was that other government-supporting newspapers became less afraid to stir the government when they thought it necessary."

Dr. Denis Worrall: "Die rol en invloed van Die Beeld het 'n hele tradisie van openheid van debat in die koerantwese ingebring." ³⁴⁾

Prof. André P. Brink: "Pienaar was eintlik ons eerste beoefenaar van die dieptejoernalistiek. Hy het sonder die minste twyfel 'n nuwe era ingelui." ³⁵⁾ (Prof. Brink het 'n hoogs omstrede rubriek in Die Beeld behartig.)

Dr. Willem de Klerk: "Ek dink Die Beeld het baie beslis 'n bydrae gelewer tot oop, denkende joernalistiek, tot onverskrokke joernalistiek en onafhanklike joernalistiek. Hy het ook bygedra tot die emansipasie van die Afrikaanse koerant wat die politiek betref." 36)

Uit eie geledere is daar hoë waardering vir Pienaar en Die Beeld:

Mnr. Dirkie de Villiers, oud-bestuurder van Die Beeld: "Schalk Pienaar het die pers van Suid-Afrika gehelp om sy hoë ideaal van vryheid van die pers te bevorder. Hy het die Afrikaanse joernalistiek tot volwassenheid gelei." 37)

Prof. Piet Cillié verwys in 'n voorlesing na mnr. Pienaar as "destyds my mede-assistent-redakteur by Die Burger en later voorste vernuwer en bevryder van die Afrikaanse joernalistiek in Transvaal." 38)

Vanuit die geledere van opponerende persgroepe, vooraanstaande persfigure, volksleiers en kultuurleiers word die joernalistiek van Die Beeld as verreikend beskou, 'n mylpaal in die Afrikaanse joernalistiek, veral in Transvaal.

Die groter volwassenheid en verruiming van perspektief van die hedendaagse Afrikaanse koerant het in die tydperk 1965 tot 1970 sy beslag gekry. Die Afrikaanse pers het die status van vierde stand waardig geword. Die ou taboes van die Afrikaanse "establishment" sou voortaan aan die toetse van nuuswaardigheid gemeet word. Die Afrikaner is grootgemaak om kritiek te verdra en te takseer. 39)

Dat die koerant soveel joernalistieke impak sou hê, was 'n bonus, want, sê Die Beeld se redaksie, hulle het maar bloot net hul werk gedoen. "Ons is maar net Transvaal toe om 'n ordentlike koerant uit te gee," sê Vosloo. 40)

En Pienaar self: "Daar sal ook maar aanvaar moet word dat die koerant naas sy funksie om openbaar te maak 'n ander belangrike funksie het: om vandag nie te gebruik om gister te aanvaar nie, maar om ander gereed te help maak om mōre tegemoet te gaan." 41)

Van watter kan die rol en invloed van Die Beeld in die Afrikaanse joernalistiek ook al beskou word, dit staan vas: sy impak-beriggewing, sy "oop" ofte wel "onver-skrokke" benadering, het verreikende gevolge gehad.

- 1) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 51 en bevestig deur mnr. Ton Vosloo wat die vermelde vergadering bygewoon het as politieke korrespondent van Dagbreek.
- 2) Die Beeld 14 November 1965.
- 3) Die Beeld 14 November 1965.
- 4) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 5) Mnr. Dirkie de Villiers tydens mnr. Schalk Pienaar se afskeid in November 1970.
- 6) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 7) Die Beeld 21 November 1965.
- 8) Die Beeld 31 Julie 1966.
- 9) Press, Advertising and Radio Review, Desember 1966.
- 10) Financial Mail, Desember 1966.
- 11) Die Beeld 30 Julie 1967
- 12) Mnr. Dirkie de Villiers in November tydens afskeid van mnr. Schalk Pienaar.
- 13) Press, Advertising and Radio Review, Oktober 1967.
- 14) Die Beeld 26 November 1967.
- 15) Ibid.
- 16) Ibid.
- 17) Mnr. Dirkie de Villiers by afskeid van mnr. Schalk Pienaar in November 1970.
- 18) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 19) Schalk, Pienaar, Getuie van Groot Tye, p. 77
- 20) Dr. Albert Hertzog in 'n persoonlike onderhoud.
- 21) Adv. John Vorster in 'n persoonlike onderhoud.
- 22) Schoeman, Ben, My Jare in die Politiek, p. 333
- 23) Adv. John Vorster in 'n persoonlike onderhoud.
- 24) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 97
- 25) Mnr. Joel Mervis in 'n persoonlike onderhoud.
- 26) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 27) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 28) Dr. Denis Worrall in 'n persoonlike onderhoud.
- 29) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 99
- 30) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 31) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 32) Dr. Willem de Klerk in 'n persoonlike onderhoud.
- 33) Mnr. Joel Mervis in 'n persoonlike onderhoud.
- 34) Dr. Denis Worrall in 'n persoonlike onderhoud.
- 35) Prof. André P. Brink in 'n persoonlike onderhoud.
- 36) Dr. Willem de Klerk in 'n persoonlike onderhoud.
- 37) Mnr. Dirkie de Villiers tydens mnr. Schalk Pienaar se afskeid in November 1970.
- 38) Cillié, P.J., Van Wyk Louw se vrymaking van die Afrikaner, p. 9
- 39) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 40) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 41) Pienaar, Schalk, Op cit.p. 131

HOOFSTUK 6

GROOT STORIES ... EN KONFISKASIE

6.1 DIE EERSTE MAANDE

Die trefkrag van Die Beeld was die duidelikste waarneembaar in die politieke sfeer. Daar het ook sy belangrikste nalatenskap aan die Afrikaanse joernalistiek gelê.

Sy vernuftige hantering en eksploitasie van die mislukte paleisrevolusie met dr. Albert Hertzog aan die spits in die eerste bewindsjare van mnr. John Vorster, het die weg gebaan vir groter eerlikheid in die evaluasie van nuus met 'n politieke kleur.

Die koerant se politieke nuus was hoofsaaklik vir sy sirkulasiestyging verantwoordelik. Soos mnr. Dirk Richard dit uitdruk: "Schalk Pienaar en sy span het daarin geslaag om die oorlog teen die verkramptes soos 'n boeiende vervolgsverhaal te laat lees, waarvan elke hoofstuk met toenemende leesgierigheid ingewag is. Wie en wat volgende Sondag aan die gorrel gegryp gaan word, het 'n lonende nuuskierigheid vir Die Beeld gaande gemaak." 1)

'n Wyle moet tog by die algemene nuus van die koerant stilgestaan word. 'n Sondagkoerant in Suid-Afrika moet iets van alles bied, en met hoeveel impak dit gedoen word, is eweneens belangrik vir sy sirkulasie. Mnr. Ton Vosloo onthou: "Elke keer dat ons 'n groot storie gedra het, het die sirkulasie gestyg. Blykbaar moet die res van die koerant dan ook by die nuwe lesers byval gevind het, want nã geen styging het ons weer 'n daling getoon nie." 2)

Die tyd waarin Die Beeld gebore is, is nuusgewys deur die kwessie van Rhodesië oorheers. Naas tientalle ander berigte, hoofartikels en rubrieke het sewe hoofstories oor Rhodesië verskyn vandat vir die eerste keer op 14 November 1965, toe die koerant twee weke oud was, berig is van Rhodesië se eensydige onafhanklikheidsverklaring, tot aan die einde van Januarie 1966.

Sonder om veel agtergrond oor die aanloop tot die eensydige onafhanklikheidsverklaring te skets, lui die hoofstorie dat die haat onder swart leiers in Afrika jeens mnr. Ian Smith, Rhodesiese eerste minister, aan die opbou is. Die daaropvolgende week verwys Pienaar in Politieke Beeld na daardie dae (1954) toe Suid-Afrika en Afrikaans in Rhodesië gehaat is. "Hoekom ou koeie uit die sloot grawe?," vra hy. "Om met krag en geweld te beklemtoon hoe anders die wêreld geword het sedert die blankes in Suider-Afrika besef hulle is nie van Europa nie, maar van Afrika," en "omdat internasionale sake nie met emosies bedink word nie. Die vyand van vandag is so maklik die vriend van môre."

Op 5 Desember is in 'n hoofstorie bespiegel oor hoe lank Brittanje dit kan uithou; die hart van Afrika dreig om woes te ontvlam. In dieselfde uitgawe word na aanleiding van die kwessie van Rhodesië gesê: "In terme van sy party-beleid wil die Nasionalis die blanke man handhaaf op die grondslag van afsonderlike vryheid vir wit en swart. Hy gun die swartman dieselfde vryheid as wat hy vir homself opeis, namate die swartman dit kan aanvaar, maar dan in afsonderlike gebiede."

Daar was ook berigte oor hoe gepoog is om olieboikotte teen Rhodesië in te stel en oor hoe dit geboemerang het (19 Desember 1965), en op 26 Desember hoe die Britse eerste minister, mnr. Harold Wilson, wurg aan die sanksies teen Rhodesië. Op 2 Januarie 1966 word berig oor die "klap van dr. Verwoerd na mnr. Wilson." Verwoerd het gesê hy is ewe neutraal teenoor Brittanje as teenoor Rhodesië. Op 13 Februarie kon berig word dat brandstof na Rhodesië "vloei".

'n Aantal jare sou die status quo in Rhodesië gehandhaaf word. Binnelandse onrus en terroriste-aanvalle sou ook eers 'n paar jaar later die eerste keer van belang word.

'n Enkele gebeurtenis wat die publiek in dié tyd geskok het, was die Clack-gesinsmoord in Johannesburg. Mev. Clack, 'n verpleegster, het drie van haar kinders met messe doodgesteek en nog twee inspuittings gegee voordat sy selfmoord gepleeg het. ³⁾ Op twee agtereenvolgende Sondae is volledig met dramatiese foto's daaroor verslag gedoen. Dit het Die Beeld se sirkulasie 'n aansienlike stoot gegee.

Van Februarie tot April 1966 het die algemene verkiesing (aan die einde van Maart) die nuustoneel oorheers.

Die besoek van 'n invloedryke kritikus van Suid-Afrika, senator Robert Kennedy van die VSA, het in Mei/Junie 1966 banieropskrifte gekry, tesame met die Suidwes-Afrika-saak voor die Wêreldhof in Den Haag.

6.2 NUUSGEBEURTENIS VAN 1966

Dié nuusgebeurtenis van 1966 was die moord op die Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, op 6 September 1966 in die Volksraad deur Demetrios Tsafendas. 'n Volk was geskok, 'n nasie het gerou, 'n nuwe leier het na vore getree: John Vorster.

Op 11 September, enige ure nadat dr. Verwoerd in die Heldeakker in Pretoria ter ruste gelê was, kon die land begrafnisfoto's in Die Beeld te sien kry. Uitstekende nuusdekking is aan die gebeurtenis gegee, maar dit was die foto's wat die sterkste tot die lesers gespreek het.

Daaraan is 'n hele storie verbonde wat wys dat goeie dekking nie sommer uit die lug gegryp word nie, maar harde werk vereis.

"Niemand het gedroom dat so 'n begrafnis nog in dieselfde week gereël sou kon word nie. Die moord was op 'n Dinsdagmiddag in Kaapstad, die begrafnis op die Saterdagmiddag in Pretoria. Toe laasgenoemde feit bekend word, wat vanselfsprekend verkope op Sondag veel hoër sou opstoot, was ons oplaag reeds onherroeplik bepaal.

"Vir 'n normale gebeurtenis, sê nou maar 'n groot rugbywedstryd in Pretoria, is dit onbegonne om byvoorbeeld meer as een foto vroeg in Bloemfontein te kry. Alle koerante is aangewys (of was toe altans nog) op 'n enkele poskantoorlyn wat soos harmansdrup die werk verrig, en dan was hy nog 'n bietjie twyfelagtig in gehalte.

"Hoe nou met die begrafnis van 'n vermoorde Eerste Minister, waarvan jy handevol foto's wil hê, en boonop van die eerste water?

"'n Motor was ons antwoord, want dit was die enigste. 'n Korte 420 kilometer uit die binneste binnehart van Johannesburg tot binne-in Bloemfontein.

"Nou goed, 'n motor dan.

"Maar eers moet die foto's aankom van die Heldeakker in Pretoria by die hoofkantoor in Johannesburg vir ontwikkeling, want duplikate moet vanaand 'n vliegtuig van Jan Smuts Kaap toe haal. En ons weet almal hoe lank 'n staatsbegrafenis kan duur.

"Daardie middag by die begrafenis het ons in aksie gehad: vyf verslaggewers, agt fotografe en drie motorfietse. Wat gereed was verder, was 'n helikopter en 'n vliegtuig en 'n renmotor.

"Die oggend met opstaantyd het elkeen wat iets met die begrafenis te doen gehad het, 'n afgerolde uiteensetting gehad van wie en wat waar en wanneer moet wees om Bloemfontein en Kaapstad betyds te haal vir die uitgawes wat daar gedruk word.

"Alles moes gesinchroniseer word met die vertrek van die vliegtuig van Jan Smuts na D.F. Malan.

"Die beginpunt was Rykie van Reenen wat, in haar begrafenisrok en met haar begrafnishoedjie op die kop vasgedruk, van die Uniegebou agter op fotograaf Postma van Jaarsveld se motorfiets die Heldeakker moes haal. Grootpaaie en motors was daardie dag in Pretoria nutteloos. Dis agterpad, ompad, langpad.

"Spoed was als.

"Met die Uniegebou se voorraad foto's by die Heldeakker aangevul, moes die spulletjie by die hoofhek van die begraafplaas deur die fotografe aan Hennie Pretorius - wat buite moes wag - oorhandig word, sodat hy dit kon besorg by 'n helikopter wat by die Fonteinesirkel gereed gestaan het.

"Alles goed en wel, maar toe Hennie sy pad deur die duisende na die hoofhek oopgeveg kry, was die Veiligheidspolisie daar. Hulle het hom net daar geskraap en weggedra. Niemand het in hom en sy probleme belang gestel nie. Hy probeer sy geluk by 'n uniformoffisier van die polisie en raak gehelp tot weer by die hek, waar die Veiligheidspolisie hom weer skep. Toe maar op eie geluk verder. Natgesweet haal hy die fotografe, en met die omdraai gewaar hy 'n polisie-offisier in 'n motor en vra hulp na die wagende motorfiets.

"Alles goed totdat die offisier hom herken en wil vastrap. Maar toe was Hennie al met 'n hartlike dankie by die agterdeur uit. Vir die man op die motorfiets het hy net gesê: 'Vandag is jy 'n Hell's Angel - weg is jy Fonteine toe'.

"Is dit algemeen bekend dat daar Hell's Angels is wat glo dat, as jy net vinnig genoeg ry, jy veilig deur 'n rooilig kan jaag? Hoe ook al, met oë toegeknyp, kom Hennie aan by die helikopter, waarvan die skroef al draai. Die helikopter is weg Johannesburg toe en land op 'n parkeergarage. En dis net daar waar die hele spulletjie byna verongeluk - in al die fyn beplanning het niemand daaraan gedink om die swart nagwag van die gebou oor die gebeure van die middag in te lig nie.

"Die man het 'n kiere, en boonop is daar nie tyd om te verduidelik nie. In daardie soort gebou is daar halwe bakstene wat aan die buitekant by die hoeke uitsteek. Man=fred Benz, wat onder staan en wag, moet soos 'n bobbejaan teen die verdiepings uit om die films te ontvang.

"Wel, hoofkantoor is gehaal. Dis spanning so ver as die oog kan kyk, en ek kyk dus maar op my skoene vas, soos 'n veldmaarskalk wat die omvang van sy oorwinning aftree.

"Dis 'n misdaad teenoor redakteurs dat hulle die enigstes is wat op daardie breekpunte in 'n operasie niks te doen het nie behalwe om rond te staan en saggies te bid.

"Die nuusredakteur is nou in volle beheer, met elke draad in sy vingers. Vloek die man wat naby hom kom. As daar naby te kom is, is dit hy wat nader roep. Bossie (die nuusredakteur) se jongste boetie, Pieter, is ingesleep vir die rit Bloemfontein toe. Die angssweet breek by my uit elke keer wanneer ek opkyk. Die foto's nog nie daar nie, en Pieter doodluiters aan die rondstaan soos een wat vir sy meisie wag bioskoop toe. Ek wis toe nog nie dat Pieter pas vir hom 'n rooi Ford Mustang van Amerika ingevoer het en dat hy twee sakke sand in die bak had om vir swaai te keer nie. Net voor die foto's gereed was, het hy vir oulaas nog 'n 'toetsdraai' om die blok gegooi en toe weg=gery.

"Volgens sy bewering, getoets deur berekenings agterna, het hy op 'n gemiddelde snelheid van 140 kilometer per uur gemik. Net buite Brandfort, in die pylvak na sy bestem=ming, het die verkeerspolisie hom gesien - nie hy vir hulle nie. In Bloemfontein by 'n verstomde Volksblad aangekom, was daar al gewaarskude verkeersmanne van Bloemfontein op die toneel wat wil weet wat gaan hier aan, waarheen is jou reis?

"Pieter het 'n minuut grasie gesoebat om sy goed af te gee, die minuut gekry, en toe sy storie vertel. Brandfort se manne het toe juis net daar aangekom.

"Hulle het sy storie uitgeluister, sy snelheid vergeet en hulle aan die Mustang se enjin staan en verkyk.

"Dit is die verhaal van daardie dag se sukses. Behalwe net dit nog. Met volslae oorwinning in sig, moes Johannesburg se vliegtuig digteby Kaapstad omdraai. Mis op die lughawe. Daar was trane van mismoed. Maar pas omgedraai, of die tyding kom van D.F. Malan deur: Kom maar, kêrels, die mis klaar op.

"Hennie Pretorius sê vandag: 'Ek kan net nie onthou hoe ons senuwees dit gehou het nie'.

"Ek ook nie, maar dit darem: Ek het (ekskuus, dominee) dit nodig en waarlik salwend gevind om agterna 'n kleinigheidjie vir die helde van die dag te skink en myself ook nie te vergeet nie.

"Slotsin vir diegene wat trane het om te huil: ons was daardie oggend om agtuur uitverkoop. Tienduisende verkope verloor.

"Jammer, dit was hopeloos te min, Hubert, maar ons normale oplaag was met net 90 000 opgeskuif!"⁴⁾

Die Beeld en sy redaksielede het die rekordsirkulasiesyfer wel deeglik verdien.

6.3 DIE KONFISKASIE VAN DIE BEELD

'n Nuusblad in Suid-Afrika was nog nooit in hierdie eeu gekonfiskeer nie - tot 15 Januarie 1967.

Die Beeld van 8 Januarie het op bladsy vier berig oor vyf bekende mans van Bloemfontein wat in daardie week verhoor sou word weens beweerde uitlokking van ander mans tot onsedelikheid. Verlof om hulle name te publiseer, is deur 'n landdros geweier. 5)

Die daaropvolgende Sondag is die verbod op publikasie deur Die Beeld geïgnoreer. Die name is gepubliseer nadat regsadvies ingewin was. 6)

Pienaar verdedig die publikasie van die name as volg:

"Manne van aansien was by die saak betrokke, bekendes in die samelewing, en hulle was openhartig oor waarom hulle die verbod op publikasie aangevra het: hulle wou dat die aanklagte teen hulle geheim bly terwyl hulle vertoë tot die Minister van Justisie, in daardie dae mnr. Peet Pelser, stuur om die saak teen hulle te laat terugtrek. As hulle by die Minister hul sin kry, is daar geen verhoor nie en is alles verby - en permanent geheim.

"Ons het gereken dis nie 'n goeie manier van doen om sake teen bekendes geheim te hou om hulle teruggetrek te kry, terwyl sake teen gewone mense maar op die gewone manier in die ope hof verhoor word nie. (Mnr. Pelser het ons agterna laat weet dat ons siening presies ook syne was.) Toe publiseer ons, en wel op bladsy een." 7)

Die gevolge van hierdie "onthulling" op bladsy een was verreikend - op die keper beskou, vir Die Beeld eerder goed as sleg, en beslis wonderlik vir sy sirkulasie.

Laat die Saterdag (14 Januarie 1967) het die eerste uitgawes op straat verskyn - name en al. Inderhaas het die betrokke mense en hul prokureurs 'n dringende bevel teen publikasie gevra. Die hof het dit in die vroeë ure van Sondag, 15 Januarie, toegestaan sonder dat Die Beeld in die hof verteenwoordig was.

Die SAP het blitsvinnig opgetree. Eers is die berig met skêre uitgesny, later is die hele voorblad sommer afgeskeur. Selfs vragmotors van die Nasionale Pers is voorgekeer en in polisie-agterplase afgekeer. (Talle prettige staaltjies het in dié nag hul oorsprong gehad.)

Die leserspubliek was gaande. Wat was daar in die koerant wat sulke drastiese stappe van die polisie ontlok het? Was dit dalk in verband met landsveiligheid? ⁸⁾

Tong in die kies word op 22 Januarie 1967 op die voorblad berig dat Die Beeld gewys het die polisie is gereed, want nie sedert 1960 het hulle so georganiseerd toegeslaan soos met die konfiskasie van die koerant die vorige week nie. "Hierdie oefening het getoon dat die ou vrees dat Suid-Afrika se grootte kommunikasie en optrede belemmer, ongegrond is." ⁹⁾

Die Beeld se regsadviseurs het nietemin die implikasies van die interdik begin ondersoek.

Die saak is buite die hof geskik. Die voorwaardes sou nie gepubliseer word nie, ook nie die name van die beskuldigdes nie, en minister Pelser het gelas dat die gereg in die Bloemfonteinse hofsale sy gang moet gaan. ¹⁰⁾ (Die ander koerante was oor die algemeen welwillend, behalwe die mededingende Dagbreek, wat gesê het: Pringle en Fairbairn is vervolgd omdat hulle geveg het vir die vryheid van die pers. Anderhalwe eeu later is Die Beeld gekonfiskeer omdat hy geveg het vir die vryheid van ons kinders om Sondagoggende homoseksualiteit op hul tafel te kry.) ¹¹⁾

Die hele petalje het geweldige gratis publisiteit vir Die Beeld tot gevolg gehad, wat weer die sirkulasie opgestoot het. ¹²⁾ Pienaar skryf dat die konfiskasie "'n massa publisiteit vir die koerant was waarvan 'n mens soms maar net droom." ¹³⁾

6.4 DIE EERSTE HARTOORPLANTING

Wat die res van 1967 betref, was die Franse Hane se rugby=toer deur Suid-Afrika groot nuus; so ook die Rooi spioen Joerie Loginof.

Toe doen prof. Christiaan Barnard die wêreld se eerste hart=oorplanting in die Groote Schuur-Hospitaal. Nuusmanne van oral was in Kaapstad. Die Beeld het sy lesers nie afgeskeep nie en in 'n hoofartikel voorgestel dat prof. Barnard die Nobelprys vir geneeskunde behoort te kry. ¹⁴⁾

6.5 DIE JAAR 1968 BREEK AAN

Die woelinge binne die Nasionale Party en die toenemende ondermyning van die Eerste Minister en sy Regering het in 1968 die nuusdekking oorheers.

Maar die geval Sand du Plessis is noemenswaardig. Dit illustreer die nuus-impak van Die Beeld.

Die Volksblad, Vrystaatse lid van die Nasionale Persgroep en uit die aard van sy ligging streekgebonde, het aan Die Beeld genoem dat daar woelinge is rondom die Vrystaatse administrateur, mnr. Sand du Plessis, en dat sommige mense ongelukkig voel oor sy administrasiemetodes. ¹⁵⁾

Daaroor verskyn 'n hoofstorie in Die Beeld ¹⁶⁾ wat tot gevolg het dat mnr. Du Plessis 'n lasteraksie van R50 000 teen Die Beeld instel. Mnr. Du Plessis het gevoel dat: Die Beeld hom onregmatig daarvan beskuldig het dat hy onbevoeg is om sy amp te beklee, dat hy ontrow was aan die Regering, die aangewese Staatspresident, mnr. Jim Fouché, die Eerste Minister, mnr. John Vorster, en ministers Jan de Klerk en Basie van Rensburg. Hy het ook beweer dat woorde hom in die mond gelê is. (Die eis was teen Nasionale Koerante, Tydskrifte en Verspreiders en teen die assistent-redakteur van Die Beeld, mnr. H.J. Grosskopf.) ¹⁷⁾

Daarná het nog 'n paar berigte oor mnr. Du Plessis in Die Beeld verskyn, sommige minder vleierend, soos dat die administrateur 'n slagoffer van die vervelige eensydigheid van die OVS se politiek geword het; ¹⁸⁾ dat "oom" Sand du Plessis se plek leeg was by die inhuldiging van mnr. Jim Fouché as Staatspresident, ¹⁹⁾ en dat 'n vraagteken oor sy kop hang. ²⁰⁾

Van die lastereis het niks gekom nie. Op 2 Junie is net berig dat Die Beeld en mnr. Du Plessis die geskil buite die hof geskik het. ²¹⁾

Die neerstorting van 'n Boeing van die SAL buite Windhoek het sy kwota dramatiese beriggewing gelewer, ²²⁾ en die Britse Leeus se rugbytoer in die winter van 1968 het die sporttoneel en die voorblad van Die Beeld oorheers.

6.6 SKEURING IN PARTYGELEDERE

Intussen het die politieke woelinge na 'n klimaks beweeg, wat in 1969 bereik is toe dr. Hertzog en nog drie LV's hul eie party gestig het. Die Beeld het duisende der duisende sentimeters kopie hieraan afgestaan.

Daar was darem die Amerikaanse maanlanding in Julie, die rugbytoer van die effens mak Wallabiespan in Suid-Afrika, en die Springbokke se toer in die Britse Eilande teen die einde van die jaar, wat alles lekker leesstof gelewer het - veral die Springbokke se toer omdat dit chaoties was as gevolg van die betogings wat goeie rugby onmoontlik ge=maak het en seker tot Suid-Afrika se neerlae bygedra het. Daar is selfs van 'n "Ramptoer" gepraat. ²³⁾

In September het konsternasie Die Beeld getref. Hy het berig oor die gasdood van twee dienspligtiges by 'n militêre maneuver by Middelburg, Transvaal. Bewerings is gemaak dat die manne beangs uit 'n sloot vol gas wou vlug, en dat hulle deur onderoffisiere teruggestamp is omdat dié ge=meen het hulle is onnodig bang. ²⁴⁾ Sommige het geglo die berig in Die Beeld was 'n oortreding van die Wet op Militêre Geheime. Pienaar en Kie het die beskouing nie gedeel nie.

Pienaar is aan die woord: "Ons was natuurlik volkome bewus van die bepalinge van die Wet op Militêre Geheime.

"Gerugte het egter in elk geval die wêreld vol gelê, die een erger as die ander, soos dit in sulke sake maar altyd gaan. Ons het gereken dat 'n duidelike uiteensetting nodig was, en dat die militêre owerheid daarby die ge=leentheid moet aangryp om sy saak te stel. So sou ge=moedere kon bedaar en die landsveiligheid self in geen geval betrokke kan wees nie.

"Die owerheid is egter geneë om eerder in absolute terme te dink en doen as om te redeneer - dit nogal met joer=naliste!

"Ons wou, of kon, niks wegsteek nie; alles staan dan swart op wit daar, as getuienis vir of teen ons.

"Die beweringe was dat die lotelinge met angs uit die sloot vol gas wou vlug, maar deur onderoffisiere teruggestamp is omdat laasgenoemdes gedink het hulle is onnodig bang.

"As redakteur van Die Beeld was ek betrokke saam met die nuusredakteur en die betrokke verslaggewer. Ons is gedaag om op 'n oggend by die Militêre Hoofkwartier in Pretoria vir ondervraging te verskyn. Nogal 'n indrukwekkende en in sekere opsig vreesaanjaende ervaring.

"Dis nie billik nie. Daardie kêrels wat jou by die tafel omsingel, het uniforms aan, jy net 'n gewone ou pakkie. Hulle is bekleed met en verteenwoordig die mag van die staat - dit laat hulle jou nie vergeet nie - en jy praat met jou ou stemmetjie so half grond langs. By so 'n geleentheid is dit baie duidelik dat jy ver van aстранheid sal bly en dat beskeidenheid jou sal sier, soos die Bybel praat. En jy weet ook nooit wat die gestrenge here se beskouing van aстранheid is nie.

"Ek het dit ná die verhoor gesê en ná al die jare herhaal ek dit graag: wat myself betref, was die verhoor billik, maar hard en streng. Hulle het niks weerhou wat hulle billik teenoor my geag het nie, maar ook geen sikspens weggegee nie.

"Een keer en een keer alleen het ek dit vanpas geag om my stem effens te lig en dit was, soos geblyk het, by die heel laaste vraag aan my. Die voorsitter het van sy kant 'n redelik verkeerde perd opgeklim en my 'n vraag gestel ten effekte: 'En ter wille van 'n sensasiebeluste publiek het u dit nodig geag om hierdie dinge te skryf?'

"'Nee, meneer', so ongeveer het my skerpste antwoord van die oggend gelui, 'ter wille van die ouers en ander familie en vriende van ons lotelinge, van vanjaar en alle jare, het ek die inligting verskaf waarop ek glo hulle geregtig is, inligting wat ek nie kan sien iets met die landsveiligheid te doen het nie ...'

"Die twee onderoffisiere is later van tyd deur 'n gewone hof skuldig bevind en gestraf. Ons joernaliste het nooit weer iets daarvan gehoor nie - selfs nie dat daar nie verder teen ons opgetree sou word nie." 25)

Maar in 1969 was geen nuus in Suid-Afrika belangriker as dié aan die politieke front nie. Eers was dit die aanloop tot die skeuring in September 1969, en toe die aankondiging dat in April 1970 algemene verkiesing gehou sou word. Verkiesingsnuus in al sy fasette het die hoofgereg word.

Vroeg in 1970 het Bill Lawry se kriekettoerspan uit Australië in Suid-Afrika aangekom. Die Suid-Afrikaners se puik vertonings was groot nuus.

Ondertussen het mev. Louwtjie Barnard haar boek, My Lewe saam met Chris Barnard, aan Die Beeld "verkoop" om as 'n soort vervolggerhaal te verskyn. Dit het gevolg op die twee se egskeiding. Drie weke lank was dit die hoofstorie, in afleweringe in die koerant aangebied. 26)

Daarop het gevolg die verdwyning van die beeldskone model Rosalind Ballingall in die bosse van Knysna en beweringe dat sy aan "die duiwel" geoffer is. Die Beeld het self 'n soekgeselskap op die been gebring om haar op te spoor. 27)

Hy het steeds iets "eksklusiefs" gesoek om sy sirkulasie op te stoot, want soos mnr. Tobie Boshoff, nuusredakteur, op 6 Mei 1970 aan dr. Phil Weber geskryf het: "Ons en Dagbreek se syfers wat so by mekaar lê, is al irriterend vervelig, en mnr. Pienaar het gemeen nou gaan ons hulle finaal afskud.

"Ek en hy het in die rigting gepraat dat dit nog 'n baie lang tyd kan kos as ons nie opvallend beter as hulle lyk nie. Ons het gemeen om dit met spesiale dinge te bereik.

"Mev. Barnard het nie heeltemal uitgewerk soos gehoop was nie. Nou het ons die soektog na Rosalind Ballingall, waarmee dit baie goed gaan (wat dit aan sirkulasie doen, weet ek nie, maar ons werk in die geloof dat dit vir ons iets moet hou van die laaste groot styging, terwyl Dagbreek so iets nie het nie).

"Ballingall sal loop tot die kriekettoer na Engeland begin. En dit is die volgende ding waarmee ek dink ons 'n spesiale poging moet aanwend. Ons moet eenvoudig Dagbreek (en Sunday Times) uit en uit opvallend klop.

"Wat vir ons hier die groot sirkulasie kan gee, is natuurlik die betogers."

Na 'n volledige uiteensetting vra mnr. Boshoff: "In die lig hiervan wil ek asseblief vra dat u ons help om vir Kemp oor te stuur." 28)

Die geskiedenis vertel dat die toer nooit plaasgevind het nie, en dat Die Beeld Dagbreek nie in daardie stadium kon verbysteek nie.

Op sportgebied het 'n gedugte rugbyspan uit Nieu-Seeland 1970 se winternuus warmer gemaak.

Die finale dramatiese nuus in Die Beeld was op 1 November 1970. Op sy vyfde verjaardag het hy aangekondig dat hy en Dagbreek een word - "'n dramatiese einde aan 'n lang stryd." 29)

Die nuusredakteur, Tobie Boshoff, het 'n vername rol gespeel in die lewendige aanbieding van algemene nuus en gesorg dat dit deurentyd op dieselfde peil as die koerant se politieke nuus was. Sy hantering van die nuusredakteur=
skap is geprys deur sy redakteur, sy bestuurder en kolle=
gas. 30)

Die Beeld se algemene nuusdekking het grootliks bygedra tot die koerant se sukses.

- 1) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 2) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 3) Die Beeld 9 Januarie 1966
- 4) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 69
- 5) Die Beeld 8 Januarie 1967
- 6) Die Beeld 15 Januarie 1967
- 7) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 86
- 8) Die Beeld 22 Januarie 1967
- 9) Ibid.
- 10) Die Beeld 29 Januarie 1967
- 11) Dagbreek 22 Januarie 1967
- 12) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 13) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 89
- 14) Die Beeld 10 Desember 1967
- 15) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 16) Die Beeld 31 Maart 1968
- 17) Die Beeld 7 April 1968
- 18) Ibid.
- 19) Die Beeld 14 April 1968
- 20) Die Beeld 21 April 1968
- 21) Die Beeld 2 Junie 1968
- 22) Die Beeld 21 April 1968
- 23) Die Beeld 7 Desember 1969
- 24) Die Beeld 28 September 1969
- 25) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 90
- 26) Die Beeld 1, 8 en 15 Maart 1970
- 27) Die Beeld 3 Mei 1970
- 28) Mnr. Tobie Boshoff in 'n brief aan dr. Weber op 6 Mei 1979
- 29) Die Beeld 1 November 1970
- 30) Toesprake deur mnre. Schalk Pienaar en Dirkie de Villiers.

HOOFSTUK 7

DIE POLITIEKE IMPAK VAN DIE BEELD

7.1 "SKEURMAKERY IS DOODSONDE"

"Schalk Pienaar was die eerste koerantredakteur wat aan die sweer in die Nasionale Party gekrap het, die eerste wat daarvoor berig het. Die stigting van die Herstigte Nasionale Party was 'n direkte uitvloeisel daarvan." ¹⁾

Dié stelling kom uit die mond van dr. Willem de Klerk, hoofredakteur van Rapport, oud-redakteur van Die Transvaler, oud-professor in die wysbegeerte, en skepper van die begrippe "verlig" en "verkramp."

Vóór die koms van Die Beeld het min kritiese berigte en artikels oor die regerende party in Noordelike Afrikaanse koerante verskyn. Hoewel Die Burger in die vroeër sestigerjare 'n groot baklei met dr. Verwoerd, onder meer oor Kleurlingbeleid, gehad het, het die Eerste Minister die persleisels in Transvaal stewig vasgehou.

Schalk Pienaar, leier van die onverskrokke en geëmansipeerde Afrikaanse joernalistiek met sy Burger-agtergrond, was nie van plan om 'n lakei te wees nie. Dit is waar hy vir hom bittere vyande, maar ook opregte vriende gemaak het.

Destyds was dit "die Nasionale Party, die kerk en kultuurorganisasies, met die Afrikaanse koerante in 'n relatief ondergeskikte rol deurdat hulle gewoonlik die partyleiding in meerdere of mindere mate lojaal gevolg het en selde 'n teenstrydige of botsende mening uitgespreek het. Vandag is die Afrikaanse koerante 'n magsfaktor in eie reg. Hoewel hulle nog die Nasionale Party steun, is die dae van slaafse navolging verby." ²⁾

In die middel jare sestig was dit nie net 'n lakei-houding wat joernaliste daarvan weerhou het om onafhanklike menings uit te spreek nie. Daar was iets anders; "... skeuring is een van die mees gevreesde begrippe in die woordeskat van die Afrikaner se politiek. Dit wek ou angste oor verdeeldheid en broedertwis, dikwels beskamend en vernederend, in die aangesig van 'n gemeenskaplike vyand of bedreiging. Ou skimme van die verlede herrys: Hertzog teen Smuts en Botha, Malan teen Hertzog. Die twiste van Voortrekkerleiers word in herinnering geroep; botsings voor en selfs reg deur die Engelse Oorlog, waarin genl. Christiaan de Wet sy manne met die sweep moes aanspoor; die Afrikanerstryd tussen groot leiers ná Uniewording, die Rebelle van 1914, die skeuring ná samesmelting en die Ossewa-Brandwagstryd tot diep in die jare veertig. Vir die Nasionale Party is skeurmakery 'n doodsonde." ³⁾

Baie jare het verbygegaan voordat weer 'n noemenswaardige skeuring in Afrikanergeleedere sou voorkom. Dit het heelwat verskil van dié in die jare veertig.

In die jare sestig het 'n groep binne die Nasionale Party onder leiding van dr. Albert Hertzog 'n lank voortslepende aksie los van die partyleiding gevoer - eers onder dr. Verwoerd en toe onder mnr. John Vorster. Baie jare is die aard daarvan geïgnoreer en ontken. ⁴⁾

Toe besluit die Nasionale Pers om Schalk Pienaar redakteur te maak van sy nuwe Sondagkoerant met Johannesburg as basis. Die alom-aanvaarde prins onder politieke kommentators ⁵⁾ is die geleentheid gebied om sy stempel op die politieke geskiedenis van Suid-Afrika af te druk.

Met sy agtergrond van jarelange diens by Die Burger, waar hy nie aan slaafse navolging van die Nasionale Party gewoond was nie en waar sy hoofredakteur, Piet Cillié, menings (soos oor die Kleurlingkwessie) uitgespreek het, ongeag wie dit goed- of afkeur, het hy Die Beeld se leiers geneem. Hy was deeglik bewus van die Hertzog-aksie en het van meet af die Transvaalse "weerbarstig" en hul frontorganisasies gepak en hul "knoeiery met witwarm vurigheid blootgelê." 6)

Op hierdie vegterrein het Die Beeld, met veggeneraal Pienaar in bevel en met ondersteuning van bekwame adjudante soos H.J. Grosskopf, Ton Vosloo en Tobie Boshoff, die "verkrampes" die stryd aangesê.

7.2 DIE EERSTE RAMMELINGE

Die eerste rammeling van die komende storm in die geleedere van die Afrikaner-Nasionaliste is reeds op 7 November 1965 in die tweede uitgawe van Die Beeld gehoor.

'n Spotprentjie het op bladsy drie verskyn waarin 'n lid van die destydse Republikeinse Party aan 'n slapende dr. Verwoerd sê: "Mede-blanke, ontwaak. Dis 12-uur. Die swartman is besig om oor te neem." Dit was geneem uit Hoofstadnuus, destydse Afrikaanse weekblad en mondstuk van die ultrakonserwatiewe Republikeinse Party. "Dit is die soort propaganda wat teen die Regering gemaak word," lui Die Beeld se onderskrif. 7)

In dieselfde koerant sê 'n hoofartikel oor kleurbeleid: "Suid-Afrika, die Afrikaner en die Nasionale Party kan goed klaarkom met minder van die fluistergesprek en meer van die ope gesprek." 8)

Schalk Pienaar het laat weet: "Ons is bewus van die ultraregse stroom en sy planne."

Die heel eerste besliste waarskuwing teen 'n skeuring is in 'n Diepte-Beeld uitgespel deur een van die koerant se politieke beriggewers: "Binne dieselfde party is daar ondersteuners van die oue: blywende baasskap oor die Bantoe, en dié wat veg vir die verkryging van die nuwe: ontsnapping aan diskriminasie by wyse van afsonderlike vryheid - laas= genoemde onuitwisbaar die beleid van die Nasionale Party. Die Party sal moet waak dat die 'baasskapbrigade' onmin saai en moontlik afskeiding uit die party veroorsaak." 9)

'n Brief wat 'n week of wat later na aanleiding van dié Diepte-Beeld in die briewekolom verskyn het, was betekenis= vol. Enersyds het dit bewys dat Die Beeld 'n noot aan= geslaan het wat inslag gevind het; andersyds was dit 'n voorsmaak van die komende stryd tussen die ultrakonser= watiwe en die nuwe koerant.

Die brief, van iemand wat hom "Ware Nasionalis" noem, lui dat die "Baasskapbrigade" waarna in Die Beeld van 19 Desember 1965 verwys word, in werklikheid 'n "Gideons= bende" is, die murg van die Nasionale Party. "Die Beeld het die kat aan die stert beet," sê die briefskrywer. 10)

'n Paar weke later, met 'n algemene verkiesing op 30 Maart 1966 op hande, skryf Pienaar in 'n hoofartikel dat hy vermoed sommige mense gaan vir die Nasionale Party stem sonder om die party se beleid heelhartig te steun. 11)

'n Week later berig Ton Vosloo dat "die Nasionale Party hom nie van sy eie honde sal laat byt nie." Dit was 'n berig oor ingeskrewe lede van die Nasionale Party wat die regse splintergroepe help. Daar sou streng teen hulle opgetree word. Hulle stel hulle selfs aan skorsing uit die party bloot. 12)

Die verkiesing het gekom en gegaan. Pienaar skryf dat Suid-Afrika vir alle praktiese doeleindes 'n eenpartystaat geword het. "Watter ramp kan Suid-Afrika tref wat groot genoeg is om die Verenigde Party weer lewendig te maak?" 13)

"Onpopulêre dinge sal gedoen moet word as die nuwe Suid-Afrika tot stand moet kom wat menswaardigheid, vryheid en veiligheid vir al sy bewoners moet bring." 14)

In daardie stadium was daar nog nie sigbare tekens van wat binne die afsienbare toekoms sou gebeur nie. Maar Die Beeld bespeur die voorbodes.

'n Maandblad, The South African Observer, met mnr. S.E.D. Brown as redakteur, het jare lank al veldtogte teen die liberalisme gevoer en in 'n stadium selfs finansiële hulp van die Nasionale Party in verskillende provinsies ontvang. 15)

Teen die middel van 1966 het sy verdagmakery teen sekere Afrikaners duidelike momentum begin kry. 16)

Pienaar het gevra: "Val dit u ook op dat Afrikanerrusies op 'n al hoe wyer veld uitslaan? Dat nuwes begin sonder dat cues oorgaan?"

Hy noem onder meer 'n aanval deur prof. P.F.D. Weiss, voorsitter van die Christelike Kultuuraksie en direkteur van die Afrika-Instituut, op die SA Akademie; die bekroning van Sewe Dae by die Silbersteins, wat uit regse oorde verdoem word; die FAK se rol - of hy nog aan sy doel beantwoord en of sy amptenare nie te veel aan die politiek deelneem nie; N.P. van Wyk Louw se Afrikanerskap wat onder verdenking geplaas word (Die Pluimsaad Waai Ver het 'n groot polemie uitgelok). Pienaar praat ook van rusies in die kerklewe en die nâgloed van Cottesloe, en onmin in die sakelewe. 17)

Kort ná hierdie rubriek verskyn soortgelyke artikels in Dagbreek (10 Julie) en Die Transvaler (8 Julie).

Die rusies was daar, maar openbare figure het daarvan nog nie durf praat nie.

Toe, in dieselfde trant as die vermelde rubriek in Die Beeld, word 'n toespraak gehou waarvoor op 3 Julie 1966 in die koe-rant verslag gedoen word.

Dit was die voorsittersrede op die jaarlikse kongres van die FAK op Stellenbosch. Prof. H.B. Thom, leier op akademiese en kulturele gebied, gerespekteerde historikus, toe Rektor van die Universiteit van Stellenbosch en voorsitter van die Afrikaner-Broederbond, het as't ware die slagpen uit die granaat getrek:

"Dit is jammer dat die Afrikanerskap van vooraanstaande Afrikaners in twyfel getrek word waar hulle in die buiteland Suid-Afrika se saak gaan stel het," het hy gesê. Hy het die name van dr. M.S. Louw, dr. H.J. van Eck, dr. Anton Rupert en dr. P.E. Rousseau genoem. 18)

Die woorde van prof. Thom het gevolg 'n paar dae nadat Pienaar vir die eerste keer in Die Beeld en Dawie in Die Burger die verskynsel aangeroei het.

Die volgende dag skryf Dawie na aanleiding van prof. Thom se rede: "Hy het dinge gesê wat dringend gesê moes word. Dat 'n man in sy posisie dit gesê het, maak dit des te waardevoller." 19)

'n Bietjie later lug Schalk Pienaar dieselfde mening: "Die tyd het aangebreek dat ons ons Afrikanerskap met verstand en oortuiging moet uitdra." Hy vermeld ook 'n heftige veldtog teen die American Field Service en vra of ons ons eie karaktervastheid en integriteit dan só betwyfel en onderskat. Die man wat die veldtog lei, dr. Albert Hertzog, het self aan Oxford gestudeer, sê Pienaar. Waarom is hy dan so kleinmoedig oor vandag se jeug? 20)

Vir die eerste keer het Die Beeld die naam van dr. Albert Hertzog in direkte verband met die ultrakonserwatiewe genoem. Die koerant het hom klaargemaak om met dr. Albert Hertzog en sy dissipels swaarde te kruis.

Toe bars die eintlike storm. Die plek was weer Stellenbosch, die geleentheid: die jaarlikse kongres van die Afrikaanse Studentebond in Julie 1966, die aanleiding: weer S.E.D. Brown. Die kongres het op voorstel van mnr. Sam de Beer van die Universiteit van Pretoria (nou LV vir Springs), 'n mosie aangeneem waarin dank uitgespreek is aan mnr. Brown en The South African Observer. Daar was geen bespreking nie, en volgens studente wat die kongres bygewoon het, het die meeste nog nooit die blad gelees of selfs daarvan gehoor nie. 21)

Die koerante van die Nasionale Pers het die gaping gesien om die man wat die redakteurs van Die Burger, Die Beeld en Dagbreek as liberaliste bestempel het, aan die kaak te stel. 22) Dawie het geskryf: "Miskien is te lank geswyg. Miskien moes die feite vroeër gegee word het. Dit het tyd geword om te praat, ook omdat daar as gevolg van die voorafgaande swye nou 'n sekere mate van verwarring heers." Hy sê ook: "'n Soliede gesonde Afrikanermening is lankal in 'n toestand van bedekte opstand teen die bedrywigheide van dié blad en die hoofsaaklik Noordelike kringetjie wat met hom verbind is." 23)

Stellenbosch was omgekrap. Meer as duisend Maties het 'n petisie onderteken waarin die ASB se besluit veroordeel is. In 'n hoofberig het Die Beeld gemeld dat daar gepraat word van "'n lank smeulende ergernis in Nasionale geleedere wat na buite uitgebars het." In 'n Politieke Beeld het Pienaar gesê dat dit net mooi genoeg van S.E.D. Brown is. "Sy groepie kan ons maar met vrede laat solank ons net nie met hulle vereenselwig word nie." 24)

'n Week later skryf Dawie in Die Beeld: "Bekyk jou regse vriend ook maar goed - hy kan ons van binne ondermyn." ²⁵⁾ Pienaar volg dit ewe sterk op. Hy bespreek die studente se houding teenoor S.E.D. Brown en sê oor die regse standpunt: "Hulle is so ingestel op die gevare wat van links dreig dat hulle argeloos geword het vir gevare wat van regs kan dreig. Die feit dat Brown bv. 'n voorvegter teen die Kommunisme is, maak nie noodwendig 'n Nasionalis van hom nie. As iemand sê hy is Nasionaal, vra hom of hy die beleid en beginsels van die NP onderskryf. Dit is al, en 'n JA of NEE sal dit bepaal." Hy meld ook dat die koerante wat die ding oopgeruk het (Die Burger en Die Beeld ²⁶⁾), as provinsialisasies afgemaak word. ²⁷⁾

Die Brown-debat is ru onderbreek deur die sluipmoord op dr. Verwoerd. Tog was die reaksie in parlementêre kringe op die repudiëring van Brown dat die "kwaad vinnig en netjies weggesny is." ²⁸⁾

"Dit was met die oog op die latere politieke woelinge om die hoof van mnr. John Vorster heen, interessant om kennis te neem dat die Brown-geskil reeds vóór mnr. Vorster se bewindsaanvaarding deur die gevoelige Pienaar op die ontleedbord geplaas was," skryf Ton Vosloo. ²⁹⁾

Die ultrakonserwatiewe kon nie langer hul ondermyning van die party onder die kombers wegsteek nie. Daarvoor sou veral Pienaar sorg. Hy moes immers in die figuurlike leeukuil van dr. Hertzog 'n koerant uitgee.

"Dis nogal ironies," skryf J.H.P. Serfontein, "as 'n mens daaraan dink dat mnr. S.E.D. Brown, redakteur van 'n obskure Engelstalige maandblaadjie, verantwoordelik was vir die ernstigste en bitterste botsing tussen Nasionaliste - 'n botsing sō ernstig dat dit 'n oorlog in Nasionale geleedere ontketen het wat drie jaar sou duur en met toenemende intensiteit gevoer is tot die finale breuk in die NP." 30)

Die dood van dr. Verwoerd en die verkiesing van mnr. John Vorster tot nuwe premier het die Brown-geskil tydelik gedemp - totdat prof. Willem de Klerk (toe nog aan die PU vir CHO verbonde) op 6 Oktober 1966 op Warmbad 'n verreikende toespraak op 'n jeugkongres van Sabra gehou het.

Hy het hom onder meer sterk uitgespreek teen oordrewe konserwatisme. Hy het die begrippe "verlig" en "verkramp" omskryf, albei afkeurend. Dit het in die volksmond inslag gevind: bv. dr. Hertzog was "verkramp", Pienaar "verlig".

'n Kwaai polemieks het om prof. De Klerk se toespraak losgebars, en hy is selfs verhinder om dit in sy geheel te lewer. Die ganse inhoud het nogtans bekend geword omdat dit reeds aan die nuusmedia uitgereik was.

In 'n Politieke Beeld, daardie week deur die assistent-redakteur, H.J. Grosskopf, behartig, meen hy dat die toespraak besadig was: dit het die verderflikheid van alte verlig en alte verkramp teenoor mekaar gestel. 31) Prof. De Klerk het dit later voor die Rapportryers van Parys opgevolg, waar hy gesê het hy verwerp "verlig" sowel as "verkramp" as ekstremisties. 32)

Dieselfde week skryf Pienaar dat daar 'n gevaar binne die Afrikanerdom is. 'n Groep saai met hul "konserwatisme" onmin in eie geledere. "Hulle saak is nie duidelik nie en dit staan nie in die daglig nie." Hy vra waarom die verkrampes probeer om die Pers se koerante by die publiek verdag te maak. Party en Pers is op alle terreine bondgenote. 33)

In die Oktober-uitgawe van die Observer doen mnr. Brown weer 'n aanval op die "Afrikaanse liberale orde." Onder sy "liberaliste" is dr. Anton Rupert en koerantredakteurs Piet Cillié (Die Burger), Schalk Pienaar, Jan van Rooyen (Die Transvaler) en Barend Venter (Die Nataller). 34)

Bewus of onbewus het politici sowel as ander kant begin kies. Die koerante is algemeen as die hooforsaak van die opwielende onmin beskou.

In November 1966 praat mnr. M.C. Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onderwys, voor Germiston se Rapportryers. Sy "hart ween vir die onkonserwatiewe sondes van Afrikaanse koerantredakteurs." Dit sluit hóm seker in, kap Pienaar terug ... "en nou wil ek ook 'n traan stort: oor die Babelse spraakverwarring wat besig is om in die Afrikanerpolitiek te groei. Dit kan nog maak dat mense met eenderse gedagtes mekaar in die hare vlieg omdat hulle anderse woorde gebruik as hulle gedagtes uitspreek." 35)

"In die hare vlieg" sou mede-Afrikaners mekaar wel nog. Onder die oppervlak was baie roeringe, en Pienaar het dit geweet. Hy en sy kollegas sou in die maande vorentoe nog baie waarsku, baie openbaar maak, baie kritiek op die lyf loop ...

7.3 DIE ONDERMYNING EN ONTHULLINGS KRY MOMENTUM

Na die einde van 1966 het politieke rusies en woelinge in momentum toegeneem. Politieke kommentaar in Die Beeld was van so 'n aard dat sekere konserwatiewe die koerant 'n liberalistiese etiket om die nek gehang het.

Dawie skryf in Die Burger van 19 November 1966: "Ons moet maar oppas vir daardie woord 'konserwatisme' en die gebruik wat sommige daarvan maak. Ons gekose naam is 'Nasionaliste', nie 'Konserwatiewe' nie, en die groot teenstelling in die Suid-Afrikaanse politiek is Nasionaliste teen die ander, links sowel as regs, en nie 'Konserwatiewe' teen 'Liberalis=te' nie." 36)

Oor dieselfde onderwerp skryf Pienaar na aanleiding van 'n ontleding van konserwatief en liberaal in Woord en Daad waarin prof. Hennie Coetzee van die Potchefstroomse Univer=siteit vir CHO bevind dat die Calvinisme nie konserwatisme is nie: "Dit dan is die Afrikaanse Calvinistiese definisie van die konserwatisme. En dis genoeg vir my." 37)

In Oktober 1966 het in Die Beeld 'n berig verskyn wat aan= dag op die Ossewa-Brandwag gefokus het. Dit was na aanlei= ding van drie gebeurtenisse: mnr. Vorster se premierskap (nadat hy in die oorlogsjare lid was van die OB), die dood van die laaste kommandant-generaal van die OB, dr. Hans van Rensburg, en die afsterwe van Robey Leibbrandt. Die geskiedenis is redelik simpatiek aangebied. 38) Die reaksie was vir die redaksie 'n goeie aanduiding hoe wyd die blad se impak reeds was nadat hy nog nie eens 'n jaar lank op straat was nie. Baie lesers het koerant toe geskryf - sommige pro, ander teen die OB. Die Beeld is selfs daarvan beskuldig dat hy die OB as 'n organisasie van helde voor= gestel het. 39)

Pienaar meld in 'n Politieke Beeld dat die blad in sy bestaan nog nie so baie briewe oor 'n berig ontvang het nie. Hy kies nie kant nie, en verskoon hom so half deur te sê hy was nog maar jonk in die Tweede Wêreldoorlog. Hy gryp die kans aan om 'n waarskuwing te rig. Tye was toe oorverhit en "dit dreig om meer oorverhit te raak. Daar is weer mense wat die Nasionale Party wil voorsê wat om te doen. Ons het nie nuwe profete nodig om vir ons paaie - veral nie kort=paaie nie - aan te wys nie." 40)

In September 1966 word 'n "Internasionale Simposium" oor die Kommunisme gebou. "Die simposium as sodanig was nie van politieke belang nie, maar wel die betrokke persoonlikhede: dit was eintlik 'n indaba van die Hertzog-groep. Ewe belangrik: by hierdie simposium reeds het die gevoel in daar= die kringe teen Die Beeld en Die Burger begin uitslaan. Vir die eerste keer is hul verslaggewers beledigende woorde soos 'liberaliste' en 'meelopers van Kommuniste' toegevoeg." 41)

Politiese woelinge het teen November 1966 in die vakbond=wese uitgeslaan. Die bestuur van die Mynwerkersunie is deur regs gesindes oorgeneem. Die leiers het getwis en duisende lede het gedreig om uit te stap. Die nuwe vakbondleiers het 'n eed gesweer teen, onder meer, die Broederbond, die Kommunisme en die Liberalisme. "Rebelle het die myne oorgeneem," het Die Beeld in 'n hoofartikel geskryf. "Nou sal hulle hulself moet regeer." 42)

Die Beeld-skoen het die "konserwatiewe" voet gepas. Daar is besef: Die Beeld is 'n teenstander met trefkrag. Nooit het hy gewefel om sy eie interpretasies aan oënskynlik onbelangrike gebeurtenisse te heg wanneer Pienaar of Gross=kopf gedink het dis nodig nie. Oor die twis oor N.P. van Wyk Louw se drama Die Pluimsaad Waai Ver lui 'n hoofartikel dat dit 'n pynlike politieke kleur aanneem, veral deur die manier waarop dit verloop. Pienaar sê in 'n Politieke Beeld dit is asof Afrikaners verveeld is met die gebrek aan opposisie; nou word verligting gesoek in "outydse onderonsies." 43)

In die uitgawe van 5 Maart 1967 verskyn twee interessante berigte op bladsy twee. Die een handel oor mnr. Jaap Marais (LV vir Innesdal), wat vol lof is vir S.E.D. Brown. Hy sê Brown het murg in sy pype, al moet hy die pad alleen loop.

In die ander berig sê die voorsitter van die Beraad van die Junior Rapportryers, mnr. Johan Strauss, dat hulle die pers=stryd tussen Die Beeld en Dagbreek betreur. (Daarvan weet Die Beeld niks nie, sê die koerant). Hulle vra vir 'n hoër standaard. Die twee koerante, sê mnr. Strauss, praat nie uit dieselfde mond nie. 44)

Nog 'n skoot is daardie week op Die Beeld en Die Burger geskiet, en wel deur die LV vir Rissik, mnr. Daan van der Merwe. Ministers P.W. Botha en Jan Haak het albei vir die koerante in die bres getree en mnr. Van der Merwe gewaarsku om nie 'n wig tussen die party en die Nasionale Pers se koerante in te dryf nie. Mnr. Botha (latere eerste minister en toe al leier van die party in Kaapland) het melding gemaak van goeie samewerking tussen die party en Die Beeld, Die Burger, Die Volksblad en Oosterlig. 45)

Pienaar raas na aanleiding van hierdie voorval en sê dat politieke toktokkiespelery nou onder grootmense voorkom. "Naamlose en half-naamlose ergerlikhede en selfs smerigheid hede beland met kwade bedoelings by mense se voordeure en vensters of op hulle dakke - figuurlik gesproke. Die Sappe is nie meer pret nie, die Progs sweef. Nou veroorloof super-Nasionaliste hulle sulke dinge teen mindere Nasionaliste soos die Eerste Minister, ministers en koerantredakteurs."

Hy sê dis bog, dié ding dat mense plegtige besprekings agter geslote of half-geslote deure hou oor gevare wat die volk van dié kant of van hierdie persone of van daardie instansies bedreig, maar die wêreld mag nie hoor nie - veral nie die persone of instansies wat beskuldig word nie. "Met watter doel en tot watter nut? Behalwe nou as skinder 'n doel in het." 46)

Toe hy in April 1967 direkteur van die Nasionale Pers word, het mnr. P.W. Botha weer klem gelê op die samewerking tussen die party en die Pers. "Ons veg saam. Ons probeer mekaar nie beheer of oor mekaar baasspeel nie." 47)

7.4 KULTUURORGANISASIES MISBRUIK

In die Afrikaanse volkslewe bestaan 'n noue verwantskap tussen kultuur en politiek. Dit was 'n kenmerk van die tyd dat twiste aan die kultuurfront verband gehou het met die politieke gisting. 'n Groep binne die Nasionale Party wat die politieke mag wou oorneem, sou nie net die Nasionale Party moes oorneem nie.

Die twee vernaamste Afrikaanse kultuurorganisasies is die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings) en die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. Albei beklee 'n belangrike plek in die Afrikanergemeenskap en moontlike beheer sou vir enige groep uiteraard baie beteken.

Dr. Hennie Terblanche was voorsitter van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans en ook direkteur van die Vaktaalbuero, 'n onderafdeling van die Akademie. Teen die einde van 1966 was hy telkens met die Akademiesraad in botsing. Hy het verskeie organisasies beskuldig dat hulle Afrikaans verwaarloos. Hy het op Virginia verklaar dat Afrikaans die enigste nasionale taal moet wees. Mnr. Daan Goosen, direkteur van die Akademie en vriend en vertroueling van dr. Terblanche, het gesê dat 'n volksfees nooit tweetalig kan wees nie.

Premier Vorster het in die Parlement albei standpunte verwerp, waarop Die Beeld berig het dat dr. Terblanche gesê het dat "nie vir kulturele organisasies van politieke kant voorgesê kan word nie." 48)

Hy het die kwessie nog verder gevoer deur in Mei voor Kroonstad se Junior Rapportryers te sê dat Jode en Portugese "vuilgoed en ellendige goed" is. As voorsitter van die GHA het hy ook verklaar dat dié liggaam reeds magtiger is as die Akademie.

Daar is berig dat hy ook van ander volksgroepe as Jode en Portugese vernederend gepraat het. 49) 'n Ontkenningsbrief van dr. Terblanche het in Die Beeld verskyn waarin hy sê sy woorde is verdraai. 50)

Die herrie was behoorlik los toe Die Beeld berig oor 'n fonds met 'n mikpunt van R10 000 000 om die Afrikanervolk te red. 'n Brief waarin steun vir die fonds gevra is, het te kenne gegee dat die Nasionale Party nie goed genoeg is om op kulturele gebied 'n tuiste vir die Afrikaner te wees nie.

Die Beeld skryf op 4 Junie 1967 in 'n hoofberig: "Die gewraakte brief is nog een episode in 'n reeks wat al taamlike afmetings aangeneem het. Dit is dat groepies, korpse, organisasies en volksredders oral kop uitsteek en op politieke terrein begin beweeg. Hierdie optrede irriteer Nasionale politici en 'n sterk verset daarteen is sigbaar." Voorts beweer die blad dat dit nie 'n geheim is dat die Hertzog-groep met rysmiering aan die gang is nie. ⁵¹⁾

Die SA Akademie, waarvan prof. P.J. Nienaber van die Natalse Universiteit voorsitter was, het die berigte en verslae oor dr. Terblanche met toenemende ongemak gelees. Die geloofwaardigheid van die Akademie het in die gedrang begin kom. Die Uitvoerende Komitee van die Akademiesraad het op 25 Mei vergader om die saak te bespreek, en op 1 Junie berig Die Beeld dat die Akademie dr. Terblanche die trekpas gegee het. (Die nuus het eerste verskyn in Die Vaderland, toe as regs-gesind beskou.) ⁵²⁾

Dr. Terblanche het hiermee nie genoeg geneem nie. Sy kant van die saak, dat sy "sonde is dat hy bloot maar net Afrikaans wou handhaaf," is in koerante soos Die Vaderland gepubliseer. ⁵³⁾ Die GHA het sterk ten gunste van dr. Terblanche opgetree. Ook op die tweede kongres van die CKA (Christelike Kultuuraksie, in 1966 gestig om "Afrikaanse kultuurwaardes" te beskerm, onder voorsitterskap van prof. P.F.D. Weiss, wat ook direkteur van die Afrika-Instituut en tot 1967 voorsitter van SABRA was), is sterk opgekom vir dr. Terblanche.

Ná sprake van protesvergaderings oor dr. Terblanche se af-danking en van onmin onder Akademielede in Transvaal het "vredesamesprekings" plaasgevind met dr. Piet Meyer as voorsitter. Hy het in 1959 voorsitter van die SAUK geword pas nadat dr. Albert Hertzog in die Kabinet opgeneem was, en was ook voorsitter van die Broederbond.

Die uitslag van die beraad was 'n triomf vir dr. Terblanche en Kie. Op 18 Junie 1967 berig Die Beeld dat dr. Terblanche heraangetel is as direkteur van die Vaktaalburo van die Akademie.

In die onmin tussen dr. Terblanche en die Akademie is Die Beeld deeglik bygesleep. Volgens J.H.P. Serfontein is "as deel van die verkrampde aanslag ook stories versprei teen prof. Nienaber dat hy R600 deur Die Beeld betaal is vir die Akademie-lekkasies - 'n aantyging wat nadruklik deur Die Beeld se redaksie ontken is." ⁵⁴⁾ Serfontein het vermoedelik sy inligting uit die kring van die Akademie se amptenary ontvang, en wel van mnr. Barry Botha, destyds 'n sekretaris van die Akademie en vertroueling en vriend van dr. Terblanche. ⁵⁵⁾

Die kultuurstorm het voortgeduur. Lede van die GHA en die CKA het met groter geesdrif met hul bedrywighede voortgegaan. Dr. Terblanche was terug in sy pos. In die hoofberig van Die Beeld van 25 Junie 1967 word gemeld dat prof. Nienaber 'n ondersoek na die volledige omstandighede van dr. Terblanche se ontslag by die Akademieraad gaan eis.

Vir Pienaar het dit al hoe meer gehinder dat kultuurorganisasies van die Afrikaner praat asof hy die enigste inwoner van Suid-Afrika is. In 'n Politieke Beeld betoog hy dat die Nasionale Party met republiekwording opgehou het om 'n Afrikanerparty te wees. Hy het nou meer belange om na om te sien as net die Afrikaner s'n. Die beleid van die Nasionale Party is dat die twee tale en kulture gelyk aan mekaar is, maar dat hulle een nasie vorm. ⁵⁶⁾ Hy verwerp by implikasie die mense wat net bekommerd is oor die Afrikaner.

Aan dié soort kommentaar het die GHA hom nie veel gesteur nie. Hy het 'n aanval op die Universiteit van Wes-Kaapland gedoen omdat "alles daar net Engels is." 'n Lewendige briefwisseling tussen die Rektor, dr. J.G. Meiring, en die GHA het uit die beskuldiging voortgevloei. 57)

Sulke insidente was deel van die voorspel tot die Akademie se jaarvergadering op 28 Junie 1967 in Bloemfontein. Daar is in koerante gespekuleer dat die verrigtinge baie lewendig sou wees, veral met die Terblanche-episode nog vars in die geheue. Volgens J.H.P. Serfontein is in regse geledere (onder meer deur dr. Terblanche, prof. Weiss, mnr. Barry Botha en veral die direkteur van die Akademie, mnr. Daan Goosen) druk georganiseer om die Akademie "oor te neem." 58)

Die vergadering het vir die regses minder suksesvol geblyk te wees. Hul enigste "wins" was die benoeming van die latere redakteur van Hoofstad (en oud-redakteur van Die Kerkbode), dr. Andries Treurnicht, in die Akademie se Fakulteitsraad vir Geesteswetenskappe. Daar was dreigemente van bedankings uit die Akademie, maar daarvan het niks gekom nie. Dr. Meiring Naudé, president van die WNNR, is tot nuwe voorsitter verkies.

Werklike vrede was daar nie. Oud-minister Ben Schoeman beskryf die klimaat in daardie tyd: "Spanninge in die geledere van die Rapportryers, van wie niemand nog ooit voorheen gehoor het nie, is deur die koerante aan die groot klok gehang. 'n Twis het in die Akademie ontstaan. Die Kultuurraad van Pretoria het begin agterdog saai teen die Nasionale Party en veral teen Vorster. Teen die middel van 1967 was daar 'n swartsmeerveldtog teen Vorster aan die gang wat walglik was. Dit was op sy persoon gemik en nie sy beleid nie." 59) (Dié opmerkinge van mnr. Schoeman is jare later eers gemaak. In 1967 het die Nasionale Party enige struwelinge heftig ontken.)

Veelvolkige deelname aan sport was in 1967 'n belangrike teiken in regse kringe, waar betoog is dat as 'n enkele swart- of bruinmens in Suid-Afrika teen blankes meeding, dit die begin van die einde van apartheid sou wees, ofte wel die begin van die einde van Wit Suid-Afrika. Dr. Hertzog het later gesê die koerante was besig om die witman se moreel en trots af te breek. ⁶⁰⁾

Die regse groepe het besef dat die bestaande sportbeleid onder mnr. Vorster aan die verander was. Hy het gesê dat Maori's in die rugbyspan van Nieu-Seeland welkom sou wees. Pienaar het deurentyd volgehou dat Die Beeld mnr. Vorster heelhartig ondersteun, ook in sy sportbeleid.

In hierdie stadium kon en wou mnr. Vorster nog nie met die regsgesindes "hard praat" nie. Die Beeld het wel. Die noodwendige gevolg was dat Die Beeld dikwels deur dié mense bygekom is terwyl mnr. Vorster die eintlike skyf was. Daar is besef dat Die Beeld nie sou huiwer om die ware toedrag te onthul nie.

So het die verskillende faksies mekaar onregstreeks begin aftakel. Dit het al hoe duideliker geword dat mnr. Vorster spoedig met groot konflik in die partygeledere te kampe sou hê. Hy wou dit nie graag insien nie. ⁶¹⁾ In Julie 1967 het dr. Piet Meyer (wat die Hertzog-groep se vriend by die Akademie was en 'n groot aandeel daarin gehad het dat dr. Terblanche heraan gestel is) in 'n toespraak voor die ASB in Bloemfontein 'n aanval op Die Beeld en ander Afrikaanstalige koerante gedoen. Hy het onder meer gesê: "Die Afrikaanse koerante besondig hulle nou teen die Afrikaner soos die Afrikaanse koerante in die Smelterstyd." ⁶²⁾

H.J. Grosskopf het in 'n Politieke Beeld gevra waarom Keerom=straat se Afrikanerskap onder verdenking geplaas word.

"Moenie vergeet nie, toe dr. Verwoerd tydens die SWA-saak in Den Haag 'n redakteur gesoek het om vir SA te getuig, dit juis in Keeromstraat was waar een gevind is." 63)

Pienaar het aan sy lesers verduidelik wat "Nasionalis" werk=lik beteken, dat die Nasionale Pers se vertolking die regte is. In 'n hoofartikel skryf hy: "Die Afrikaner word deesdae met talle slagspreuke oorval - so baie nuwe woorde wat so mooi klink. Een begrip het ons egter die afgelope 50 jaar: 'Nasionaal.' Oor die betekenis is daar geen twyfel nie. Dit beteken om die beleid van die Nasionale Party te volg soos vertolk deur sy program van beginsels, sy kongres=besluite, die wetgewing wat hy as regerende party meer as 19 jaar lank deurgevoer het, en deur die verklarings van sy leiers." 64)

Die Beeld se waaksaamheid het vir geen oomblik verslap nie. Hy het byvoorbeeld geskryf oor die Raad van die Afrika-Instituut wat byeengekom het om die leiding van dr. P.F.D. Weiss (Hertzog-navolger) te bespreek, omdat kommer ontstaan het dat die objektiwiteit van die Instituut as navorsingsorganisasie deur hom in die gedrang gebring word. 65)

Op 11 Augustus 1967 het mnr. Vorster by 'n saamtrek op Koffie=fontein lank oor die toestand binne sy party uitgewei. Hy ontken dat meningsverskille of verwarring binne die party bestaan. Hy ontken verdeeldheid in die party ten sterkste, maar gee toe dat 'n mate van irritasie by sekere mense bestaan. Hy waarsku die mense om nie "liberaliste" in die Nasionale Party te soek nie. Hy verdedig die Afrikaanse pers, wat die skyf van aanvalle geword het. Hy striem mnr. S.E.D. Brown van The South African Observer. 66)

Vir politieke waarnemers - veral vir die politieke kommentators van koerante - het dit duidelik geword dat mnr. Vorster sy rug na die regsbesluit begin keer. Hy het verklaar dat die meningsverskil in die geledere van die Afrikaners nie alleen onaangenaam is nie, maar dat dit almal wat daar aan deelneem, onwaardig is en geen nut het nie. ⁶⁷⁾ Hy is sterk ondersteun in Die Beeld. "Saam met die Eerste Minister sal elke verstandige Afrikaner vertrou dat ons nou die einde gesien het van die onsmaklike twis in Afrikanergeledere." ⁶⁸⁾

Die Beeld is in dié stadium in die regse kamp op groot skaal beskinder. Koerante wat in Klerksdorp op straat verkoop is, is verbrand. "Maar dit is futiel," sê Pienaar, "omdat Die Beeld in sy kort bestaan vir homself 'n blywende plek in die Suid-Afrikaanse koerantwêreld verower het." ⁶⁹⁾

Mnr. Brown het die Eerste Minister se waarskuwing op Koffiefontein nie ter harte geneem nie, maar voortgegaan om in sy blad aanvalle op Afrikaanse koerantredakteurs te doen.

Mnr. Vorster het weer gewaarsku en is ondersteun deur die Minister van Verdediging, mnr. Jim Fouché, en adjunkminister Blaar Coetzee, wat gesê het mense wat hulle Nasionaliste noem en volhard om op mede-Nasionaliste te skiet, net een eerbare uitweg het om te volg, en dit is om 'n eie party te stig. ⁷⁰⁾

Twee kabinetsministers het 'n verklaring van die direksie van die Nasionale Pers onderteken waarin volle vertroue uitgespreek word in die werk en bekwaamheid van mnr. Piet Cillié en Schalk Pienaar. Dié twee redakteurs ondersteun die Nasionale saak eerlik en lojaal, het ministers Jim Fouché en P.W. Botha getuig. ⁷¹⁾

In dieselfde Beeld wat hieroor verslag gedoen het, is misgetas in 'n hoofartikel ten effekte dat "die lug gesuiwer is, dat 'n onaangename episode afgehandel is." Melding word gemaak van die Eerste Minister, wat "nou die byl oor S.E.D. Brown laat val het," en voorts: "Dit is nou die uiteindelijke verloop van 'n aksie wat 'n jaar gelede deur die Nasionale koerante, onder wie Die Beeld, aan die gang gesit is - 'n optrede wat ons soms die pynlike beskuldiging van skeurmaker op die hals gehaal het. Nie verdeeldheid nie, maar versterkte eenheid is die resultaat, eendragtige optrede teen 'n skeurmaker - S.E.D. Brown." ⁷²⁾

Dat 'n onaangename episode afgesluit was, was in hierdie stadium (Augustus 1967) wensdenkery. Dit sou eers veel later waar blyk te wees.

Die werklike skeurmakers het net voorgegee dat hulle gaan lê het. Mnr. Vorster moes maar die skyn aanvaar. Hulle het immers aanhou sê hulle is lojaal. "Ek as partyleier moes hierdie verklarings aanvaar, maak nie saak hoe ek diep binne-in gevoel het nie," het mnr. Vorster naderhand verklaar. ⁷³⁾

Die Nasionale Pers het nogtans sy oorlog teen die reaksionêre elemente binne die party voortgesit, ⁷⁴⁾ en hy was nie alleen nie.

Min. Marais Viljoen het die Nasionale Jeugbond van Transvaal gewaarsku dat ons "tot ons teleurstelling opmerk dat daar in sekere Jeugbondkringe twyfel oor die handhawing van ons party-rigting versprei word." ⁷⁵⁾

'n Rukkie later het mnr. Daan Goosen as direkteur van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns bedank. Mnr. Goosen was 'n geesgenoot van dr. Hertzog en het al vroeër moeilikheid veroorsaak, veral toe hy einde Junie in Bloemfontein openlik gedreig het om sy pos neer te lê. Sy regse uitlatings het oplaas tot 'n samespreking tussen mnr. Vorster en die Raad van die Akademie gelei, waarvan die gevolg was dat mnr. Goosen sy bedanking op 24 Augustus 1967 aan die Akademie se nuwe voorsitter, dr. Meiring Naudé, oorhandig het. 76)

In dieselfde Beeld (3 September 1967) wat hieroor berig het, is gemeld dat mnr. Daan van der Merwe, LV vir Rissik, gesê het die berigte met die strekking dat mnr. Brown op Koffiefontein deur die Premier geroskam is, bloot die koerante se eie vertolking was. Die Beeld raai mnr. Van der Merwe aan om die aanbidding van vreemde altare te los en terug te keer na sy vriende. (Mnr. Van der Merwe het sy siening van die Eerste Minister se woorde agter geslote deure gegee op 'n vergadering van die tak Jopie Fourie van die Nasionale Jeugbond in Pretoria. Hy het waarskynlik nooit kon droom dat Die Beeld dit te hore sou kom en daarvoor sou berig nie.)

7.5 DIE NASIONALE PARTY SE KONGRESSEISOEN VAN 1967

Die kongresseisoen van die Nasionale Party in 1967 sou vir Die Beeld van groot belang wees, met name die Transvaalse kongres van 5 tot 7 September in die stadsaal van Pretoria. Mnr. Ben Schoeman het as leier van die NP in Transvaal die openingstoespraak gelewer. Hy het gewaarsku teen verdeeldheid in die party, maar gesê hy weet die Transvaalse LV's is getrou en lojaal. Hy hoop al die Nasionale koerante in al die provinsies sal nou ophou met hul onminsaaierij. As enige lid van die NP oortree, sal kragtens die party se grondwet teen hom opgetree word. "Die Nasionale Party het nie die hulp van die koerante daarvoor nodig nie." Die stelling is met toejuiging begroet.

Algemeen is aanvaar dat hy na die koerante van die Nasionale Pers verwys het, en in Transvaal dan veral na Die Beeld. Hy het wel mense soos mnr. Brown gewaarsku dat hulle verdeeldheid saai in hul knaende soeke na liberaliste onder die Afrikaners. 77)

Op die kongres was Die Beeld 'n belangrike punt van bespreking. Twee bekende lede van die Hertzog-groep is luid toegejuig toe hulle Die Beeld verwyrt het dat hy manne soos dr. Piet Meyer, mnre. Jaap Marais, Sam en Paul de Beer, prof. en mev. Weiss en mnr. Gert Beetge aanval. Daar was nog meer applous vir die verklaring dat Die Beeld nie beskou moet word as 'n Nasionale koerant nie, en dat Transvaal hom van die koerant moet distansieer. 78)

Mnr. Schoeman het in die hoofbestuur voorgestel dat vertroue in die Eerste Minister, sy beleid en ook in alle Afrikaanse koerante uitgespreek word. Hoewel mnre. Jaap en Willie Marais nie daarvoor kans gesien het nie, is die mosie aanvaar. Tog is die besluit nie aan die kongres bekend gemaak nie.

Oor dié eienaardigheid het Die Beeld 'n berig geplaas, asook oor 'n tirade van dr. At van Wyk van die Afrika-Instituut teen die koerant. 79) (Die Instituut het later dié optrede van sy amptenaar ondersoek.)

Die kongresverrigtinge het Die Beeld beweeg om kaalvuis in te klim. Hy het in 'n hoofartikel gesê: "As die Afrikaner in die huidige omstandighede skeur, skeur hy nie net nie, maar breek hy - en Suid-Afrika. Dit is waarom Die Beeld en die ander Nasionale koerante vroeg en dringend gewaarsku het. En omdat die koerante op hierdie manier hul nek uitgesteek het, moes hulle die woede verduur van diegene wie se planne daardeur in die war gestuur is. Baie Nasionaliste het toe nie eens die gevaar gesien of besef nie."

Die Beeld sê hy is beskuldig dat hy rusies aanstook. Pienaar nooi mense om die spoor van die blad na te loop. Beeld se sonde was dat hy jaloers gewaak het teen die ondermyning en wanvoorstelling van die Eerste Minister se optrede, dat hy na sy beste vermoë die eenheid van die Nasionale Party beskerm het teen aanslae wat òf op onkunde òf op kwaadwilligheid berus het.

"Die Beeld het rotsvas by die Eerste Minister gestaan. Ons het nie beleid probeer voorskryf nie, maar uiteengesit, verduidelik en verdedig. Dit is jammer dat die mosie nie bespreek is nie, dan kon die lug in groter mate gesuiwer gewees het ...

"Die Beeld sal stampe en stote aanvaar in die uitvoering van sy plig, maar nie die volgende nie:

1. Dat die Eerste Minister in die uitoefening van sy pligte ondermyn word deur die aantasting agteraf van sy Afrikanerskap;
2. Dat die NP ondermyn word met die beskuldiging, openlik of andersins, dat hy die Afrikaner in die steek laat;
3. Dat Die Beeld daarvan beskuldig word dat hy Afrikanerrusies aanstook.

"In al drie hierdie gevalle slaan ons terug. En dan laat die beskuldigings van skeurmakery my volkome koud. Ek ken hierdie ou storie al van die tyd van Samesmelting af." 80)

Die volgende week berig Die Beeld dat verskeie lede van die hoofbestuur van Transvaal se Nasionale Party wat met die koerant geskakel het, sê dat hulle die mosie steun en dat dit waarskynlik wel voor die kongres sou gedien het, maar weens 'n misverstand nie het nie.

Nogtans het die koerant hom kwaai kritiek op die hals gehaal omdat hy oor die mosie verslag gedoen het.

Ministers Ben Schoeman en Piet Koornhof het Die Beeld gestriem. Laasgenoemde het selfs beweer die koerant wou daardeur sy sirkulasie opstoot. Mnr. Schoeman het op die NP se kongres in die Vrystaat skerp teen Die Beeld, Die Burger en Die Volksblad gepraat. Hy het verwys na die berigging in Die Beeld oor die mosie wat nie voor die Transvaalse kongres ge= dien het nie, en die koerant beskuldig dat hy onmin saai wat nie bevorderlik vir Nasionale eenheid is nie.

Maar min. Jim Fouché, leier van die party in die Vrystaat, het vir die Nasionale Pers opgekom. Hy het gesê die Vry= staatse Nasionaliste het die volste vertroue in Die Volks= blad. 81)

Weer is dit 'n omgekrapte Pienaar wat op 17 September 1967 in 'n Politieke Beeld skryf "dat dit 'n mens onhuts as jy dink jy doen goed en dan word jy van kwaad beskuldig." Hy wil weet wát is Die Beeld se sonde - die plasing van die mosie die vorige week? Dis mos goeie nuus dat die hoofbe= stuur sy volle vertroue aan die Premier toegesê het, en op twee lede ná ook aan die Nasionale koerante. Die Beeld volstaan met die uitleg dat dit 'n misverstand was dat die mosie nie aan die volle NP-kongres bekend gemaak is nie. Dit was hoofbestuurslede wat Die Beeld se informante was.

"Wat die beroepe op die Nasionale koerante betref om op te hou om oor die woelinge te skryf - daaraan kan eers gehoor gegee word word as dit werklik ophou; eweneens moet die veldtog teen die Nasionale koerante ook gestaak word. Ons eis vir ons= self die elementêre reg op om onself te verdedig wanneer ons aangeval word. Veral wanneer ons aangeval word omdat ons by die Nasionale Party staan.

"Daar is 'n poging aan die gang, 'n gevaarlike poging, om die Afrikanerpubliek heeltemal te mislei. Dit is naamlik dat die skeurmakers hul teenstanders as skeurmakers wil brandmerk, dat mense wat die partybeleid verdedig, vir rusiemakers uitgemaak word." Hy noem die voorbeeld van mnr. Brown. 'n Jaar gelede toe Die Beeld Brown aan die bors gegryp het, is die koerant as afwykend afgemaak: Die Beeld soek bloot rusie. Dit was 'n wye en goed georganiseerde veldtog teen Die Beeld.

Tog, vervolg die blad, het die Nasionale Pers se koerante die uiteinde van Brown bewys. Hulle het bloot hul plig gedoen. Pienaar sê hy gee toe baie van die aanvalle was uit onkunde en in goeie trou. "Laat my herhaal, Die Beeld staan by die Nasionale Party, hy staan by die Eerste Minister. In die proses sal hy terugslaan wanneer hy geslaan word, selfs meer as tevore. En hy sal hom nie laat afskrik deur beskuldigings van skeurmakers dat hy 'n skeurmaker is nie." 82)

In Kaapland het die kongres van die Nasionale Party op 19 September in Port Elizabeth begin. Dit is deur die provinsiale leier, mnr. P.W. Botha, geopen. Na aanleiding van die gebeure by die pas afgelope kongres in Transvaal sê hy:

"So lank as wat ek leier van die Nasionale Party in Kaapland is, sal ek elke poging om 'n wig tussen die Nasionale Party en die Nasionale Pers in te dryf, met elke vesel in my liggaam bestry." Hy verseker mnr. Vorster dat sy rug in Kaapland gedek is, en veroordeel pogings om die party in anti-liberaliste en liberaliste te probeer verdeel.

Onder groot toejuiging verwys hy na Die Burger as die amptelike orgaan van die Nasionale Party in Kaapland - 'n besluit wat vroeër die dag deur die Hoofraad bevestig is. Oor Die Beeld sê hy: "Die jongste boetie, Die Beeld, is vol katekwaad. Maar hou hom dop. Wanneer hy uitgegroeï is, sal hy sy plek in Suid-Afrika se diens vol staan."

Op die kongres behandel hy ook sy direkteurskap van die Nasionale Pers: hoewel hy in die direksie van die Pers dien, sal hy geen vergoeding vir sy direkteurskap aanvaar nie. (Sy direkteursgelde het jare lank na die Kaaplandse party gegaan. Nadat hy eerste minister geword het, het dit regeringsbeleid geword dat ministers, adjunk-ministers en provinsiale administrateurs voortaan nie beskikbaar sal wees as direkteure van koerantmaatskappye nie).

Talle briewe is in September 1967 ontvang, soos van S. Pretorius van Kaapstad wat na aanleiding van die mosie skryf dat Die Beeld nie onmin saai nie - sy "fout" is dat hy die verdagmakery teen vooraanstaande Nasionaliste aan die lig gebring het. ⁸³⁾

Onder die beskuldigings waarvan Pienaar praat, is dié van die Pietersburgse Junior Rapportryers se voorsitter, mnr. Leon Maré, wat leiers in die NP waarsku om seker te maak dat hulle nie die NP verraai nie; hy verwys na mense wat hulle agter "Die Beeld-kultus" skaar, sonder om name te noem. ⁸⁴⁾ Die Staatmakers van die Voortrekkerbeweging in Pretoria sê Die Beeld doen dinge onder die dekmantel van die Nasionale Party. ⁸⁵⁾

Teen die einde van September 1967 was die NP-kongresse vir daardie jaar verby. Die Beeld skryf in 'n hoofartikel op 24 September 1967: "... daar is eenvoudige siele wat glo dat alles Die Beeld se skuld is, maar dit is 'n standpunt wat verwerp moet word op die grond dat dit darem al te vleierend vir Die Beeld se invloed is." Hy korswel: "Só het ons Transvaal nog nie in die holte van ons hand nie," en voeg by: "Bowendien sirkuleer ons buite Transvaal ook." Die suggestie is dat politieke onmin in Transvaal steeds voortduur en dat Die Beeld deur etlike regse politici bloot tot sondebok gekies is. ⁸⁶⁾

7.6 DR. TERBLANCHE UIT DIE AKADEMIE EN DR. HERTZOG VERLOOR PORTEFEULJE

Die stof om die Akademie wou in die lente van 1967 maar net nie gaan lê nie. Dit was veral die Raad (verlig) en die amptenary (verkramp) wat haaks was. Mnr. Barry Botha, een van die twee sekretarisse, het kort-kort die Afrikaanse koe=rante aangeval en as skeurmakers bestempel. Die Raad se geduld het opgeraak. Die twee sekretarisse (mnr. Johan Pot=gieter was die ander) is gevra om hulle van allerhande open=bare uitlatings te weerhou.

Dié twee het verklaar dat hulle hulle nie sal laat muilband nie en het hul bedankings ingedien. Die voorsitter van die Akademie, dr. Meiring Naudé, het kort daarná aangekondig dat die vakante poste reeds geadverteer is, en dat die Akademie nou spoedig weer goed op dreef sal wees. Hy het gesê dat ondersoek ingestel word na dr. Terblanche se rol as direk=teur van die Vaktaalburo van die Akademie ná talle klagtes oor sy gedrag. ⁸⁷⁾

In dié tyd het Die Beeld berig dat die bedrywigheide van die Voortrekkerbeweging se Staatmakers in Pretoria deur die hoofbestuur ondersoek gaan word. Hulle sou o.m. anti=Joodse propaganda versprei het en Die Beeld daarvan beskuld=ig het dat hy dinge onder die dekmantel van die Nasionale Party doen. ⁸⁸⁾

Dr. Hennie Terblanche het op 'n vergadering van die Rapport=ryers van Roodepoort dr. Naudé uitgedaag om hom weer af te dank. As voorsitter van die GHA het hy dr. Naudé beskuld=ig dat hy nog "nooit op die taalfront gesien is nie." Op dié aanklag het dr. Naudé gesê hy het al vir die Afrikaner geveg toe dr. Terblanche nog student was. ⁸⁹⁾

Dr. Terblanche se posisie as direkteur van die Vaktaalburo het al hoe meer wankel geraak. Hieroor het Pienaar geskryf dat dr. Terblanche se toenemend militante houding, en dié van mnr. Daan Goosen, eintlik as 'n guns aan die Akademie beskou moet word - want "nou wys hulle waarom daar teen hulle opgetree moes word." 90)

Asof daar nie genoeg struwelinge in die Akademie was nie, het 'n nuwe probleem opgeduik. Dr. Naudé het verklaar dat weens 'n tegniese fout die Akademie sedert 1961 ongeldig funksioneer. Dit is deur die Hertzog-groep gesien as 'n nuwe geleentheid om die Akademie oor te neem. Nadat mnr. Vorster self ingegryp het, is op 12 Oktober 1967 op 'n vergadering van die Akademie oorweldigend ten gunste van dr. Naudé gestem om die Akademie gewettig te kry. Die "verligte" Akademie-raad was stewig ingegrawe.

Na aanleiding van dié episode het Die Beeld gesê: "Dit is 'n wet van die politiek dat uitbuitbare situasies uitgebuit sal word - soos nou in die Akademie. Ongelukkig ly reputasies daaronder - daarom is dit in die belang van almal dat moeilikhede in die Akademie uitgestryk moet word." 91)

In dieselfde uitgawe (22 Oktober 1967) verskyn 'n brief van dr. Terblanche waarin hy sterk beswaar maak teen berigging oor hom in Die Beeld. Hy sê daar moenie wanvoorstelling van hom gemaak word nie, want hy is bloot 'n "behoudende, konserwatiewe Afrikaner." 92)

Hy het voortgegaan om sy werkgewer te kritiseer, selfs van die openbare verhoog af. Maar die regse lede se aansien was besig om te kwyn. Dit was geen verrassing toe dr. Terblanche op 22 Januarie as direkteur van die Vaktaalburo bedank nie. Eintlik was dit een van die laaste stuiptrekings van die ver-regse groep in die Akademie.

Volgens gebruik sou die Akademie eers weer in 1969 raadsverkieping hou. Maar op 11 Februarie 1968 is aangekondig dat reeds op 26 Junie van daardie jaar 'n nuwe raad gekies sou word. Dit was noodlottig vir die verkrampde groep. Die bestaande Akademiesraad is herkies met uitsondering van prof. H.B. Thom, toe Rektor van die US, wat uitgetree het.

Dr. Terblanche, mnr. Goosen en mnr. Barry Botha het die Akademiesstryd verloor. Dit was 'n verneme oorwinning oor 'n "verkrampde aanslag." Beskuldigings teen Die Beeld en verdagmakery teen die koerant van die Nasionale Pers het nie opgehou nie. Maar dit het Pienaar se mond nie gesnoer nie. Dit het hom net meer vasberade gemaak "om rysmiering aan die lig te bring," soos hy dit in Die Beeld van 17 September 1967 gestel het.

Teen November het die regsies nog kliphard gebaklei. Prof. Weiss het by 'n Krugerdagviering op Turffontein baie mense kwaad gemaak. Op 5 November 1967 berig Die Beeld dat hy gesê het die "grafte van die konsentrasiekampe is 'n stille bewys van die welslae van ons vyande, die Engelse, in die begin van die eeu." 93)

Dr. Albert Hertzog se naam is teen dié tyd al hoe meer in dieselfde asem as die Terblanche'e, Goosens en Weisse genoem. Hy het homself verdedig deur te sê dat hy aan die hoof van geen groep staan nie. "Daar word altyd gesê die Hertzog-groep wil die Regering beheer, en die groot spinnekop agter die groep is Albert Hertzog. Dit is twak." 94)

Sulke ontkenning het Pienaar nie van stryk gebring nie. Hy het in die uitgawe van 19 November 1967 duidelik standpunt ingeneem teen diegene wat die Engelssprekende nie ten volle wil aanvaar nie. Hy verwys na prof. Weiss se toespraak op Turffontein en sê die Nasionale Party kry meer te doen met die Engelssprekende in sy geledere. Hoewel 'n kultuurverskil tussen die twee taalgroepe bestaan, moet dit binne die NP aanvaar word. Beter nog, dit sou loon om dié mense vrugbaar aan te wend.

Mnr. Jaap Marais (LV vir Innesdal) was een van die meer uitgesprokene in die geledere van die regsies. (Hy sou naderhand, ná die uittrede van dr. Albert Hertzog, leier van die HNP word). Die Beeld van 26 November 1967 meld in 'n hoofberig dat hy hom sterk gekant het teen swart diplomate in Suid-Afrika. Sy verset teen mnr. Vorster het openbaar begin word.

Hy was 'n spreker op 'n stryddag wat mnr. Barry Botha, gewese sekretaris van die Akademie en voorsitter van die tak Jopie Fourie van die Nasionale Jeugbond in die kiesafdeling Wonderboom, gereël het. Hy het heelwat van sy toespraak gewy aan swart diplomate, waar hulle sou woon, waar hul kinders sou skoolgaan, ens. 'n Groot groep verkrampes, onder andere mnre. Daan van der Merwe en Willie Marais (albei LV's) en mnr. S.E.D. Brown, het die stryddag bygewoon. Heftige aanvalle is gedoen op die Akademie, die beginsel van tweetaligheid en Die Burger en Die Beeld.

Pienaar het mnre. Jaap Marais, Willie Marais en Daan van der Merwe in 'n Politieke Beeld op 3 Desember 1967 daarvan beskuldig dat hulle op die Jeugbond se nasionale kongres nie die beleid van die Nasionale Party verdedig het nie en hulle ook nie van mnr. Brown gedistansieer het nie. "Dit is die plig van 'n Nasionale Party-LV om die Regering se rug te dek," sê hy.

Vroeg in die nuwe jaar (1968) het mnr. Brown in 'n hoofartikel die Eerste Minister en die vier provinsiale leiers van die NP weer aangeval en teen die Regering se sportbeleid uitgevaar.

In hierdie tyd het 'n geheimsinnige "konserwatiewe" blad in Pretoria verskyn. Mnr. Jaap Marais was die skrywer van 'n artikel oor die konserwatisme en die liberalisme. 95)

Die parlamentsitting van 1968 was ophande. Ná wat niks minder was nie as 'n openlike oorlogsverklaring teen die NP-beleid op die stryddag van die tak Jopie Fourie van die Nasionale Jeugbond, en die aanvalle op die Regering deur mnr. Brown, is verwag dat die sitting deur die verkramppte groep gebruik sou word om sy doelwitte uit te stippel.

Die groep, met mnr. Jaap Marais aan die spits, het nog gouer opgetree as wat verwag was en beheer oorgeneem van die Pretoriase Raad van die Nasionale Party. Hulle het dit reggekry deur 'n blitsvergadering te belê net ná die uitrede van mnr. Ben van der Walt (LV vir Pretoria-Wes). Mnr. Jaap Marais is tot nuwe voorsitter verkies.

Mnr. Omie van den Heever, Adjunk-Speaker en LV vir Pretoria-Sentraal, en 'n sterk teenstander van dr. Hertzog se groep, het by die hoofbestuur van die NP in Transvaal beswaar aangeteken en gesê die vergadering was onkonstitusioneel. Mnr. Jaap Marais sou nie die reg gehad het om die vergadering te belê nie.

Die uiteinde was dat die dagbestuur van die Transvaalse NP bevind het dat daar tegniese onreëlmatighede was. Later, ná die parlamentsitting, sou weer 'n voorsitter gekies word. Mnr. Marais se leierskap van die Pretoriase Raad van die Nasionale Party was kortstondig.

Onderwyl gewag is dat die Transvaalse dagbestuur besluit oor mnr. Van der Heever se appèl, het Die Beeld berig dat mnr. Van der Heever korrek opgetree het en dat die blitsvergadering ongeldig was. Uit regse oorde is hieroor hewig kritiek na Die Beeld geslinger. Mnr. Jaap Marais se mense was ontstoke. Toe die dagbestuur later ten gunste van mnr. Van den Heever beslis, was dit 'n triomfantlike Pienaar wat op 14 April 1968 kon skryf:

"Waarom dit nodig was om twyfel oor die juistheid van die berig te gewerp het, is moeilik te begryp. Dit is alleen maar billik om nou, ná amptelike bevestiging, daaraan te herinner dat nie Die Beeld nie, maar die aanvallers van Die Beeld die gewoonte het om teenspoed te kry."

Kort ná die aanvang van die parlamentsitting het mnr. Vorster in 'n skommeling van sy kabinet die portefeulje Pos- en Telegraafwese van dr. Hertzog weggeneem. Die Beeld en die meeste ander Nasionale koerante het dit as 'n degradering beskou, en 'n teken dat dr. Hertzog besig was om uitgeskuif te word, en dat sy ondermynende rol binne die party raakgesien is. Dit is ook vertolk as die eerste besliste bewys dat die partyleiding Die Beeld en sy stalmaats se waarskuwings teen dr. Hertzog en Kie in 'n ernstiger lig beskou (11 Februarie 1968).

Die Beeld se beriggewing oor dr. Hertzog se demosie was skaars koud of nog 'n groep Hertzog-ondersteuners gaan tot die aanval oor. Op 1 Maart 1968 het die GHA (met dr. Terblanche as voorsitter) sy jaarvergadering agter geslote deure gehou. Berigte daaroor het in die Engelse pers verskyn. Die Beeld het ook verslag gedoen.

Dr. Terblanche verkwalik egter nogtans net Die Beeld en verkla hom by die Persraad. Hierop sê Die Beeld hy het geen vertrouwe geskend nie. Sy berig is gepubliseer nadat 'n Engelse koerant uit die geslote vergadering van die GHA met inligting "gevoer" was, en dit gepubliseer het. "In die lig van sulke gebeurtenisse is Die Beeld onthef van elke verpligting tot geheimhouding." 96)

Dr. Terblanche se klagtes is deur die Persraad verwerp. Dit was nou bo alle twyfel duidelik dat die regse groep Die Beeld as die vernaamste struikelblok in die uitvoering van sy planne beskou het, nadat die koerant uitgesonder was vir 'n klag by die Persraad. 97)

Sekere groepe wou met fisieke geweld teen Die Beeld optree. Daar is berig dat 'n tak van die Ruiterswag planne gehad het om depots en selfs die rolpers van Die Beeld te verwoes. Die kodenaam van die operasie sou "Voorligter" wees. Die sabotasie sou deur 'n vertroueling van die organisasie in die drukkerij gepleeg word. Die doel was dat die advertentisiers vertrouwe in Die Beeld moes verloor. Daar het niks van gekom nie. 98)

Die broedertwis binne die party het die Suid-Afrikaanse politieke toneel oorheers, maar die regses was uiters versigtig om die Eerste Minister of sy beleid nie regstreeks aan te val nie. Hulle het hul skote op die "verligte" element, in besonder Die Beeld, afgevuur en daarmee indirek ook die Eerste Minister bygekom. Maar mnr. Vorster het nog steeds gemeen dat die vals note afkomstig was van net 'n klein groepie. In Mei 1968 het hy selfs 'n brief aan die redakteurs van Die Beeld en Dagbreek gestuur waarin hulle oor die vingers getik word. (Volledig in hoofstuk 8 behandel).

7.7 DIE SMEERBRIEWE EN DR. HERTZOG UIT KABINET

Dit was net 'n kwessie van tyd voordat 'n finale konfrontasie sou plaasvind. Oor die politieke strominge in Afrikanergeleedere waarsku Pienaar in 'n Diepte-Beeld op 17 Maart 1968 dat gewaak moet word teen onderstrominge binne die party en dat die party moet ingryp teen moeilikheidsmakers. Die "smeer" en die "leuen" het wapens geword in 'n gevoelopsweping.

Die "smeer" en die "leuen" waarvan Pienaar geskryf het, het kop uitgesteek in die ultrakonserwatiewe se propaganda vóór 'n tussenverkiesing in Pretoria-Wes. Die storie word met ekstra venyn versprei, skryf Pienaar, dat die Nasionale Party onder leiding van mnr. Vorster 'n liberale koers inslaan, weg van die konserwatiewe pad. In dieselfde rubriek (31 Maart 1968) sê hy dat die tussenverkiesing nietemin 'n toets sal wees.

Die Nasionale Party het in die "toets" geslaag. Ná afloop daarvan het die kiesafdelingsbestuur 'n brief aan die Eerste Minister geskryf waarin melding gemaak is van "pressiegroepe wat agter die skerms" opgetree het.

Nog steeds wou Nasionale Partyleiers soos mnr. Ben Schoeman nie erken dat die party verdeeld is nie. In Die Beeld van 28 April word berig oor mnr. Schoeman se toespraak op Ermelo, in die kiesafdeling van dr. Hertzog. Hy het opposisiekoerante daarvan beskuldig dat hulle die NP probeer verdeel deur te sê dr. Hertzog is die leier van 'n groep wat die party probeer verdeel.

In sy boek sê mnr. Schoeman hy was daarvan oortuig dat al die Nasionale Volksraadslede, hoewel sommige bedenkinge oor die sportbeleid en swart diplomate gehad het, "lojaal teenoor Vorster was en dat dit nie hulle was wat hom beskinder en swartgesmeer het nie. Dit is miskien een van my swakhede dat ek 'n man vertrou totdat dit bewys word dat hy my vertrou nie waardig is nie. Ek luister nooit na skinderstories nie." 99)

Die geskiedenis het bewys dat dit vir mnr. Schoeman beter sou gewees het om Die Beeld se berigging te vertrou en nie, soos hy dikwels gedoen het, daarna te verwys as 'n "ketterjag op Nasionale LV's" nie.

In Junie 1968 bars die "smeerbrieffom". Ton Vosloo skryf dat dit die tydperk ingelui het van aktiewe oorlogvoering waarin die verkrampes tot die offensief oorgegaan het. Die "smeerbrieffom" was 'n venynige pamflet teen die Nasionale Party reg uit die huis uit, want destyds het dié mense nog in die Nasionale Party gesit. 100)

Dit het die party tot in sy fundamente geruk. Dit was die einde van die ondergrondse aanslag en die begin van openlike oorlog.

Die eerste brief was veronderstel om 'n waarskuwing teen die Kommunisme te wees na aanleiding van 'n rolprent, Million Dollar Brain, maar het ook mnr. Vorster se buitelandse beleid verdag gemaak.

Die smeerbriewe is Die Beeld se hoofstorie op 23 Junie 1968. Talle ander berigte in die koerant handel daaroor, en ook die hoofartikel, wat die hoop uitspreek dat dit nie deur die party veronagsaam sal word nie. In Politieke Beeld op 23 Junie 1968 skryf Pienaar:

"Die werklik bedenklike verskynsel in verband met die jongste naamlose smeerbrieff teen die Nasionale Party en die Eerste Minister is die volgende: die oomblik toe ingeligte mense, binne en buite die Parlement, die stuk onder oë kry, het hulle gesê hulle weet wie daaragter sit, al het hulle geen bewyse daarvoor nie. En die name wat so onmiddellik in die gedagte kom, is figure in die Nasionale Party."

Hy vervolg: "Dit is 'n harde ding om te sê, maar 'n derde feit is ook nou duidelik: 'n afrekening word onvermydelik." Oor S.E.D. Brown sê hy: "Ons kan maar terugloop na die strooipop S.E.D. Brown. Hoekom is hy nou weer so alle= mintig astrant dat hy die Eerste Minister en die party openlik die oorlog aansê? Om die eenvoudige rede dat die Nasionale, die vooraanstaande Nasionale wie se fasade hy is, hom wel nie meer in die openbaar steun nie, maar hom agteraf nog sterker steun as in die verlede - moreel en blykbaar ook finansieel.

"In sy jongste pamflet sê strooipop Brown dat dit nou tyd geword het dat ons opstaan om getel te word, na die een kant of na die ander kant toe. Ek is nie so seker dat ek nie vir die eerste maal in my lewe met hom saamstem nie. Die Beeld, in elk geval, het lankal opgestaan om getel te word."

Die volgende week word onthul dat mnr. Barry Botha, gewese sekretaris van die SA Akademie, nou betrokke was by die smeerbrieff. Hy doen die volgende verklaring aan Die Beeld (van wie se impak hy altans deeglik bewus was): "Die betrokkenes is almal verantwoordelike jong Afrikaanse Nasionale wat jare lank selfstandig in die stryd vir die Nasionale Party werk. Hulle neem volle verantwoordelike= heid vir hulle optrede." 101)

Barry Botha het later redakteur van die HNP-blad Veg geword, en die ses jong Nasionaliste wat vir die smeerbriewe verantwoordelik was, is op 12 Augustus uit die party geskors. Barry Botha het later openhartig met Die Beeld gepraat. ¹⁰²⁾

Die Beeld sê: "Die verkrampte aanval op die Nasionale Party is nou duidelik in 'n nuwe fase. Die ou tegniek van 'n grootskeeps ketterjag en verdagmakery het presies die teenoorgestelde bereik van wat die tradisionele 'konserwatisme' beoog het. En die smeerbriewe teen mnr. Vorster het dit die nekslag gegee.

"Die mense werk nou baie versigtiger en probeer 'n verskeidenheid van 'volkse' emosies uitbuit. Maar hulle kan nie sukses hê nie, want hulle doen 'n beroep op 'n Afrikaner=volk wat nie bestaan nie." ¹⁰³⁾

Dié soort voorligting het dr. Piet Meyer, voorsitter van die SAUK se Raad, genoop om uitlatings te maak soos: "Mense moet hulle nie aan berigte oor Afrikanertwiste steur nie, dis sommer net die koerante."

Pienaar antwoord Meyer en sê hy bring die koerante onder onregverdigte verdenking. Hy vra of die geval Brown, die korrupsie in die ASB deur Brown se vriende, die veldslag in die Akademie, die smeerbriewe, die Terblanche'e, Barry Bothas, ens., ens., verbeelding is. Die Nasionale koerante doen net hul plig, en "die verloop van sake het hulle gelyk gegee." ¹⁰⁴⁾

Die tweede bom was 'n nog veyniger smeerbriewe wat beskou is as 'n openbare klagstaat van die Hertzog-groep teen die leiding van mnr. Vorster. Dit praat van die "liberalistiese neiging wat hy inslaan" en val sy uitwaartse beleid aan. Afskrifte is aan die Premier self, aan kabinetslede, parlamentslede en ander vooraanstaande mense gestuur. Die Beeld het saam met al die ander Nasionale koerante teen die brief te velde getrek.

Die Beeld het vasgestel dat die brief uit die hart van die Junior Rapportryerskorps H.F. Verwoerd kom, maar toe hy name vra by die sekretaris van die Federasie van Junior Rapportryerskorpse, mnr. Izak Meyer, het dié geweier en gesê: "Ek weet presies wat Die Beeld se houding is en wil nie met julle praat nie, want ons is nie op dieselfde golflengte nie." 105)

Die smeerbriewe was die laaste strooi. Toe mnr. Vorster in Augustus 'n nuwe kabinet saamstel, is dr. Hertzog wegge= laat. Hy het "uitgetree", maar wou nie oor sy toekoms= planne praat nie. Hy sê Die Beeld is die allerlaaste koe= rant met wie hy sal praat. 106) Hy het blykbaar Die Beeld vir sy "uittrede" verantwoordelik gehou.

John D'Oliviera, politieke beriggewer van The Star (tans by die Argus-groep se buro in Washington) en volgens mnr. Vorster "een van my vertrouelinge in die perswêreld", beskryf dr. Hertzog se "uittrede" soos volg: "Hertzog moes weg. Vorster het Hertzog na Libertas ontbied en gevra dat hy moes bedank, sodat hy (Hertzog) die kabinet sonder lawaai kon verlaat in die groot kabinetskommeling wat Vorster reeds beplan het. Hertzog het geweier, en Vorster moes die Staatspresident vra om 'n einde te maak aan Hertzog se ministersloopbaan wat oor tien jaar gestrek het. Sô het die Staatspresident dan op 9 Augustus aan Hertzog geskryf en hom meegedeel dat hy uit die pos van minister verwyder sou word met ingang van 12 Augustus. Dit was 'n bitter pil vir Hertzog, maar sluk moes hy." 107)

7.8 HERTZOG SE AFSKU IN DIE BEELD

Hertzog se afsku in Die Beeld het nou duidelik na vore getree. In 'n toespraak op Krugersdorp het hy gesê dit het goed gegaan met die Nasionale Party totdat Die Beeld op die toneel verskyn het - Die Beeld, wat 'n "afkeer van alle getroue Afrikaners en patriotiese Transvalers het." 108)

Tussen die reëls staan te lees: Die Beeld het hom sy kabinetpos gekos; Die Beeld het die regse groep onthul; Die Beeld het sy rysmiering van die Nasionale Party en mnr. Vorster aan die groot klok gehang; Die Beeld se impak was geweldig.

Daardie week word talle berigte, die hoofartikel en Politieke Beeld aan die Hertzog-afsku gewy. Eenklaps het Die Beeld se steun op hoë vlak toegeneem omdat besef is Die Beeld is geloofwaardig.

Hoë Nasionaliste het vir Die Beeld in die bres getree, o.m. ministers P.W. Botha, Blaar Coetzee en Peet Pelser. Almal vind die "komplot teen Transvaal" belaglik en keur Hertzog se aanval op Die Beeld sterk af. "Die Beeld het 'n trotse rekord," sê ministers Botha en Pelser. Mnr. Pelser voeg by dat Die Beeld en die Nasionale Pers instrumenteel was om die Afrikaner op politieke gebied tot sy reg te laat kom. 109)

Mnr. Vorster verklaar op Heilbron sy geduld met die afbrekers is op, waarop mnr. Pienaar sê: "Die NP sit sy voet nou hard neer." Hy noem wat hy jare vroeër geskryf het, dat "ons ons nie so blind moet staar teen die gevare van links dat ons die gevare van regs nie raaksien nie." Hy sê hy wens die wegbrekers wil 'n nuwe party stig - "dan is die vyand sigbaar." 110)

Dit was 'n dramatiese suksesweek vir Die Beeld. Oral waar mnr. Vorster in Transvaal praat, kry hy volle steun. Die woelinge in die party het bedaar.

Die gebeure het bewys dat Die Beeld se waarskuwings nie fiksie was nie. Dr. Hertzog erken in 'n persoonlike onderhoud dat dit in hoofsaak Die Beeld was wat vir die ontmaskering verantwoordelik was. Gedurende hierdie onrus in Afrikanergeledere was Die Beeld 'n stormvoël en blitsafleier.

Koerante sal altyd omstrede wees. 'n Basiese funksie van die koerant is om te openbaar wat iemand wil verberg. Daarom om is Pienaar nie van koers af gedwing nie. Daarom het hy gevra dat Afrikaanse koerante aanvaar moet word as 'n Afrikaanse instelling langs al die ander Afrikaanse instellings. "Ons maak ook foute. Aanvaar dit saam met ons deugde in goeie trou soos vennote." 111)

Hy praat duidelik uit 'n versterkte gesagsposisie. Meer as twee jaar is Die Beeld stief behandel. Ultraregses het hom as sondebok aangewys vir die onmin. Baie Nasionaliste het dit gesluk - die meeste te goeder trou.

Nou was mense gedwing om hul saak openlik te stel. Die wêreld kon kennis neem dat Die Beeld se vingerwysings nie net korrek was nie, maar in die belang van die ware Nasionalis. Die knoeiery was weliswaar nog nie verby nie, maar die vyand van die Nasionalis was identifiseerbaar.

Tog was daar nog onsekerheid in Afrikaanse geledere. Te veel mense het nog te min geweet. Die politici het miskien te lank geswyg.

Toe hulle begin praat, het hulle te veel kennis by die gewone man verwag, met die gevolg dat hulle hom nie goed kon bereik nie. Na binne het hulle hul werk goed gedoen. Die vrede was herstel, maar die kring was te beperk. 112)

Die daaropvolgende kongresseisoen (September 1968) het vir die Eerste Minister besonder goed verloop. As daar sommige was wat in die begin van September gewonder het oor hoe sterk hy staan, was daar geen twyfel aan die einde van die maand nie. Sommige verkramptes het beswaar gehad dat Die Beeld ingesluit word in die kongresse se dank vir die rol van die Nasionale koerante, maar Die Beeld was tevrede met die verloop.

Dr. Hertzog het voortgegaan met sy verdagmaking teen Die Beeld en sy stalmaats. In Oktober 1968 het hy in Bloemfontein gesê dat, as daar iets soos 'n uitwaartse beleid is, dit 'n klein groepie van Die Beeld en Die Burger is wat dit propageer. Pienaar het geantwoord hy het vrede daarmee as dr. Hertzog Die Beeld aanval. Maar wat hy eintlik doen, is om na die Eerste Minister te kap omdat sy leier se uitwaartse beleid hom nie geval nie. Pienaar stel voor dat dr. Hertzog ag moet slaan op mnr. Vorster se woorde "dat lede van die Nasionale Party wat met die partybeleid nie saamstem nie, moet padgee." 113)

Hoofstad met dr. Andries Treurnicht as redakteur en Die Vaderland met A.M. van Schoor het nog dr. Hertzog se saak positief gestel. Maar 'n ware spreekbuis had hy nie meer nie - totdat Veg, uitvloeisel van die smeerbriewe, die lig gesien het. Die redakteur was Barry Botha, gewese sekretaris van die SA Akademie en 'n vurige Hertzog-ondersteuner. Dit sou 'n maandblad wees.

Veg het Die Beeld sommer in sy heel eerste uitgawe in November aangeval. Die Beeld en die res van die Nasionale Pers, met hul Kaapse en Stellenbosse geldmag, verteenwoordig die nuwe, afgewykte rigting van liberale Afrikaners, en Barry Botha die kern van die Afrikanervolk, het Veg gesê. 114)

Later is mnr. Jaap Marais se planne vir 'n regse koerant, Die Afrikaner, in Die Beeld aan die lig gebring. 115)

Mnr. Ben Schoeman het dié kommentaar oor Veg: "Teen die einde van 1968 het 'n blaadjie genaamd Veg sy verskyning gemaak. Die redakteur was Barry Botha, wat bekendheid verwerf het met die sg. smeerbrieff. Met sy aanvalle en kritiek op Nasionale leiers het hierdie blaadjie spoedig dieselfde berugtheid as The Observer verwerf." 116)

Nog iemand het tot die besef gekom dat Die Beeld eerlik was: mnr. F.W. de Klerk van die Rapportryerskorps. (Hy is vandag kabinetsminister en leier van die NP in Transvaal). Sy storie en Die Beeld s'n word deur Pienaar so vertel:

"In die laat sestigs het dinge tussen Die Beeld en die Rapportryers taamlik skeefgeloop. Op 'n dag kry ek 'n oproep van mense wat ek nie ken nie. Hulle wil met my kom praat. Met die instap het hulle taamlik hoog aan my gesê dat hulle hoop ek gee nie om as hulle reguit vrae aan my stel nie. (Dit had verband met die Afrikanerrusies wat in die Rapportryers, Senior en Junior, plek-plek uitgeslaan het.) Ons het in Die Beeld gereeld in ons bevestigte die lig laat skyn op sulke onhebbelikhede. Dit was nog 'n hele ruk voor die formele breuk tussen die Hertzogiete en die NP. Ons humeure was hoog. En daar is ons uitmekaar.

"Tot op 'n dag 'n man my bel. F.W. de Klerk." Hy wou hom kom spreek. "Nadat ons gegroet het, het hy gesê die ding waaroor hy my ekskuus wil vra, is dit: sedert hy laas met my gepraat het (by vermelde gesprek), het 'n jaar verloop, en in 'n jaar gebeur daar baie dinge. Hy het vandag hierheen gekom om verskoning te vra dat hy 'n jaar gelede vir my my werk wou kom leer. Ons is in baie goeie vriendskap uitmekaar en ek het verwagtinge van so 'n jong man gekoester." 117)

Almal was nie F.W. de Klerks nie. Die koerant is nog deur baie gebruik as hulle iemand of iets wou aanval. Die nuwigheid wat Die Beeld in Transvaal "ingevoer" het, naamlik om as voorvereiste vir 'n berig die nuuswaardigheid daarvan te meet - ongeag wie of wat betrokke is, dat daar nie meer iets soos heilige koeie is nie - kon nog nie aanvaar word nie.

Pienaar sê dit het byna 'n nasionale sport onder Suid-Afrikaners geword om koerante aan te val. "Elke politikus met gebrek aan diskoers kan op toejuiging reken as hy na die pers oorslaan." Daar is georganiseerde groepies wat die wêreld opsweep teen die pers, maar as hulle gekonfronteer word, swyg hulle omdat hulle niks te sê het nie. "Die Beeld ken hulle van binne en buite - hul eintlike grief is dat hulle politieke geknoei, hulle verraad teen die NP en die Eerste Minister in die koerante onthul word."

Teen hierdie agtergrond word vertel van hoe die Transvaalse NP 'n perskomitee aangestel het om o.m. Die Beeld te ondersoek, maar toe nie werk gehad het nie omdat daar niks te ondersoek was nie. 118)

Kort tevore het die redakteur van Hoofstad, dr. Andries Treurnicht, ondersteun deur tien predikante van Pretoria, ook 'n hou na (waarskynlik) Die Beeld gemik toe hy o.m. gesê het hy het sy bedenkinge dat bepaalde Kapenaars nog in die NP geduld word, terwyl die Pretoriaanse "smeer=skrywers" uit die party gesit is. In hierdie artikel skryf dr. Treurnicht dat van niemand verwag kan word om sy Afrikanerskap oorboord te gooi ter wille van samewerkinge met nie-Afrikaners nie. 119)

Pienaar wonder filosofies op 2 Februarie 1969 of dié mense hulself nie oorskat nie - hy sê hulle speel hulle spel slu en speel voort omdat hulle meen ander mense sal traag wees om die hele spul oop te sny.

Die artikel van dr. Treurnicht was ook verder in die nuus toe dit saam met 'n dokument, waarskynlik opgestel deur dr. At van Wyk, adjunk-direkteur van die Afrika-Instituut en Hertzog-ondersteuner, versprei is. Dit het skerp, maar onregstreekse kritiek op mnr. Vorster bevat.

Dr. Treurnicht se artikel is van meet af gekritiseer, veral toe dit in dieselfde konteks as die vermelde dokument genoem is. Hy het verklaar dat hy sy artikel weer onder die loep geplaas het en staan by wat hy geskryf het. Dr. Van Wyk het ondertussen ontken dat hy die opsteller van die dokument was - dit was wel in sy NP-kiesafdeling, Koedoespoort, het hy verklaar.

Besliste krete het nou hoorbaar geword: sekere regsies wou hê dr. Hertzog moes 'n nuwe party stig. (Die Beeld het dit maande vroeër reeds gevra - "sodat die sweer uit die NP gesny kon word.") Dr. Hertzog se al hoe meer uitdagende optrede het dit al hoe onwaarskynliker gemaak dat 'n openlike breuk vermy kon word.

Ondertussen het die man wat getrou en lojaal deur Die Beeld ondersteun is, premier John Vorster, al hoe sterker gestaan. In Januarie 1969 publiseer die Sunday Times die uitslag van 'n landwye openbare meningsopname namens hulle deur Market Research Africa: van die volwasse blankes in Suid-Afrika, van albei taalgroepe en uit alle ekonomiese groepe, het 82% gemeen mnr. Vorster doen òf "uitstekende" òf "goeie" werk. ¹²⁰⁾

Mnr. Vorster en die koerante van die Nasionale Pers was besig om die stryd te wen. Pienaar skryf op 18 Februarie 1969 in 'n brief aan dr. Phil Weber: "Die mense wat aan Afrikanerskap 'n inhoud wil gee wat met Suid-Afrikanerskap onbestaanbaar is, boer opvallend agteruit. En hulle sal nie kan vorder solank ons nie aan Suid-Afrikanerskap 'n inhoud wil gee wat met Afrikanerskap onbestaanbaar is nie." ¹²¹⁾

In Maart word Die Beeld in die SAUK-program Sake van die Dag daarvan beskuldig dat hy, soos ander Sondagkoerante, "politieke rusies aandik," hom toelê op stories met 'n "seksstrekking," en op "sappige skandale" teer in 'n poging om sirkulasie op te stoot. Die aanval word 'n dag later op die voorblad van Die Transvaler aangebied.

Die Beeld kap kwaai terug teen die SAUK. In sy hoofartikel van 16 Maart 1969 sê hy dat Sake van die Dag lankal reeds weinig aansien het by mense wat op 'n bietjie keurigheid aanspraak maak. Selfs die smeerbriefskrywers het 'n bietjie meer styl en groter vakkundigheid aan die dag gelê. Die program is 'n astrante en smaaklose stuk onkundigheid, en die professionele kode is in die gedrang gebring.

In dieselfde koerant (16 Maart 1969) sê Pienaar in 'n Politieke Beeld dat dit onsinnig sou wees om te beweer dat die koerante geen deel aan die politieke twis het nie. "Met die koms van Die Beeld is daar 'n politieke saak van gemaak. Daar was vasberade pogings om Die Beeld te keer. Toe dit misluk het, was daar weer vasberade pogings om Die Beeld dood te maak. Daar was inderdaad 'n tyd toe Die Beeld vir sy lewe moes veg. Maar dit is verby, Die Beeld is gevestig en alle verstandige mense aanvaar dit."

Pienaar het bygevoeg dat wat wel 'n potensiële gevaar vir die party inhou, is dat die mense wat so teen Die Beeld is, hul bes probeer om dit tot 'n Noord-Suid-konflik om te skep. Toe Die Beeld berigte geplaas het oor wat agter geslote deure deur die regsbespreker en beplan is, is hy veroordeel. Onthullings is as "sommige koerantstories" afgemaak. Die Beeld was 'n maklike teiken vir hierdie taktiek.

"Die Beeld is seker nie foutloos nie, maar ons huiwer by die gedagte waarheen dit kon gelei het as ons daarvoor geswyg het eerder as om te praat. As Die Beeld nou moet swyg, sal hulle wat ondermyn, juig."

Die verdediging teen Sake van die Dag het in die Parlement ter sprake gekom toe mnr. J.J.B. van Zyl, LV. vir Sunny-side, op 19 Maart heftig daarteen beswaar gemaak het. (Mnr. Van Zyl het in 1982 saam met dr. A.P. Treurnicht en ander LV's weggebreek om die Konserwatiewe Party te stig).

Op 24 Maart 1969 het mnr. Vorster en die Nasionale persbase vergader. Daar is geïnsinueer dat die persstryd die oorsaak van al die probleme in die party sou wees. 'n "Ge-dragkode vir Nasionale koerante" is aan die vergadering voorgelê. Die Nasionale Pers was verteenwoordig deur mnr. Recht Malan en dr. Phil Weber, destyds onderskeidelik voorsitter en ondervoorsitter van die groep. Mnr. Ben Schoeman as voorsitter en Marius Jooste as besturende direkteur het die Afrikaanse Pers Beperk (APB) verteenwoordig.

Die kode het agt punte gehad:

1. Koerante sal hulle daarvan weerhou om individuele Nasionalistes verdag te maak.
2. Koerante sal hulle daarvan weerhou om etikette om die nekke van Nasionalistes te hang.
3. Koerante sal hulle daarvan weerhou om twis en tweedrag in Nasionale geledere in te dra of geskille aan die groot klok op te hang.
4. Koerante sal hulle daarvan weerhou om die funksies van die Nasionale Party wat betref die toepassing van tug oor te neem en vooruit te loop of besluite van party-organe vooruit te loop.
5. Koerante sal hulle daarvan weerhou om die beleid van die Nasionale Party te wil formuleer.
6. Koerante sal hulle daarvan weerhou om die aangekondigde beleid van die Nasionale Party te kritiseer.
7. Koerante sal hulle daarvan weerhou om provinsies teenoor mekaar af te speel.
8. Koerante sal volle steun gee aan die Nasionale Party, sy beginsels en sy beleid. ¹²²⁾

Die Nasionale Pers se verteenwoordigers was nie bereid om die "kode" namens hul redakteurs te teken nie aangesien dit nie die beleid van die Pers is om sy redakteurs voor te skryf nie. Mnr. Schoeman en Jooste het dit wel onderteken. ¹²³⁾ (Die vermelde beleid word uitvoeriger in Hoofstuk 3 oor die beleid van Die Beeld bespreek.)

Die volgende aantekeninge is direk na afloop van die same-spreking deur dr. Phil Weber gemaak:

SAMEVATTING VAN GESPREK MET EERSTE MINISTER OOR
PERSSAKE OP 24 Maart 1969 IN SY KANTOOR IN PARLEMENTSGEBOU

Die Eerste Minister het die doel van die bespreking gestel. Die toestand is nie gesond nie, en Volksraadslede is ongelukkig en onrustig en vra wat aan die gang is, veral na aanleiding van berigte in Sondagkoerante. Hy het ten dele herhaal wat hy op sy Malmesburyse vergadering van Vrydag oor die pers gesê het.

Mnr. H.R. Malan het gesê hy het as voorsitter van die Nasionale Pers nie eintlik blyke ontvang van wydverspreide kommer en misnoë met ons Pers nie. Eintlik net twee briewe in die laaste tyd.

Mnr. B.J. Schoeman het gesê hy praat ook as provinsiale leier. Die koerante moet hul plek en funksie ken. Hulle moenie aan die Party voorskryf hoe en wanneer die Party teen sy lede moet optree nie. Die Party sal dit wel op sy tyd en manier doen.

Die Eerste Minister het gesê daar moet aangeneem word Dagbreek en Die Beeld is daar en het gekom om te bly.

Ons (dws HRM en ek) het gesê die wortel van die kwaad en die oorsaak van die verwarring in Nasionale geleedere moet eers=tens gesoek word in die kleinlike, haatlike aanvalle van die koerante op mekaar en aan die wanvoorstellings wat oor mekaar versprei word. As die verwarring in Party-geleedere moet verminder, sal hierdie oorlog tussen die koerante moet end kry. Die APB-mense kan hul kant van die saak stel, maar aan ons kant sê ons dat die koerante van die Nasionale Pers die skyf geword het van haatlikhede en gemene wanvoorstelling wat publikasies van die APB versprei. Ons het 'n hele aantal voorvalle genoem.

(Ons sal ons nie laat voorskryf nie, sê Die Burger - Dagbreek Sondag, agt dae gelede.) Piet Cillié trek kop-uit (Dagbreek van gister), die medalje-storie, vertel deur Hertzog op 11.3.69 op geslote vergadering, Wynberg, en deur Treurnicht in die gerugmakende artikel van 3.1.69 in Hoofstad. En dan het Treurnicht gesê hy staan by elke woord van daardie artikel nadat aan hom gesê is sy feite is volkome verkeerd. Verder Richard se artikel, Waarheen wil Keerom=straat, op vooraand van Kaaplandse kongres in 1967. Invoeging van woorde in verslag van Dagbreek van min. Connie Mulder se toespraak oor Kleurlinge en hul verteenwoordiging in die lig van Willem van Heerden se skrywery.

M.V. Jooste het gesê dis nie eintlik die tyd om oor spesifieke dinge te praat nie. Die Beeld het valse sirkulasie=gewens oor Dagbreek en Landstem versprei en moes dit terugtrek. Wat hier ter sprake is, is die belange van die Party wat nie deur koerant-optrede geskaad mag word nie!

Die Eerste Minister het toe 'n "Gedragkode vir Nasionale Koerante" te voorskyn gehaal en 'n afskrif aan elk van die aanwesiges gegee. Hy het dit gelees en mnr. Schoeman het gesê hy aanvaar dit. Dit is wat ons wil hê. Jooste het herhaal ons taak is om die belange van die Party te bevorder. (Hier haal die skrywer die kode aan soos reeds weergegee of bl 108.)

Ons het gesê ons wil met die meeste erns smee dat die stuk nie bekend gemaak moet word nie. Dit sal die naam en selfstandigheid van ons Afrikaanse koerante erger skaad as Dirk Richard se artikel dat ons Afrikaanse Nasionale koerante hulle aan ernstige versuim skuldig gemaak het deur die Nasionale bewind in die verlede nie te kritiseer wanneer dit nodig was nie. Ons koerantredakteurs moet as selfstandige, volwasse mense beskou en behandel word, en ons pleit nou nie net vir die redakteurs van die Nasionale Pers nie.

Die Eerste Minister sê hy staan nie daarop dat die stuk bekend gemaak moet word nie. Dit is vir hom 'n riglyn wat die optrede van ons koerante behoort te bepaal. So dink hy.

Mnr. Malan behandel die "kode" artikelsgewys en sê hy sal nie sy handtekening daaronder kan voeg nie. Ons gee ons redakteurs nie opdragte nie. Ons is vriende en ons gesels met mekaar en ons verstaan mekaar. (Die Eerste Minister het daaraan herinner dat die Nasionale Pers wel sy koerant 'n opdrag in verband met die OB gegee het. Dis so, het ons gesê, maar dit het gevolg op die OB se aangekondigde boikot van Nasionale Pers se koerante en boeke. Dan meen ons daar was nog 'n tweede opdrag in die afgelope 50 jaar. Ons direksie het besluit teen skriftelike opdragte van die direksie aan die redakteurs. Van die artikels van die "kode" kan nie sommerso toegepas word nie.)

In hierdie verband het ons daarop gewys dat Die Burger Nasionale beleid wel dikwels probeer formuleer en beïnvloed het, bv met vlag en aard van republiek. Ons het ook soms van Nasionale beleid verskil, soos met verlening van stemreg aan 18-jariges. Dönges het Burger-steun daarvoor gevra, en ons het gesê dit spyt ons ons kan dit nie gee nie.

Die Eerste Minister het gesê hy sal die volgende dag (Dinsdag) verslag aan die kookus doen en op ons versoek het hy toegestem om 'n verklaring oor die samesprekings aan die pers te doen. Oor die inhoud van die verklaring was ons dit eens.

Die Eerste Minister se houding was vriendelik en billik en die samespreking beskou ons as geslaag - in die omstandighede.

Die drie belangrikste punte is:

Daar is gesê Dagbreek en Die Beeld is albei daar en sal daar bly. Hulle moet albei aanvaar word.

Die Eerste Minister het hom ook daarteen verklaar dat ons koerante mekaar probeer benadeel deur die toediening van steke en haatlikhede en die verspreiding van wanvoorstellings.

Ons het die bekendmaking van die Eerste Minister se "gedragskode vir Nasionale Koerante" gekeer. Ons begryp wel wat die Eerste Minister verlang. Hy begryp ons posisie en ek dink hy het waardering vir ons standpunt. Vir sover as wat ons kan, moet ons hom steun.

Aldus dr. Weber.

Kort hierná - op 18 April 1969 - maak Pienaar van "broei=ende binnestryd" melding in 'n persoonlike brief aan mnr. Recht Malan: "Dit het natuurlik magtig baie tot ons snelle groei bygedra dat daar van die begin af op landwyse skaal georganiseerd teen Die Beeld stemming gemaak is en vandag nog word. Maar ek moet erken dat hier in die vierde jaar dit my senuwees 'n bietjie laat span om nog altyd onder 'n vergrootglas te leef. Ek wens werklik die broeiende politieke binnestryd wil nou na buite uitbars. Dit sal die wêreld vir Die Beeld heelwat makliker maak." 124)

7.9 DR. HERTZOG SE "CALVINISTIESE TOESPRAAK" EN DIE BEELD

Ná sy weglating uit die Kabinet het dr. Hertzog nie veel te sê gehad in die Parlement nie - tot op 14 April 1969. Daar= die dag het hy 'n verreikende toespraak gelewer wat as die "Calvinistiese toespraak" bekend staan.

Hy het as ervare en uitgeslape politikus op subtiële wyse verkondig dat samewerking tussen die "Calvinistiese" Afrikaner en die "Liberalistiese" Engelsman vir die Afrikaner gevaar=lik kan wees. Hy het by implikasie mnr. Vorster se beleid van blanke samewerking bevraagteken.

Hy het gesê dat in wat vir Suid-Afrika voorlê, dit weer die man sal wees wat die Calvinistiese beginsels dra wat aan die voorpunt van die beskawingstryd sal wees. Die Afrikaans=sprekendes is nog hoofsaaklik geanker aan hul kerk en gods=diens, terwyl die Engelssprekendes basies nie Calvinisties is nie, maar liberaal. Die blanke volk sou ineengestort het as "ons Engelssprekende alleen moes gestaan het."

Alle Afrikaanse koerante met uitsondering van Die Vaderland en Hoofstad het in mindere of meerdere mate standpunt teen dr. Hertzog ingeneem.

In 'n hoofartikel sê Die Beeld op 27 April 1969 die uit-tartende houding van dr. Hertzog maak dit nou al hoe onwaarskynliker dat 'n openlike breuk in die NP vermy kan word. Hoewel dit vir die party 'n treurige dag sou wees, is tot dusver aan die kant van die party met die grootste geduld opgetree. Maar dit kan net tot 'n sekere punt voortduur. Geen party met selfrespek kan hom oorgee aan afpersing soos dié wat nou in die naam van die Calvinisme deur dr. Hertzog gepleeg word en wat hom soveel sigbare genot verskaf nie. In dieselfde koerant (27 April 1969) sê Grosskopf in 'n Politieke Beeld dr. Hertzog se tyd raak nou min. "Die mense se tyd om te kies in watter loopgraaf hulle hul politiek wil uitvoer, word benoud min. Nietemin sal hulle moet kies."

Ná aanleiding van die opmerkings van Die Beeld verdedig dr. Hertzog homself op 2 Mei op Badplaas, waar hy Die Beeld en Die Burger daarvan beskuldig dat hulle verantwoordelik is vir die hele bohaai oor sy "Calvinistiese toespraak." Hy sê dat hy nie die Engelssprekende beledig het nie, dit is net Die Beeld en Die Burger wat dit so vertolk het. Die Beeld antwoord: "Wanneer mense wat ná 'n knoeiery vasgevat word, hulle voordoen as ridders van die Christendom, is dit tyd vir die ordentlike Afrikanerdom om op te staan en te sê: Tot hiertoe en nie verder nie." 125)

Die daaropvolgende week (11 Mei 1969) berig Die Beeld in 'n hoofstorie dat dr. Hertzog 'n brief aan talle mense gestuur het waarin verduidelik word dat hy in sy toespraak op 14 April nie teen die partyleiding wou gaan nie, hy wou maar net die belange van die party beskerm. Strydig met dié verduideliking verskyn in dieselfde koerant 'n berig na aanleiding van 'n openbare optrede van dr. Hertzog in sy kiesafdeling, Ermelo. Dr. Hertzog, so word berig, sê daar is magte in Suid-Afrika aan die werk wat die Afrikaner se eie en die Calvinisme wil afbreek, en dat hy nie alléén daarteen staan nie. Hy en 'n paar ander LV's het dit op hulle geneem om daarteen te staan en dit te beveg.

Mnr. Grosskopf antwoord in 'n Politieke Beeld: "Woorde is baie nuttig om gedagtes te verberg, en niemand gebruik dié skuldiging beter as dr. Hertzog nie. Nou haal hy maar weer sy obsessies teen Die Beeld uit. Hokaai, dr. Albert, hokaai!"

Nasionaliste het in spanning gewag dat dr. Hertzog moes praat: hy kon net die vrede in die koukus verstewig of nog spanning skep. Hy en sy ondersteuners gaan egter voort met hulle aanvalle op Die Beeld. Op die ASB-kongres van 1 tot 5 Julie 1969 in Pretoria was daar 'n byna twee uur lange bespreking oor Die Beeld en Die Burger omdat hulle verwarring onder die Afrikaners sou saai.

In die daaropvolgende maande was dit oënskynlik "stil aan die front." Agter die skerms is onderlinge samesprekings gevoer tussen die twee politieke "bondgenote", die Nasionale Party en die Nasionale Pers, soos dié teleksboodskap van dr. Phil Weber aan Die Beeld en Die Volksblad aandui:

"Ek het gistermiddag die Prime (die Eerste Minister) op my versoek gespreek. Ek het die volgende gesê: Op 20 Mei het hy 'n verklaring oor 'n kontrak met Hertzog uitgereik. Hertzog het onderneem om sekere dinge te doen, en hy het twee vergaderings daarná gehou. In sy toesprake het hy enersyds sake rakende homself en die party behandel en andersyds 'n kwaai aanval op Die Burger en Die Beeld gedoen en dan ook op die persoon van Piet Cillié.

"Van baie kante en ook van hom, nl. die Prime, het die versoek gekom dat ons koerante tog asseblief nie moet lostrek nie, en dit het hulle op hul eie besluit. Hulle het gewag om te kyk wat die party sou doen en wel op die Dinsdag. Niks het gebeur nie en daarvan moet ons aflei die party is tevrede met Hertzog se verduidelikings.

"Maar nog meer. Teen die einde van die Prime se verklaring van 20 Mei lui dit: 'Alle lede van die kookus is diep onder die besef dat voortaan niks gedoen of geduld moet word wat die Nasionale Party kan skaad nie.' Omdat die party skynbaar tevrede is met Hertzog se toesprake op sy jongste twee vergaderings, moet 'n mens dus ook aflei dat skerp aanvalle op Die Burger en Die Beeld en eersvermelde se redakteur (en wel op grond van die onwaarheid dat kopsie teen Hertzog se toespraak in die Volksraad eers gemaak is nadat die twee koerante daarvoor gekla het), nie die Nasionale Party skaad nie. Dit alles kan gedoen en sal geduld word. Maar kan die partyleiding in die omstandighede dan verwag dat ons koerante moet swyg en die saak nie moet regstel nie?

"Hulle is dit tog aan hulself en aan hul goeie naam verksuldig om die feite te gee soos hulle inderdaad is.

"Die Prime het gesê Hertzog is so dood soos 'n mossie. Op sy jongste twee vergaderings was net 'n handjievul mense aanwesig en hulle is huis toe sonder enige mosie. 'n Groter belediging kan daar nie wees nie. Vertroulik het hy gesê die distrikbestuur van Ermelo vergader binne 'n week of twee en dis tog die liggaam wat moet optree.

"Besondere publisiteit aan Hertzog sal hom belangrikheid gee wat hy nie verdien nie. Ek het gevra of die party sou swyg indien Hertzog sy aanvalle op ons op die party sou gerig het, en die antwoord was nee. Maar die Prime voel tog 'n mens moet hom liever los. Indien hy egter sou voortgaan om ons aan te val, dan dink hy ons koerante sou hom 'n be hoorlike oorveeg moet gee. Dan behoort ons ook te meld dat ons tot dan toe geswyg het om gehoor te gee aan die aangehaalde woorde uit die verklaring van 20 Mei.

"In hierdie sake moet julle as redakteurs self besluit. Hoofkantoor deel nie opdragte aan sy redakteurs uit nie. Ek verstrek net inligting wat hulle sal help om jul be= sluite te neem. Maar as ek as oud-redakteur my persoon= like mening mag gee, is dit die volgende: Ek dink nie dit dien enige goeie doel om Hertzog sleg te sê en baie kommen= taar op sy optrede uit te oefen nie. Die Nasionale publiek as geheel het nie lus vir 'n twisgeskryf nie. Ook die koukus het nie lus vir 'n ding nie. Baie lede verwag Hertzog sal maar voortgaan en dinge vir hom onmoontlik maak. Maar ek voel wel ons lesers moet die feite kry.

"En daar moet geen onduidelikheid wees oor die wanvoorstelling van Hertzog dat sy toespraak in die Volksraad eers kritiese aandag getrek het nadat Die Burger (ek dink hy het ook eers Die Beeld bygevoeg) daarteen beswaar gemaak het nie. In dié verband dink ek dat die stuk in Die Burger van Maandag baie effektief is. Dit sê mense in die Parlement ook. Dit stel die feite, en vir Hertzog se saak is dit verdoemend. Ek lees Die Volksblad nie goed nie, maar ek het dit nie daarin opgemerk nie. So 'n nugtere stelling van feite is doeltreffender as kolomme kommentaar, veral as 'n mens Hertzog se hoofaanklag teen ons daarby plaas, nl dat daar geen kritiek teen hom sou gewees het as dit nie was vir Die Burger en Die Beeld nie. Groete." ¹²⁶⁾

Dit was nie voor Augustus 1969 dat ministers P.W. Botha en Ben Schoeman van die openbare verhoog af erken het dat daar 'n "politieke siekte in Nasionale Party-geledere is nie." Mnr. Schoeman praat by Innesdal, Pretoria, openlik oor die rysmiering in die party (Die Beeld het dit natuurlik reeds lankal gesê), en minister P.W. Botha praat op Witbank van 'n "nuwe siekte." Terselfdertyd breek hy 'n lans vir die Nasionale koerante deur as Kaaplandse leier te sê: "Kaapland het die hoogste agting vir die party en sy koerante. Sonder hierdie koerante as medestryders is die toekoms van die land nie veilig nie." ¹²⁷⁾

7.10 DR. HERTZOG UIT DIE NASIONALE PARTY

Die provinsiale kongresse van die Nasionale Party in 1969 was ophande. Schalk Pienaar besef die twis in NP-geledere stuur op 'n punt af. Hy skryf: "Sterk en beslissende aksie teen weerbarstigtes in die Nasionale Party is aan die kom - en sommer gou ook." ¹²⁸⁾

Alle oë was op die die eerste van die provinsiale kongresse, dié van Transvaal. Dit het met 'n gevoel van afgagting begin. Binne die eerste paar uur laat waai mnr. Jaap Marais met een van sy tradisionele aanvalle op die Afrikaanse koerante. Anders as 'n jaar of twee vroeër, toe so 'n aanval deur 'n groot groep ondersteun en toegejuig is, word dit nou summier verwerp. Die invloed van Die Beeld en ander koerante wat teen die ondermyning geskryf het, het finaal tot die partylede deurgewerk.

Mnr. Ben Schoeman, leier van die NP in Transvaal, toon hom vasbeslote om die verkrampes in die openbaar te dwing. In sy openingstoespraak, kort ná mnr. Marais se aanval, stel hy dit duidelik dat die oomblik van waarheid aangebreek het. Die ondermyning moet ophou, en hy wil weet waar elke man en vrou staan. Hy waarsku dat die party ná die kongres sal op tree teen lede wat weier om 'n meerderheidsbesluit te aanvaar.

Daar sou onmiddellik oor vier beskrywingspunte gepraat en gestem word. Die eerste twee was Afrikaans-Engelse samewerking en die teenwoordigheid van swart diplomate. Albei is sonder teenstem aanvaar. Niemand het buite stemming gebly nie. Ook 'n punt oor immigrasie het geen drama opgelewer nie.

Met die besprekingspunt oor die Regering se sportbeleid het die vonke gespat.

Dr. Hertzog het geruime tyd al besware teen die sportbeleid gehad, veral teen die insluiting van Maori's in die All Blacks se rugbyspan. Hy herhaal sy standpunt en word ondersteun deur mnre. Jaap en Willie Marais, onderskeidelik LV's vir Innesdal en Wonderboom.

Uit meer as 1 000 afgevaardigdes stem elf - insluitend dr. Hertzog - téén die sportmosie. Sewe - insluitend mnr. Jaap Marais - bly buite stemming. Die name van al hierdie mense word aangeteken, en daar word verklaar dat hulle hul posisie aan hul onderskeie afdelingbesture sal moet verduidelik.

Met die entoesiastiese steun van mnr. Ben Schoeman het premier Vorster eindelijk daarin geslaag om die harde kern van die rebelle te isoleer. ¹²⁹⁾ Dit was nou duidelik: die breuk is finaal.

Die Beeld berig: "Dr. Hertzog se uur het geslaan." Dramatiese openbare optrede teen dr. Hertzog word gevra en 'n volledige lys van "verdagte dinge" wat agter die naam van dr. Hertzog geskryf kan word, word genoem. Die koerant gaan voort: "Wat Die Beeld betref, ons is baie bly dat hierdie dinge ten slotte in die openbaar gekom het en tot op 'n punt gedryf is. Dit maak hopelik 'n einde aan die onsmaklikhede wat so lankal verduur moes word.

"Vir lesers van die mees beskinderde Afrikaanse Nasionale koerant, Die Beeld, kon die dramatiese gebeurtenis Woensdag-aand op die Transvaalse Nasionale kongres geen verrassing gewees het. Dit was die openbare klimaks van 'n sleggende partyvete wat soms na buite gekom het, maar hoofsaaklik oor 'n lang tydperk agter geslote deure gehanteer is, sonder dat dit heeltemal gedemp kon word.

"Hieroor het die koerante wat hulle plig teenoor hulle lesers en ook teenoor hulle party gedoen het, nie geswyg nie.

"Daaroor het hulle baie onsmaklikhede verduur. Wanneer die proses dan van tyd tot tyd in Die Beeld oopgeruk is, was daar 'n groot lawaai onder die insypelaars, en ongelukkig ook soms baie skerp kritiek deur mense en instansies wat anders sou geoordeel het as hulle die hele situasie sou geken het." 130)

Die Beeld het homself bewys.

7.11 VERKIESINGSVERRASSING

Op die daaropvolgende Vrystaatse kongres in September het mnr. Vorster aangekondig dat 'n Volksraadsverkiesing in April 1970 sou plaasvind.

Die Beeld voorspel die lewendigste verkiesing in baie jare. Sommer uit die staanspoor het die koerant begin om alles in, om en oor dr. Hertzog en sy vriende weer onder die aandag van sy lesers te bring. Die Beeld sou weer sy invloed laat geld.

Ondertussen het die afdelingsbestuur van die Nasionale Party in Ermelo met 64 stemme teen 23 besluit om dr. Hertzog uit die party te skors. Saam met mnre. Jaap en Willie Marais (onderskeidelik LV's vir Gezina en Wonderboom) en mnr. Louis Stofberg (LV vir Worcester) word dr. Hertzog stigterlid van 'n nuwe politieke party, die Herstigte Nasionale Party.

'n Paar dae later, op 8 Oktober 1969, vind 'n vergadering in die stadsaal van Pretoria-Noord plaas waar 'n aksiekomitee aangewys word vir die hou van 'n kongres van die nuwe party. Die lede was ds. A.J.G. Oosthuizen, mnre. Jaap Marais, Louis Stofberg, Jan Jooste, Daan Goosen en Gert Beetge, dr. At van Wyk en prof. A.B. du Preez. Dr. Andries Treurnicht is gekoöpteer, maar het nie aanvaar nie.

In Die Beeld van 12 Oktober 1969 verskyn op die voorblad een van die min aanvalle uit die pen van Pienaar op die redakteur van 'n ander koerant. Die aanleiding is 'n artikel van dr. Treurnicht in Hoofstad waarin hy beweer dat Pienaar op 'n vergadering by Tukkies regstreekse verteenwoordiging van Kleurlinge in die blanke parlement voortgestaan het as die enigste oplossing vir die Kleurlingkwessie. Pienaar ontken dit ten sterkste en eis van dr. Treurnicht om 'n regstelling in Hoofstad te plaas.

Dr. Treurnicht het eers geweier, maar dit toe tog 'n paar weke later wel gedoen.

In sy voorblad-aanval beskuldig Pienaar dr. Treurnicht daarvan dat hy die pers se kode verbreek het en dat hy in die heersende Afrikanertwis "op die draad sit." Hy voeg by: "Ek beskou dat, as hy van die draad afval aan die Hertzogkant, waar hy tuishoort, hy met sy metodes van veg en smeer 'n uitstekende leier van daardie politieke sekte sal wees." Twee weke later skryf Pienaar dat dr. Treurnicht se weiering om in die HNP se aksiekomitee te dien, 'n groot teleurstelling vir die nuwe party is.

Op die stigtingskongres van die Herstigte Nasionale Party in Pretoria se Skilpadsaal op 25 Oktober 1969 het dr. Hertzog leier geword. Ironies dat in dieselfde saal dr. Treurnicht dertien jaar later - in 1982 - leier geword het van nog 'n regse party wat van die Nasionale Party af weggebreek het, die Konserwatiewe Party.

Ondanks dr. Treurnicht se verbintenis met die HNP het hy as redakteur van Hoofstad aangebly. Dawie van Die Burger se kommentaar was dat dr. Treurnicht in die Nasionale Party bly om te doen wat dr. Hertzog van buite doen. Dr. Treurnicht het later sy posisie in die Nasionale Party verstewig deur in Junie 1971 LV vir Waterberg te word in die plek van mnr. Hans Campher, wat oorlede is. Sy vroeëre vriend, stigterlid en latere leier van die HNP, mnr. Jaap Marais, het hom in 'n tussenverkiesing teengestaan, maar is met 2 182 stemme teen 5 456 verslaan.

Die Beeld, wat in die stryd binne partygeledere deurentyd moes deurloop, berig pas ná die stigting van die HNP:

"Die Beeld staan vierkant by die Regering, hoewel daar baie mense is wat ook by die Regering staan en nie van Die Beeld hou nie, en andersom. In albei gevalle is daar seker maar goeie redes voor." 131)

In die weke wat gevolg het, het elke uitgawe van Die Beeld die "Hertzogiete" aan die kaak gestel, hul motiewe geïdentifiseer en die leserspubliek van nou sowat een miljoen ingelig gehou. Onder meer sê die blad: "Dit is tog heeltemal duidelik waarmee ons te doen het. In 'n kampanje wat oor jare gestrek het, het mense wat nou in die leierskorps van die HNP sit, verskeie van die belangrikste Afrikanerinstellings van binne probeer oorneem." 132)

Die HNP het sy verkiesingveldtog teen die Nasionale Party begin met 'n offensief teen Die Beeld, Die Burger en Die Volksblad. Die Beeld sê: "Hulle haat ons met 'n wreweilige en onblusbare haat. Daarvoor het hulle alle rede." En dan: "Dit was ons wat hulle en hulle ondermyning uitgewys het toe hulle nog ondergronds was, en daarmee hulle planne in die war gestuur het. Dit was ons wat gewaarsku het teen hulle rysmiering van die Nasionale Party en Afrikanerorganisasies met metodes wat aan die Nasionale Afrikaner vreemd is.

"Sonder ons sou hulle veel langer ondergronds gebly het, met hulle planne veel verder gevorder het en veel groter skade kon aangerig het.

"Daarom sê ek dat hulle alle rede het om ons te haat, en ons beskou dit as 'n kompliment deur ons uit te gekies het as die beginpunt van hulle persoffensief hierdie week.

"Terloops, dankie vir die publisiteit, dis goed vir sirkulasie. Ons s'n." 133)

Dié rubriek uit die pen van Pienaar vertel die Hertzog-Beeldvete die beste. Hy word deur mense soos mnr. Dirk Richard, Joel Mervis, John Vorster en Denis Worrall ondersteun in die stelling dat Die Beeld die ondermyning uitgewys en die HNP se stigting geforseer het. 134) Wat die "publisiteit" betref - daarvan getuig die steeds stygende sirkulasie van die koerant, die toenemende impak.

Met die naderende verkiesing het Die Beeld se berigte oor die doen en late van die HNP geensins afgeneem nie. Die spot het nie agterweë gebly nie: "Nou is ons op die slagveld. Die nuutste kandidaat vir die begraafplaas van Suid-Afrikaanse koerante is vandeeweek gebore - Die Afrikaner" (mondstuk van die HNP) 135)

Pienaar was glad nie bekommerd dat die HNP in die verkiesing hond haaraf sou maak nie. Hy het geglo hulle sou in geen enkele kiesafdeling wen nie. "Daar is 'n moontlikheid dat hulle in drie of vier, maak dit maar vyf of ses setels, hulle deposito's sal red." 136) Die HNP kon drie deposito's uit 78 red.

Dit het nie beteken dat die verkiesing nie as belangrik beskou is nie. "Ons het nog geen belangriker verkiesing ingegaan nie." Mnr. Pienaar sê van die amptelike opposisie, die Verenigde Party: "Vir die Verenigde Party lê die mees kritieke verkiesing van sy bestaan voor, en vir sy leier 'n persoonlike toets wat niemand hom beny nie." 137)

Maar sy vernaamste teiken was die HNP. Geen uitgawe van Die Beeld het verskyn sonder berigte, artikels en rubrieke wat oor die HNP gehandel het nie.

Baie herhaling het voorgekom. Soms raak Pienaar venynig, soos toe hy gesê het die HNP is 'n party wat bepaald die dood in hom omdra. "Alles waaraan hy vat, word besmet. Hy verteenwoordig 'n politieke rigting wat, as hulle sou groei, vir Suid-Afrika alleen die grootste onheil kan inhou." 138)

In die twee uitgawes vóór die verkiesing is swaar geleun op die wete dat die koerant gewig dra by die publiek, dat sy impak groot is. Albei uitgawes word byna geheel aan die verkiesing gewy. Hoewel melding gemaak word van die Verenigde Party en die Progressiewe Party, is die HNP die vernaamste skyf. Tog sê mnr. Vorster Die Beeld het die NP in sy verkiesingstryd nie veel gehelp nie. 139)

Die uitslae was ramspoedig vir die HNP. Hy het sy vier Volksraadslede verloor en net drie kandidate uit 78 kon hul deposito behou. Die VP het 'n verrassende agt setels van die NP verower - 'n teleurstelling ook vir Die Beeld. "Die groter steun vir die VP was 'n teenreaksie sonder positiewe eie inhoud, en in dié gees het hy ook groter steun gekry. Die uitslag van die verkiesing is vir die Nasionale Party 'n teleurstelling. Wat Die Beeld betref, ons het meer verwag. Die bepalende faktor van hierdie verkiesing was die wegblystem. Dit was geen beginsel-wegblystem nie, maar 'n verwarring-wegblystem." 140)

Sy raad vir die Nasionale Party is: "Soek 'n goeie verkoop=tegniek. Jy verkoop nie 'n goeie produk op die verlede nie, maar op die toekoms. Die jeug moet besiel word met politieke toekomsvisioene." 141)

Die Beeld het nie lank genoeg bestaan om sy trekmaat, die Nasionale Party, in hierdie benadering by te staan nie. 'n Paar maande later het hy en Dagbreek saamgesmelt in Rapport.

Die hoofstuk word deur Pienaar self afgesluit: "Wat Die Beeld toe as goed en reg vir die komende nuwe Suid-Afrika gepredik het, en waarvoor hy toe gekruisig is, is vandag establishment-taal. Niks kan die stelling sterker bewys dat die koerant wat sy plig doen ook 'n besondere plig het teenoor sy status as soewereine lid van die Afrikaner-establishment nie, en dat hy 'n voorloper moet wees ..." 142)

7.12 POLITIEKE IMPAK - MENINGS

Die afleiding kan gemaak word dat dit hoofsaaklik Die Beeld was wat verantwoordelik was vir die afstigting van die Hertzog-groep.

Mnr. John Vorster meen dat Die Beeld die vernaamste aandeel gehad het in die wegbreking: "Die koerante het dit nie ontmasker nie, maar dit bloot aan die groot klok opgehang en die skeur groter gemaak. Schalk Pienaar en Die Beeld het hierin die leidende rol gespeel.

"Maar al was die koerante nie daar nie, sou daar nooit versoening binne die party kon kom nie. Met Albert Hertzog kon daar nie versoening kom nie." 143)

Dr. Phil Weber: "Schalk Pienaar was die eerste Afrikaanse koerantredakteur wat openlik teen die rysmiering geskryf het en het sekerlik aan Die Burger leiding uit Transvaal gegee. Die Burger het ook nie so reguit en skerp geskryf nie omdat hy nie met die onmiddellike ding te doen gehad het nie. Schalk het gesien, en reg gesien, dat Hertzog 'n kanker was wat besig was om te vreet.

"Die skeuring sou wel gekom het. Schalk se optrede het dit verhaas, gemaak dat die party dit gouer beseef en gevolglik opgetree het. Hierdie 'verhasing' het ongetwyfeld veroorsaak dat die skeuring kleiner was." 144)

Dr. Denis Worrall: "Schalk Pienaar het sy lesers saam met hom geneem oor 'n lang periode. Sy invloed was groter as die meeste ander redakteurs en sy raad baie aanvaarbaar." 145)

Dr. Willem de Klerk: "Schalk Pienaar was die eerste wat berig gelewer het oor die sweer in die Nasionale Party, en die HNP was 'n direkte uitvloeisel daarvan. Perskor se koerante, en met name Die Transvaler ná my koms - en dit sê ek in nederigheid - het deurgebreek met dieselfde trant en styl. Ek meen dat Die Transvaler onder my leiding 'n voortsetting was van die Schalk Pienaar-tradisie. Mededinging bring altyd vernuwing. En dit was ook die geval met die Dagbreek-Beeld-stryd - dit betrek meer lesers en dit vestig tradisies." 146)

Dr. Albert Hertzog: "Die Beeld het beslis die stigting van die HNP verhaas. Die skeuring is deur die Nasionale blaaië en veral Die Beeld bevorder." 147)

Mnr. Joel Mervis: "Schalk Pienaar was 'n baanbreker in die onafhanklike Afrikaanse joernalistiek. Sy impak lê daarin dat hy deur ander koerantredakteurs nagevolg is in sy berigging, waarin hy nie gehuiwer het om bv. die Regering te repudieer as hy gemeen het dis nodig nie." 148)

Mnr. Ton Vosloo: "Die Beeld het die HNP die eerste onthul. Die Beeld het die eerste skote laat klap, en Die Beeld is reg bewys. In die proses is die koerant aanvaar en is sy geloofwaardigheid aanvaar." 149)

Mnr. Dirkie de Villiers: "Die Beeld se Schalk Pienaar het iets besonder aan die pers van SA gegee. Hy het die pers van Suid-Afrika gehelp om 'n hoë ideaal van vryheid - vryheid van die pers - te bereik. Hy het Afrikaanse joernaliste tot volwassenheid gelei." 150)

Mnr. J.H.P. Serfontein: "Dit was juis die voortdurende geskryf oor interne woelinge deur Die Beeld, Die Burger, Die Volksblad en in 'n veel mindere mate Dagbreek, wat uiteindelik die grootste enkele faktor was om hierdie sake tot openbaarheid te dwing. Die koms van Die Beeld het aan die Afrikaanse joernalistiek 'n geweldige stoot gegee. Die Beeld is beslis een van die uitsonderlike prestasies van die Afrikaanse joernalistiek die afgelope 50 jaar. En dit het die Afrikanersaak, ook die Afrikaanse taalsaak, meer gebaat as iets anders." 151)

- 1) Dr. Willem de Klerk in 'n persoonlike onderhoud.
- 2) Serfontein, J.H.P., Die Verkrampde Aanslag p. 219
- 3) Ries, Alf en Domisse, Ebbe, Broedertwis p. 1
- 4) Mnr. John Vorster in 'n persoonlike onderhoud.
- 5) Dr. Willem de Klerk in 'n persoonlike onderhoud.
- 6) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 7) Die Beeld 7 November 1965
- 8) Ibid.
- 9) Die Beeld 19 Desember 1965
- 10) Die Beeld 16 Januarie 1966
- 11) Die Beeld 27 Februarie 1966
- 12) Die Beeld 6 Maart 1966
- 13) Die Beeld 3 April 1966
- 14) Ibid.
- 15) Serfontein, J.H.P., Op cit. p. 66
- 16) Die Beeld 7 Augustus 1966
- 17) Die Beeld 3 Julie 1966
- 18) Die Burger 15 Julie 1966
- 19) Die Burger 16 Julie 1966
- 20) Die Beeld 24 Julie 1966
- 21) Mnr. J.J. du Plessis destyds lid van die ASB-hoof= bestuur en student aan die UP.
- 22) Die Beeld 7 Augustus 1966
- 23) Die Burger 6 Augustus 1966
- 24) Die Beeld 7 Augustus 1966
- 25) Die Beeld 14 Augustus 1966
- 26) Serfontein, J.H.P., Op cit. p. 66
- 27) Die Beeld 14 Augustus 1966
- 28) Ibid.
- 29) Pienaar, Schalk, Tien Jaar Politieke Kommentaar p.8
- 30) Serfontein, J.H.P., Op cit. p. 59
- 31) Die Beeld 9 Oktober 1966
- 32) Die Beeld 16 Oktober 1966
- 33) Ibid.
- 34) The SA Observer Oktober 1966
- 35) Die Beeld 20 November 1966
- 36) Die Burger 19 November 1966
- 37) Die Beeld 20 November 1966
- 38) Die Beeld 9 Oktober 1966
- 39) Die Beeld 16 Oktober 1966
- 40) Die Beeld 27 November 1966
- 41) Serfontein, J.H.P., Op cit. p. 83
- 42) Die Beeld 27 November 1966
- 43) Die Beeld 5 Februarie 1967
- 44) Die Beeld 5 Maart 1967
- 45) Die Beeld 12 Maart 1967
- 46) Die Beeld 12 Maart 1967
- 47) Die Beeld 2 April 1967
- 48) Die Beeld 16 April 1967
- 49) Die Beeld 14 Mei 1967
- 50) Die Beeld 28 Mei 1967

- 51) Die Beeld 4 Junie 1967
- 52) Die Beeld 11 Junie 1967
- 53) Die Vaderland 2 Junie 1967
- 54) Serfontein, J.H.P., Op cit. p. 97
- 55) Korrespondensie tussen dr. Phil Weber en mnr. Schalk Pienaar, 14 Februarie 1969
- 56) Die Beeld 25 Junie 1967
- 57) Die Beeld 2 Julie 1967
- 58) Serfontein, J.H.P., Op cit. p. 103
- 59) Schoeman, Ben, Op cit. p. 334
- 60) Dr. Hertzog in 'n persoonlike onderhoud.
- 61) D'Oliviera, John, Op cit. p. 203
- 62) Die Beeld 9 Julie 1967
- 63) Die Beeld 23 Julie 1967
- 64) Ibid.
- 65) Die Beeld 30 Julie 1967
- 66) D'Oliviera, John, Op cit. p. 204
- 67) Ibid.
- 68) Die Beeld 30 Julie 1967
- 69) Die Beeld 6 Augustus 1967
- 70) Die Beeld 13 Augustus 1967
- 71) Ibid.
- 72) Ibid.
- 73) Mnr. B.J. Vorster in 'n persoonlike gesprek, en D'Oliviera, John, Op cit. p. 204
- 74) D'Oliviera, John, Op cit. p. 204
- 75) Die Beeld 3 September 1967
- 76) Ibid.
- 77) Die Beeld 10 September 1967
- 78) Serfontein, J.H.P., Op cit. p. 136
- 79) Die Beeld 10 September 1967
- 80) Ibid.
- 81) Die Beeld 17 September 1967
- 82) Ibid.
- 83) Ibid.
- 84) Die Beeld, 10 September 1967
- 85) Die Beeld 24 September 1967
- 86) Ibid.
- 87) Ibid.
- 88) Ibid.
- 89) Die Beeld 15 Oktober 1967
- 90) Ibid.
- 91) Die Beeld 22 Oktober 1967
- 92) Ibid.
- 93) Die Beeld 5 November 1967
- 94) Ibid.
- 95) Die Beeld 14 Januarie 1968
- 96) Die Beeld 10 Maart 1968
- 97) Die Beeld 16 Junie 1968
- 98) Die Beeld 26 Mei 1968
- 99) Schoeman, Ben, Op cit. p. 335
- 100) Pienaar, Schalk, 10 Jaar Politieke Kommentaar, p. 23

- 101) Die Beeld 30 Junie 1968
- 102) Die Beeld 7 Julie 1968
- 103) Die Beeld 14 Julie 1968
- 104) Die Beeld 21 Julie 1968
- 105) Die Beeld 4 Augustus 1968
- 106) Die Beeld 11 Augustus 1968
- 107) D'Oliviera, John, Op cit. p. 218
- 108) Die Beeld 18 Augustus 1968
- 109) Ibid.
- 110) Ibid.
- 111) Die Beeld 15 September 1968
- 112) Die Beeld 22 September 1968
- 113) Die Beeld 13 Oktober 1968
- 114) Die Beeld 3 November 1968
- 115) Die Beeld 15 Desember 1968
- 116) Schoeman, Ben, Op cit. p. 352
- 117) Die Beeld 1 Desember 1968 en Pienaar, Schalk,
Getuie van Groot Tye, p. 111
- 118) Die Beeld 9 Februarie 1968
- 119) Die Beeld 26 Januarie 1969
- 120) The Sunday Times, 19 Januarie 1969
- 121) Uittreksel uit brief van mnr. Pienaar aan
dr. Phil Weber op 18 Februarie 1969
- 122) Brief van die Eerste Minister.
- 123) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 105
- 124) Uittreksel uit 'n brief van mnr. Schalk
Pienaar aan mnr. Recht Malan op 18 April 1969
- 125) Die Beeld 4 Mei 1969
- 126) Teleksboodskap.
- 127) Die Beeld 24 Augustus 1969
- 128) Ibid.
- 129) Die Beeld 29 Augustus 1969
- 130) Die Beeld 14 September 1969
- 131) Die Beeld 19 Oktober 1969
- 132) Die Beeld 2 November 1969
- 133) Die Beeld 30 November 1969
- 134) Persoonlike onderhoude en mededelings.
- 135) Die Beeld 30 November 1969
- 136) Die Beeld 1 Februarie 1970
- 137) Die Beeld 8 Februarie 1970
- 138) Die Beeld 22 Maart 1970
- 139) Mnr. John Vorster in 'n persoonlike onderhoud.
- 140) Die Beeld 26 April 1970
- 141) Die Beeld 5 Julie 1970
- 142) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 132
- 143) Mnr. John Vorster in 'n persoonlike onderhoud.
- 144) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 145) Dr. Denis Worrall in 'n persoonlike onderhoud.
- 146) Dr. Willem de Klerk in 'n persoonlike onderhoud.
- 147) Dr. Albert Hertzog in 'n persoonlike onderhoud.
- 148) Mnr. Joel Mervis in 'n persoonlike onderhoud.
- 149) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 150) Mnr. Dirkie de Villiers in November 1970 tydens
mnr. Pienaar se afskeid by Die Beeld.
- 151) Serfontein, J.H.P., Op cit. p. 221

HOOFSTUK 8

TWEE HOOFKARAKTERS

8.1 INLEIDING

Twee politieke figure wat as nuusmakers kop en skouers bo die res uitstaan in die koerante van 1965 tot 1970, is die Eerste Minister, mnr. John Vorster, en 'n minister in sy kabinet wat in 1969 weggebreek het om sy eie party te vorm, dr. Albert Hertzog.

Sy verhaal van "ondermyning" het 'n nimmereindige hoeveelheid interessante, nuuswaardige en belangrike stof gelewer. Die oopsny van die sweer (met Schalk Pienaar in Die Beeld as hoof-chirurg, goed geassisteer deur sy kollegas van susterkoerante) was die heel belangrikste faktor in Die Beeld se sirkulasie-sukses. Noukeurig het Pienaar te werk gegaan om elke spoor van infeksie te verwyder - geen persoon, gebeurtenis of publikasie wat deel van dr. Albert Hertzog se aanslag gevorm het, is oorgeslaan nie. Sy hakkejag was meedoënloos.

8.2 DR. ALBERT HERTZOG

Dr. Hertzog was die belangrikste tema van sy rubrieke oor baie jare, en male sonder tal het hy Die Beeld en Pienaar aangeval na aanleiding van onthullings of ander Hertzog-nuus in Die Beeld.

In 1968 skryf Pienaar: "Die Eerste Minister het lede van die Nasionale Party wat met die partybeleid nie saamstem nie, herhaaldelik gevra om pad te gee, 'n eie party te stig en die Nasionale Party van voor af te beveg. Dr. Hertzog is besig om homself uit te wys as een van die mense op wie so 'n versoek van toepassing kan wees." ¹⁾

Pienaar was so seker van sy saak dat dr. Hertzog besig was om die Nasionale Party en mnr. Vorster te ondergrawe, dat hy nie gehuiwer het om hom tromp-op te loop nie. Dié soort beriggewing het dr. Hertzog as 'n "persoonlike vete" beskou.

"Pienaar," het dr. Hertzog gesê, "het uit sy pad gegaan om aanstoot te gee. Want as jy 'n man aanval en jy beledig hom, lees die man die koerant om te weet hoe sleg hy gemaak word. Gelyktydig juig sy vyande en koop weer die koerant om te sien hoe jy aangeval is.

"Schalk Pienaar was altyd persoonlik in sy politieke kommentaar - hy het nie omgee om jou swart te smeer nie. Hy het dit darem nie só gedoen dat dit afstootlik vir die leser was nie - hulle was nogal taamlik oulik, maar altyd vernederend. Schalk Pienaar het 'n wrewelige haat vir my gehad." 2)

(Na aanleiding van hierdie "haat" skryf Pienaar: "Ons sou ongemaklik gewees het as hy (Hertzog) ons as 'n vriend aang sien het.") 3)

Dr. Hertzog erken dat Die Beeld 'n belangrike rol gespeel het in die totstandkoming van die HNP. "Die Beeld het beslis die stigting verhaas. Die skeuring is deur die Nasionale koerante - maar veral Die Beeld - bevorder. John Vorster was nog nie mooi aan die bewind nie, toe sê Pienaar-hulle ons ondermyn hom. Só het hulle uiteindelik Vorster se gevoel teen ons vreeslik verskerp. Vorster het ons begin haat, en Die Beeld het hom steeds aangehits. Hulle het altyd geposeer asof hulle die kampvegters van Vorster is, en ons sy ondermyners - en Vorster het dit geglo. Die Beeld se taktiek was: Prys Vorster, hy voel gevlei en glo dat ons gemene dinge doen. Die Beeld het die gevoel teen ons laat opbou en vererger. Pienaar het ons as ouderwets en argaïes voorgestel." 4)

Oor hierdie beskuldiging sê Pienaar kortliks dat hy vrede daarmee het as dr. Hertzog Die Beeld en die Nasionale Party aanval, maar eintlik klap hy na die Eerste Minister. ⁵⁾

Dr. Hertzog sê daar was 'n ideologiese gedagte vervleg in Die Beeld se voortdurende aanvalle op hom. Omdat hy en sy groep duidelik gesê het dat, wat hulle betref, die Kleurling nooit die stemreg sal kry nie - "die witman sal Suid-Afrika regeer" - hy en die Nasionale Pers teenoor mekaar stelling ingeneem het. "Die Nasionale Pers wil die witman aftakel vanweë sy (die Pers se) ideologiese liefde vir die Kleurling. Die Beeld en die Nasionale Pers het soms hierdie Kleurling-ideologie gebruik om ons aan te val." ⁶⁾

Mnr. Pienaar het wel deurgaans, binne die breë beleid van die Nasionale Party, simpatie vir die Kleurling getoon. Hy skryf byvoorbeeld: "Dit sou 'n ewel wees as Godsnatuur so gedeel word dat net sekeres sekere plekke kan geniet, soos bv. rotshengel. Nadat daar vir blankes voorsiening gemaak is, is net die tweede en derde beste oor vir die anderkleuriges. (Soos dit met die strandafbakening gegaan het). Skreiend dat die natuur afgebaken moet word." ⁷⁾

Nadat hy ná vier jaar in Johannesburg weer in Julie 1969 in die Boland gekuier het, skryf hy hoe hy opnuut weer besef hoe dinge aan die verander is. Hy het opnuut ontdek hoe die plattelandse Kleurlinge, hoewel nie almal nie, na bo dwing, maar dat die opvallendste vir hom die baie skoolkinders en die toenemende sofistikasie onder die jong Kleurlinge was. ⁸⁾

Dr. Hertzog het nog 'n ander motief in Die Beeld se optrede teen hom gesien: "Die Nasionale Pers-aanvalle het ook verband gehou met die Noord-Suid-stryd. Die Nasionale Pers het besef die Noorde het die grootste seggenskap. Hulle wou toe met 'n koerant in Transvaal poog om ook in die Noorde die politieke mag te kry, lank voor Die Beeld se koms reeds. Strijdom het dit gesien en vir hulle gesê: 'As julle dit doen, sal ek julle beveg en uit die staan=spoor vernietig.' Die Nasionale Pers het s6 geskrik dat hulle nie gekom het nie. 9)

"Toe Verwoerd aan die bewind kom, het die Nasionale Pers geweet hý kan nie so hard soos Strijdom optree nie. Hoewel hy hulle tog probeer keer het, het die Nasionale Pers hom geïgnoreer." 10)

Die redes waarom die Nasionale Pers 'n blad in Transvaal wou uitgee, word elders volledig behandel. Oor die sg. Noord-Suid-stryd antwoord Ton Vosloo: "Ons (Die Beeld) het nie 'n provinsiaal-georiënteerde beleid gevolg nie, maar bloot die Nasionale Party se beleid bevorder." 11)

Volgens dr. Hertzog was die impak wat Die Beeld nagestreef het - en in sekere mate bereik het - afbreking van die witman se moreel en trots, kampvegter vir die Kleurling, opstoker (onder die dekmantel van John Vorster en die Nasionale Party) teen die konserwatiewe blanke Afrikaner, en bevorderaar van beledigende en onsmaaklike joernalistiek.

8.3 PREMIER JOHN VORSTER

Mnr. John Vorster het kort v66r Die Beeld se eerste verjaardag Eerste Minister geword. Van meet af was dit duidelik: Die Beeld en Schalk Pienaar het vierkant agter die nuwe regeringshoof gestaan. Die koerant van 18 September 1966 word byna geheel aan die premierspaar gewy.

In Die Beeld van 18 September stel Pienaar die Eerste Minister soos volg bekend: "Daardie strenge, stroewe voor=koms van hom verberg meer as wat dit openbaar.

"Wat dit openbaar, is 'n man wat streng en stroef kan wees en dit dikwels is. Wat dit verberg, is sy hoflikheid, sy vriendelikheid en sy vermoë om hartlik en maklik met mense om te gaan.

"Dit is hierdie tweede John Vorster agter die eerste wat van nou af in steeds wyer kring bekend en aanvaar sal word."

Hierdie trou aan mnr. Vorster is end-uit volgehou. Die koerant en sy redakteur het soms hul naels af baklei wanneer die Eerste Minister na hulle mening te na gekom of onder=myn is.

In die jare 1966 tot 1970 was daar ook 'n sekere welwillend=heid van die kant van mnr. Vorster teenoor Die Beeld, hoe=wel hy soms Die Beeld (en Dagbreek) oor die vingers geraps het.

Pienaar het aan mnr. Vorster top-prioriteit verleen. Hy vertel in sy boek Getuie van Groot Tye:

"Op 'n dag lui my telefoon in Johannesburg. 'Dis John hier,' sê die stem anderkant, 'John Vorster'.

"Hm! dag ek, wat het die stomme Schalk Pienaar tog nou weer aangevang? Maar dit is heeltemal 'n ander storie.

"'Man,' sê die Eerste Minister, 'ek het 'n moeilikheid, en ek wil jou vra om my te help.'

"Wel, jy kan maar sê hulpvaardigheid is my tweede naam, en sonder aarsel staan ek aan my leier se skouer.

"'Kyk,' sê hy, 'hulle vertel my daar is bietjie verwarring oor die sportbeleid.'

"Die Parlement was in sitting, en die Eerste Minister het uit Kaapstad gepraat.

"'Ek wil vra of jou koerant nie 'n uitvoerige berig wil plaas oor wat die sportbeleid is en nie is nie.'

"Ek het onmiddellik voorgestel dat ons parlementêre man, Ton Vosloo, een of meer gesprekke met mnr. Vorster hou, en die nodige berigte skryf. Die Eerste Minister kan dit dan punt vir komma nagaan om te verseker dat dit die suiwere evangelie is. Hy het net gevra, om 'n rede aan homself bekend, dat sy naam nie by die berig verskyn nie.

"Net so sorgvuldig was ons met die oorsein van Ton se werk en die druk van die berig in die koerant, nog destyds se Die Beeld. Met die finale nalees van die eerste koerant wat van die rolpers gekom het, stoot ek my bors tot sy volle vermoë uit. Hier is nou 'n stuk werk om trots op te wees.

"Daar was heelwat kommentaar op daardie berig. Dieselfde week lees ek nog in die Pretoriase dagblad Hoofstad (destydse redakteur: dr. Andries Treurnicht) dat daar met mnr. Vorster se sportbeleid niks verkeerd is nie; die enigste moeilikheid lê by die liberalistiese vertolking wat Die Beeld daaraan gee."

In Mei 1968 is die volgende brief uit die kantoor van die Eerste Minister aan mnr. Recht Malan as voorsitter van die Nasionale Pers gerig:

"Geagte mnr. Malan, Ek sal my plig versuim as ek langer uitstel om hierdie brief aan u te skrywe en wil u graag vriendelik versoek om dit voor die eersvolgende vergadering van u direksie te lê.

"Die wêreldsituasie is gevaarlik vir Suid-Afrika en gaan nog meer gevaarlik word. Ek glo dat, as die Nasionale Party vorentoe seergemaak gaan word, gaan Suid-Afrika nog meer seergemaak en miskien nos selfs onherroeplik seergemaak word.

"Dat ons as politici en leiers op ander gebiede ook skuld het en kan hê, wil ek geredelik toegee, maar dit word vir my al meer duidelik dat albei ons Sondagkoerante - Die Beeld en Dagbreek - 'n groot aandeel het in hierdie aftakelingsproses van die Nasionale Party, en as dit so aangaan, sal hierdie twee koerante uiteindelik die Party onherroeplike skade aandoen.

"Sonder om na spesifieke berigte te verwys, plaas ek graag die volgende gevaarlike tendense op rekord:

1. Die wyse waarop berigte oor kleuraangeleenthede aangebied word;
2. Die kopstukke wat bo-aan berigte verskyn en wat meer as dikwels glad nie verband het met die berig self nie;
3. Die plaas van berigte wat daarop gemik is - of dit nou so bedoel is of nie - om die Regering in die algemeen en Ministers en die Party in die besonder, in verleentheid te plaas;
4. Die opblaas van plaaslike geskille op politieke gebied tot nasionale krisis;
5. Die prominensie wat aan aanvalle en uitlatings van agitators, gefrustreerdes en afwykendes gegee word;
6. Die aanblasing van stryd tussen Afrikaners onderling en dikwels van een provinsie teen die ander by wyse van subtiele stellings en streke.
7. Die ondermyning van vertroue in die Party en sy leiding;
8. Die oordrewe publisiteit aan dit wat lelik, immoreel, afwykend en afbrekend is.

"Ek wil dit baie duidelik stel dat ek geen klag teen enige spesifieke persoon wil maak nie, maar die sake bekommer my geweldig en ek glo dat dit nou tyd is dat u as direksies van die maatskappye wat hierdie twee koerante beheer, die saak onder oë moet sien, of ons almal sal uiteindelik die prys daarvan moet betaal.

"Hoogagtend, B.J. Vorster."

Daaronder het mnr. Vorster 'n voetnota ingeskryf: "N.S. 'n Soortgelyke brief is deur my gerig aan die voorsitter van Dagbreek-Trust. B.J.V." 12)

Dié brief het mnr. Pienaar ontstel. Hy het die volgende memorandum opgestel:

"In verband met die Eerste Minister se brief oor Die Beeld wil ek graag die volgende punte stel as agtergrond vir die oorlegpleging wat ek vir volgende week aangevra het:

"As Die Beeld gestroop sou kon word van al sy oordeelsfoute, sal daar nog uit die Eerste Minister se oogpunt 'n paar fundamentele besware teen hom bly staan. Die eerste, en minder belangrike, is dat hy as massamedium noodwendig ten dele luid moet wees. Ek kan nie sien hoe dit in 'n Sondagkoerant uitgeskakel kan word nie. The 'Chronicle' ('n kortstondige 'ernstige' Sondagblad) het dit probeer, met bekende gevolge.

"Daardie deel van Die Beeld het my as mens nog nooit werklik geïnteresseer nie, en ek glo ook vir geen oomblik dat dit die wortel van die Eerste Minister se protes is nie. As ons bloot 'n Landstem ('n sedertdien gestorwe sensasieblad) was, sou hy ons geïgnoreer het.

"Die Eerste Minister het ook geen basiese beswaar teen Die Beeld in die sin waarin dr. Verwoerd dit gehad het nie. In=teendeel kan ek getuig van die Eerste Minister se goeie wil teenoor ons.

"Dit is voorts 'n feit, wat die Eerste Minister aanvaar, dat Die Beeld sy siening van die politiek en van die Afrikaner se toekoms heeltemal onderskryf. In sy gesprekke met my was die Eerste Minister herhaaldelik al krities teenoor Die Beeld, maar geen enkele keer was dit oor 'n kwessie van politieke beleid nie.

"Dit kom voor of daar veral twee punte is wat probleme veroorsaak. Die een is die sogenaamde Afrikaner-rusies. Uit die aard van die omstandighede waarin Die Beeld tot stand gekom het - ons koms was 'n belangrike Afrikaner-rusie en ons voortbestaan is op hierdie oomblik nog altyd een - het ek van die begin af te doen gekry met Afrikanerstrominge op 'n manier wat waarskynlik niemand anders in die land dit ervaar het nie.

"Juis omdat ek so persoonlik en intens daarmee gemoed is, kan dit wees dat ek die betekenis daarvan en die gevare wat daaraan verbonde is, oorskat. Daarom beskou hy noodwendig die aandag wat Die Beeld daaraan gee, as 'n onnodige gekrap aan dinge wat in die Afrikaner-belang met rus gelaat behoort te word.

"Self is ek oortuig daarvan dat Die Beeld 'n rol van betekenis gespeel het en nog speel om die gevaarlike strominge te eksponeer. Sonder Die Beeld sou die Akademie beslis deur vyande van die Party oorgeneem gewees het. Daar is 'n hele reeks vergelykbare voorbeelde van klaarblyklike georganiseerde insypeling met die doel om oor te neem wat deur Beeldberiggewing met goeie gevolg onder die openbare aandag gekom het. Daarom word ons so georganiseerd gehaat.

"Hierdie mense het versigtiger en slimmer geword, maar niks minder bedrywig nie. Ek hoop ek is verkeerd, maar ek vrees ek is nie - wanneer ek 'n herhaling van die OB-NP-stryd van die veertigerjare sien kom.

"Dit is die agtergrond vir optredes van Die Beeld wat deur die Eerste Minister gewraak word. Ek kan nie sien hoe Die Beeld hier die Eerste Minister kan bevredig nie.

"Die ander punt wat probleme veroorsaak, is Die Beeld se joernalistieke metode. Ons behandel Afrikanerkwessies veel openhartiger as wat tot dusver gebruik was. Ek glo onwrikbaar dat dit in belang van die Afrikaner is. Korrupsie is 'n krasse woord, maar presies beskrywend van die ongelukkige proses wat op baie plekke in die Afrikanerlewe voltrek is sedert ons die magsposisie bereik het. Erger as korrupsie met geld is die korrupsie van die gees. Daar moet mos lig op val.

"Vir geen oomblik glo ek, ten spyte van alle beskuldigings, juis van die kant van hulle wat sku is vir die lig, dat hierdie optrede van Die Beeld vir die Afrikaner of die Party skadelik is nie. Hoe kan dit wees?

"Ek weet nie of dit toevallig is dat die Eerste Minister se brief net ná Swellendam geskryf is nie, waar die NP kort tevore 'n pynlike daling in sy meerderheid ondervind het by 'n provinsiale tussenverkiesing, maar seker tog het Die Beeld met Swellendam niks te doen nie! Ek kan ook nie sien dat Swellendam betekenisvol is nie. Die gevaar vir die party en vir die Eerste Minister lê elders. Dit lê hier in Transvaal. Dit lê by daardie dinge wat Die Beeld aanroer.

"Ek wil my nie heilig hou nie. Natuurlik beteken hierdie dinge ook sirkulasie vir Die Beeld. Ons sirkulasie-sukses is trouens ongelooflik. Ook onder nie-Afrikaners. Maar is dit dan 'n skande? As ek nie geglo het dat Beeld-sukses ook Afrikaner-sukses beteken nie, dan het ek nou nog in Kaapstad gesit. Dit sou vir my in iedere en elke opsig geriefliker en lonender gewees het.

"Ook in 'n tweede opsig wil ek my nie heilig hou nie. 'n Sirkulasieoorlog soos dié waarin ons ons bevind, moet noodwendig soms die oordeel vertroebel. Daarom verwelkom ek kritiek en teregwysings, al sou ek nie altyd daarmee saamstem nie.

"Ek het nie die minste beswaar daarteen om hierdie aantekeninge aan die Eerste Minister voor te lê en op grond daarvan 'n gesprek met hom te voer nie." 13)

Hy en mnr. Phil Weber (toe ondervoorsitter van die Nasionale Pers) het mnr. Vorster gaan spreek. By die samespreking het mnr. Pienaar gesê dat hy onderneem om 'n noot of twee te sak betreffende sekere "ruhede" in die koerant. 14)

Oor ander sake wat o.m. bespreek is, het mnr. Pienaar gesê die deel van die brief wat lui: "Die ondermyning van vertroue in die Party en sy leiding," is 'n beskuldiging dat hulle (Die Beeld) ontrou aan hulself is. Die aanklag is onverdiend. 15) Ná die bespreking skryf mnr. Pienaar: "In die breë was ek heel tevrede met die afloop van die onderhoud." 16)

Mnr. Vorster sê in 'n persoonlike onderhoud op 9 Desember 1982 oor sy brief: "Dit was nodig. Die Beeld het geweldig permissief geraak. As 'n predikant bv. op Pofadder skuins gekyk het, was dit nuus." Die "aftakelingsproses" waarna hy in die brief verwys het, het betrekking gehad op linkse propaganda soos die afskaffing van die Ontugwet, Sabbats=ontheiliging en die propagering van Kleurlingstemreg. Die koerant was ook geweldig sensasioneel, en "Schalk Pienaar het al hoe meer links begin skryf."

Die trefkrag van Die Beeld, sê mnr. Vorster, was inderdaad so groot dat dit beter sou gewees het as die koerant nooit die eerste lewenslig aanskou het nie. Hy verduidelik dit so: "Die stryd tussen Dagbreek en Die Beeld het oral kop uitgesteek.

"Sou Dagbreek bv. alleen gestaan het in die Sondagmark, was die taak makliker om 'n saak met die redakteur te bespreek. Maar wat toe gebeur het, is dat, as daar aan die een redakteur gevra is om X-voorval so of so te hanteer, was die antwoord bloot: Jammer, my opposisie sal dit doen as ek dit nie doen nie - en andersom. Die gevolg was dat die twee koerante nuusmakers teenoor mekaar afgespeel het, en wat sensasie betref, mekaar probeer oortref het. Dit het my ontsettend gegrief.

"Die koukus, kongresse en vergaderings wou gedurigdeur weet: Wat doen jy ten opsigte van die koerante? Ek kon die vermelde brief aan hulle wys. Maar op 'n dag, ná baie mooipraat met die koerante, het ek die koukus meegedeel dat ek weet wanneer ek gewen of verloor het. Met die koerante gaan ek nie meer praat nie, want ek mors my tyd." 17)

Op 21 Maart 1969 hou mnr. Vorster 'n toespraak op Malmesbury waarin hy die verkramptes heftiger as ooit tevore aanval. Hy sê die Nasionale Party is heeltemal sterk genoeg om aan twee fronte te veg. Terselfdertyd spreek hy ook die "verligte" koerante aan deur te sê dat die party hom nie deur sy koerante laat voorskryf nie. 18)

Tog het mnr. Vorster dié "hulde" te bring: die verhouding tussen die pers en die party moet in perspektief geplaas word. Hy weet van geen Nasionale koerant wat as oogmerk het om die party te vernietig of te ondermyn nie. Die party moet 'n pers hê om sy boodskap uit dra - en andersom - anders sterf albei. Elk het sy eie funksie, en die harmonie kan bewaar word as elkeen by sy funksie bly (dus ook 'n bedekte waarskuwing). Hy het afgesluit:

"Ek bring my dank aan hulle." 19)

Op 'n vraag of Schalk Pienaar en Die Beeld die hoofaandeel gehad het in die blootlegging van die Hertzog-groep se ondermyning, antwoord mnr. Vorster: "Ja - net soos die ander koerante - hoewel Die Beeld se impak 'n leidender rol gespeel het.

"Die koerantmense eis dit vir hulle op dat hulle die hele ding geïdentifiseer het, dat ek as partyleier daar niks van geweet het nie. 20) Op vroeë vroe van Pienaar of ek daarvan weet, was ek verplig om negatief te antwoord, hoewel ons reeds daarvan bewus was sedert dr. Verwoerd se dae. (Mnr. Frik Smit van Gezina het al aan hom geskryf toe dr. Verwoerd nog premier was, en hy het die brief aan dr. Verwoerd oorhandig). Vergange al was Albert Hertzog besig met sy dinge. Maar ek was beslis nie van plan om dié wete met die koerante te deel nie!

"Nee, die koerante het dit nie ontmasker nie, bloot net aan die groot klok gehang. Dit was daar - almal het dit geweet. Die koerante het wel die skeur groter gemaak.

"Ek kon met die beste wil ter wêreld nie die skeuring van die party in 1969 keer nie. Ek het die grootste geduld en takt aan die dag gelê teenoor die skeurmakers. Ek het persoonlike onderhoude gevoer - met Albert het ek nooit oor die weg gekom nie - maar dit het nie gehelp nie.

"Later was dit bloot 'n kwessie om die getal wegbrekers te beperk. Ek is dankbaar dat ek dit kon regkry."

Mnr. Vorster vertel dat wyle prof. Gey van Pittius van die Universiteit van Pretoria eendag, kort nadat dr. Hertzog se dinge wêreldkundig geraak het, 'n onderhoud van drie minute met hom aangevra het. (Hy het dit glo net by drie minute gehou!) Die professor het gesê dat hy tog nie sleg moet voel oor dr. Hertzog nie, want hy (prof. Gey van Pittius), dr. Hertzog en nog drie ander Afrikaners het saam in Oxford gestudeer. "Albert het ons uitmekaargedryf. Hoe sal hy dit dan nie regkry waar veel, veel meer bymekaar is nie?", het hy gesê.

"Nee," sê mnr. Vorster, "al was Die Beeld en die ander koerante nie daar nie, versoening binne die party was nie moontlik nie.

"Albert het reeds van adv. Strijdom se tyd af gerebelleer en het o.m. aan my persoonlik gesê: Strijdom is nie die man wat ons dink hy is nie. Hy het voorgestel dat 'n groep uit die kookus gevorm moet word om Strijdom teen te staan omdat hy te links beweeg. Dit het voortgegaan onder dr. Verwoerd. Hy was gegrief omdat Strijdom Jan de Klerk ten koste van hóm minister gemaak het, want hy het homself as die ware kenner van arbeidsake gesien. Inderwaarheid het Hertzog reeds in 1948 Daan Ellis gestuur om dr. Malan aan te sê om hom in die kabinet op te neem - iets wat dr. Malan verwerp het.

"Albert se griewe het deur die jare opgebou. Dr. Verwoerd het hom toe uiteindelik wel minister gemaak omdat hy gesê het hy wil Hertzog hê waar hy hom kan dophou, maar Albert het hom toe tog onder sy oë ondermyn.

"En toe in 1966, toe daar weer 'n leier gekies moes word - so het die hoofswep Koos Potgieter my persoonlik vertel - het Albert voorgestel dat daar nie net een leier gekies moet word nie, maar 'n driemanskap, met homself as een van die drie.

"Interessant dat ná my verkiesing daar drie ministers was wat my nie gelukgewens het nie - Albert was een ..." 21)

Mnr. Vorster was nie persoonlik betrokke by die Sondag=koerante se stryd nie. Hy was 'n paar maande, kort nadat hy Eerste Minister geword het, voorsitter van Dagbreekpers en van die Voortrekkerpers, maar het dit spoedig laat vaar omdat hy besluit het 'n eerste minister behoort hom nie te verbind aan 'n koerantgroep nie. 22)

Die persstryd het sy onsmaklikhede opgelewer, maar, sê Pienaar: "Van ons kant het ons die debat op peil probeer hou. Mnr. Vorster was gelukkig nie by hierdie sake persoonlik betrokke nie." 23)

Mnr. John Vorster en dr. Albert Hertzog - hoewel hul menings soms uiteenlopend, soms ooreenstemmend is - stem saam dat die trefkrag van Die Beeld omvangryk was.

- 1) Die Beeld 13 Oktober 1968.
- 2) Dr. Hertzog in 'n persoonlike onderhoud.
- 3) Die Beeld 18 Augustus 1968.
- 4) Dr. Hertzog in 'n persoonlike onderhoud.
- 5) Die Beeld 13 Oktober 1968.
- 6) Dr. Hertzog in 'n persoonlike onderhoud.
- 7) Die Beeld 4 September 1966.
- 8) Die Beeld 27 Julie 1969.
- 9) Dr. Hertzog in 'n persoonlike onderhoud.
- 10) Ibid.
- 11) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 12) 'n Brief van mnr. Vorster aan mnr. Recht Malan in Mei 1968.
- 13) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 96
- 14) Ibid. p. 100
- 15) Ibid. p. 101
- 16) Ibid. p. 103
- 17) Mnr. John Vorster in 'n persoonlike onderhoud.
- 18) D'Oliviera, John, Vorster - Die Mens, p. 223
- 19) Die Beeld 23 Maart 1969.
- 20) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 74
- 21) Mnr. John Vorster in 'n persoonlike onderhoud.
- 22) Ibid.
- 23) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 103

HOOFSTUK 9

NIE-NASIONALE MENINGS IN 'N NASIONALE BLAD

9.1 'N NUWIGHEID

Die Beeld het 'n nuwigheid in die politieke joernalistiek van Suid-Afrika begin: nie-Nasionale skrywers wat gereelde rubrieke aan die koerant gelewer het. Hulle was G.H. Calpin, oud-redakteur van die Natal Witness en skrywer van There are no South Africans, Henry Katzew, redakteur van die Zionist Record, 'n Joodse blad in Johannesburg, André P. Brink, volgens mnr. Pienaar "een van die heel briljantste skrywers in Afrikaans" en volgens D.J. Opperman: 'n man "deur wie se blitsvinnige skryfvermoë letterkundige en kulturele aangeleenthede spannende nuuswaarde gekry het," en dr. Denis Worrall, Engelssprekende geleerde in die staatsleer en -filosofie.

Al vier se buigings in Die Beeld was aanvanklik in "Diepte-Beeld", een van die koerant se vernaamste afdelings. Kieskeurige lesers het dit as van onskatbare waarde beskou. Dit het weekliks op 'n middelblad verskyn. Soos die naam aandui, was dit by uitstek die plek waar aktuele sake in diepte deur kenners ondersoek is. Mnr. Ton Vosloo sê dat dit vir die redaksie 'n "besondere eer" was as een van hulle die week 'n bydrae tot Diepte-Beeld kon lewer.

Mnre. Calpin en Katzew het, ná enkele bydraes in Diepte-Beeld, in die latere bestaansjare van Die Beeld gereelde rubrieke gelewer. Vanaf 9 Maart 1969 tot die einde het hulle weekliks in Engels hul menings oor allerlei onderwerpe, hoofsaaklik rakende die politiek, gegee. Dit het so gebeur:

Op 2 Maart 1969 kondig Pienaar in sy rubriek, Politieke Beeld, aan "dat Die Beeld weer met iets unieks begin in die Afrikaanse koerantwese." Daar gaan 'n blad in Engels wees. Dit is nie net met die oog op die derduisende nie-Afrikaanse lesers nie (hoewel hulle dit ook behoort te geniet en waardeer); die eintlike doel is om aan Afrikaanssprekendes insae te gee in hoe simpatieke nie-Afrikaners die Afrikaner in Suid-Afrika sien.

Hy het die skrywers bekend gestel: G.H. Calpin, skrywer van o.m. There are no South Africans en At last we get our Country back, Henry Katzew, Sionistiese idealis, en dr. Worrall, wat voortaan, soos hy die hele tyd graag wou, sy rubriek in sy moedertaal sal laat verskyn.

Pienaar het beklemtoon dat al drie seker van tyd tot tyd ideë sal lug wat die Afrikaner sal kwaad maak. (Worrall het dit reeds al van tyd tot tyd gedoen.) "As daar Afrikaners is wat Die Beeld hieroor wil kwalik neem en 'n veldtog teen Die Beeld wil voer, soos in die verlede en die hede, moet hulle dit maar doen. Ons glo dit is vir die Afrikaner waardevol om insig te hê in die kritiese beskouinge van ons nie-Afrikaanse vriende. Al drie rubriekskrywers is vriende van die Afrikaner en sy strewe." ¹⁾

Die volgende week is die hoofartikel aan die nuwigheid gewy. Die Beeld is daarvan bewus dat dit omstrede is, maar omstrede nuwighede wat in die verlede deur Die Beeld aangepak is, "is lankal nie meer omstrede by dié deel van die publiek wat vir ons belangrik is nie."

Dit word duidelik gestel dat dit nie die begin van 'n dubbeltalige koerant is nie, nog minder die begin van 'n verhoog in 'n Afrikaanse Nasionale koerant vir propaganda teen die Afrikaner en die Nasionale Party. "Wat wel beoog word, is 'n wisselwerking van gedagtes tussen die Nasionale Afrikaanssprekende en Engelssprekende wat in die politiek, halfpad, heelpad of driekwart met mekaar saamstem." ²⁾

(Heelwat later het mnr. Pienaar in 'n Politieke Beeld erken: "Ek verklap geen geheim nie as ek sê toe Die Beeld met die Engelse blad begin het, ons van die kant etlike skoppe op die skeen gekry het. Sommige het van die idee nie gehou nie." Maar hy kon ook byvoeg: "Dit was 'n proefneming, en dit het geslaag.") ³⁾

Hoewel Calpin en Katzew hul saak treffend en interessant gestel het en soms die Afrikaanssprekendes gestriem het, het hul rubrieke nie dieselfde impak gehad as dr. Worrall s'n nie. Selfs 'n ultra-verkrampte soos dr. Albert Hertzog het gesê: "Katzew kon 'n mens partymaal lees en Calpin was 'n heeltemal ordentlike kêrel, hoewel ek nie altyd met hom saamgestem het nie. Maar Worrall was uiters liberaal." ⁴⁾

9.2 ANDRÉ P. BRINK

André P. Brink was "nie spesifiek gevra om by die politiek rond te skryf nie, maar was dikwels daar." ⁵⁾ Prof. Brink was in die laat jare sestig waarskynlik meer as nou 'n omstrede figuur. Die etiket "Sestiger" is om sy nek gehang, saam met ander skrywers soos Etienne Leroux. (Leroux is in 1964 met die Hertzogprys bekroon vir sy Sewe Dae by die Silbersteins, wat 'n ruk lank verbied was).

Prof. Brink sê: "Ek was uit die staanspoor baie bewus daarvan dat Pienaar sy nek uitsteek met my rubriek; want hoe onskuldig my storietjies op sigself ook al was, my naam was vanself destyds baie taboe. Ek weet dat hy by geleentheid tot met Vorster (toe premier) daaroor gebaklei het, en - kenmerkend - geweier het om hom te laat voorsê." 6)

(Mnr. Pienaar bevestig die feit dat mnr. Vorster André Brink se rubriek bevraagteken het.) 7)

In die tradisie van die Nasionale Pers dat aan niemand voorgeskryf word nie, sê prof. Brink, is hy ook behandel.

"Voorgesê het Schalk Pienaar my nooit. Ook nie, sover ek kan onthou, afgewater nie - net 'n enkele keer of wat dalk 'n krasserige uitdrukking wat hy as 'moedswillig' beskou het. En een of twee maal het hy 'n stuk nie gebruik nie. Ek onthou veral een ope brief aan Breyten Breytenbach op 'n tyd toe almal hom wou kruisig. Pienaar het gereken dis net verdere sonde soek. Ek het die indruk gekry hy wou ook my 'n bietjie beskerm teen te veel venyn.

"Hy't gewoon nooit tyd gehad vir die dinge van kabouters nie. Hy't ook nie geskroom om sy eie medewerkers, my inkluis, kort en vriendelik en reguit te laat verstaan as hy dink ons maak nou droog nie. Hy't - nogal snaaks - van oom Kootjie Emmer nie veel gehou nie en my op 'n dag reguit gesê om nou maar die k.. te staak." 8)

9.3 DR. DENIS-WORRALL

Dr. Worrall se verbintenis met Die Beeld het gestrek van 13 Februarie 1966 tot die laaste uitgawe van die koerant. Pienaar moes deur die jare heelwat kritiek verduur oor 'n rubriek wat selfs by geleentheid deur mnr. Vorster bevraagteken is. (Dr. Worrall was ook redakteur van 'n politieke maandblad, New Nation.)

Sy eerste bydrae was in Diepte-Beeld op 13 Februarie 1966. Daarná het hy 'n kort reeks onder die opskrif "Engelse Mening" op die middelblad behartig. Dit was eers met Romeinse syfers genommer, maar ná die vierde aflewering het die Romeinse syfers verdwyn en het dit 'n permanente weeklikse rubriek geword - toe nog deur Die Beeld uit Engels in Afrikaans vertaal.

Dr. Worrall vertel: "Kort nadat ek in 1965 na Suid-Afrika teruggekeer het nadat ek my doktorale studies in Amerika voltooi het, het ek 'n rubriek, 'Inside Politics', in die Sunday Tribune geskryf. Ná 'n meningsverskil met die redakteur, Tony Hose, is dit gestaak. Ek het dit baie ge= niet, en toe ek later in die somervakansie van 1965/66 met Schalk Pienaar gesels, verneem ek dat hy my rubrieke in die Sunday Tribune met 'belangstelling' gevolg het. Ons het ooreengekom dat ek 'n soortgelyke stuk aan hom sou voorlê - wat toe in Diepte-Beeld gebruik is. Dit het oor die politieke opset in Natal gehandel, met besondere ver= wysing na die Engelssprekende se betrokkenheid.

"Dit het, ná wat ek verneem het, byval gevind, en gevolglik sou ek 'n reeks skryf as 'Engelse Mening'.

"Ná die derde of die vierde aflewering het ek 'n oproep van mnr. Dirk Richard ontvang. Ná 'n 'Hoe gaan dit?' het hy met die deur in die huis geval: hy wou hê ek moet vir Dagbreek skryf. Ek het gesê ek sal daaroor dink. Ek het 'n terloopse nota aan mnr. Pienaar gerig en hom oor my gesprek met mnr. Richard ingelig toe ek my stuk instuur. Daardie week het die Romeinse syfer verdwyn en het my rubriek 'n permanente instelling geword." 9)

Dit was beleid by die Nasionale Pers om net Nasionale in die redaksies van hul koerante aan te stel. ¹⁰⁾ Dit is duidelik aan die lesers gestel dat dr. Worrall Engels-sprekend is en die basiese beleid van die Nasionale Party goedgesind is.

Dit was net 'n paar weke voordat die eerste kritiek op Die Beeld oor Engelse Mening uitgebring is. In 'n brief aan die koerant, onder 'n skuilnaam, word op 24 April 1966 ten sterkste beswaar aangeteken: "Denis Worrall se artikels lees soos tipiese hoofartikels van die Engelse pers. Baie stellings, afleidings en spekulasies word gemaak, en op die ou end weet 'n mens nie waarvoor hulle staan nie." ¹¹⁾

Waardering is ook uitgespreek. Sybrand Oosthuizen van Welkom skryf op 8 Mei in die briewekolom dat Denis Worrall se bydrae van ontsaglike waarde is en waardevolle kontak tussen Afrikaans- en Engelssprekendes bewerkstellig. ¹²⁾

Talle briewe oor dr. Worrall se bydraes het gereeld in Die Beeld verskyn. Op 30 Julie 1967 skryf Pienaar in Politieke Beeld na aanleiding van 'n briefskrywer se twyfel oor die doel van Worrall se rubriek, dat nóg Worrall nóg Die Beeld ooit gesê het dr. Worrall is 'n Nasionale. "Hy's politiek onverbonden, maar aanvaar tog die basis van die Nasionale Party se kleurbeleid." Hy is nie 'n Engelssprekende Nasionale nie. "Hy is 'n Engelssprekende belangstellende in die politiek (wat ook sy vak is) en is in basiese opsigte die Nasionale beleid goedgesind. As sodanig skryf hy in Die Beeld." ¹³⁾

Teen 1968 het mense wat later geblyk het "weerberstige Nasionaliste" te wees, definitief vyandige menings oor Worrall uitgespreek. Pienaar skryf: "Vir mense wat eintlik die Eerste Minister, mnr. Vorster, wou bykom, maar dit nie gedurf het nie, was dit verstandiger om dan maar Die Beeld, die Nasionale Pers en veral Denis Worrall by te kom.

"Dit het 'n stadium bereik dat die Nasionale Party in Transvaal geëis het dat lede daardie blaadjie (Veg) repudieer - ekskuus, die modewoord was dat hulle hul van Veg 'distansieer'. Sommige mense se trou aan die party het hulle laat weier tensy New Nation (en dus Worrall) ook by die repudiasie ingesluit word. Die Transvaalse party het hulle hul sin gegee." 14)

Veg se redakteur was mnr. Barry Botha, regsgesinde en ondersteuner van dr. Hertzog, wat aanvalle op talle Nasionaliste, ook mnr. Vorster, gedoen het.

Die toenemende kritiek het mnr. Pienaar genoop om in September 1968 te skryf: "... dat in die smeerveldtog teen die Nasionale Pers en sy koerante dr. Worrall se rubriek dikwels opgehaal word." Hy stel dr. Worrall se posisie weer duidelik: hy is gevra om 'n rubriek te behartig omdat:

- Hy enig is, die basiese beginsels van die Nasionale Party onderskryf en welwillend teenoor die party se strewe staan;
- Hy as Engelssprekende krities teenoor sommige aspekte van die Nasionale beleid is;
- Sy integriteit bo alle verdenking staan. (Pienaar het bygevoeg dat hy dink dit is noodsaaklik dat lesers moet weet hoe 'n Engelssprekende dink. Daar moet geen misverstand wees nie);
- Dr. Worrall skryf nie as woordvoerder vir die Engelsprekende Nasionalis nie;

- Dr. Worrall skryf nie as woordvoerder vir die Engels-sprekende Suid-Afrikaner nie;
- Dr. Worrall skryf nie namens Die Beeld nie;
- Dr. Worrall skryf net as Denis Worrall.

"Soms stem Die Beeld saam met hom, soms nie. Ons laat hom egter sy gang gaan. As ons Engelssprekendes wil trek, moet ons weet hoe hulle voel. Nou dig kwaadwilliges dinge toe aan die rubriek en Die Beeld. As Afrikaners wil weet hoe Engelssprekendes voel, laat hulle dit in Die Beeld lees en nie in Engelse koerante nie." 15)

Met dié stellings het Pienaar sy lesers totaal ingelig en daarmee ook die belofte bevestig wat in die heel eerste uitgawe van Die Beeld gemaak is, naamlik dat Die Beeld sy boodskap oor die taalgrens wil versprei.

Die kritiek het nie opgehou nie.

Dr. Worrall sê Pienaar het nooit 'n enkele rubriek van hom afgekeur nie. "My les het ek met my heel eerste stuk geleer, toe Pienaar dit aan my teruggestuur het met die kommentaar: 'Jy is te veel in die storie. Neem dit uit.'"

Sy siening van sake het in groot mate met Pienaar s'n ooreengestem - die basiese waardes was min of meer dieselfde.

Wat 'n Engelse blad in Die Beeld betref, meen dr. Worrall dit het veel daartoe bygedra om die beeld van Afrikaners by nie-Afrikaners in perspektief te stel: dit is aan hulle oorgedra dat alle Afrikaners nie monolities, onverdraagsaam, dogmaties of ongevoelig is nie.

"En die mense wat Die Beeld nie gelees het nie, het dit Maandag gelees in die Engelse koerante, wat gedwing was om te rapporteer wat in Die Beeld geskryf was." 16)

Die lewendige briefwisseling wat die Engelse rubriekskrywers weekliks uitgelok het, het getoon dat hulle wyd en goed gelees is. Dit het 'n beter tweerigting-betrokkenheid tussen Afrikaans- en Engelstaliges in die hand gewerk.

"Dit was 'n proefneming, en dit het geslaag." 17)

Pienaar is die volgende jaar, 1969, deur mnr. Vorster gevra om dit ernstig te oorweeg om die rubrieke van dr. Worrall en André P. Brink te beëindig. Op 'n vraag van Pienaar of sy beswaar is teen wát geskryf word, of dat hulle hoe-genaamd skryf, het hy geantwoord dat sy beswaar nie op inhoud gegrond is nie, maar op assosiasies. 18)

Dr. Worrall sê dat Pienaar kort hierná aan hom vertel het dat terwyl hy saam met Dirk Opperman en senator Hein Basson op Franskraal gekuier het, hy sy twee vriende om hul menings oor mnr. Vorster se versoek gevra het. Die feit dat hulle op die hoogte was van wat in die rubriek gestaan het, was genoeg rede vir Schalk om te sê: "Maar as julle hom almal lees, sal ek mos dom wees om hom te 'drop'." 19)

Die uiteinde van die saak was dat Pienaar mnr. Vorster se versoek met sy direksie bespreek het. Nadat die besturende direkteur, mnr. Hubert Coetzee, verneem het dat Pienaar glo dat dr. Worrall se rubriek moet bly, het hy gevra: "Wie de donder is redakteur van Die Beeld - jy of John Vorster?"

- 1) Die Beeld 2 Maart 1969
- 2) Die Beeld 9 Maart 1969
- 3) Die Beeld 29 Maart 1970
- 4) Dr. Albert Hertzog in 'n persoonlike onderhoud.
- 5) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 82
- 6) Prof. André P. Brink in 'n persoonlike onderhoud.
- 7) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 84
- 8) Prof. André P. Brink in 'n persoonlike onderhoud.
- 9) Dr. Denis Worrall in 'n persoonlike onderhoud.
- 10) Volgens 'n brief van mnr. Weber aan mnr. Pienaar toe die moontlike aanstelling van J.H.P. Serfontein van die Sunday Times in die redaksie van Die Beeld ter sprake gekom het.
- 11) Die Beeld 24 April 1966
- 12) Die Beeld 8 Mei 1966
- 13) Die Beeld 30 Julie 1967
- 14) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 83
- 15) Die Beeld 8 September 1968
- 16) Dr. Denis Worrall in 'n persoonlike onderhoud.
- 17) Die Beeld 29 Maart 1970
- 18) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 83
- 19) Dr. Denis Worrall in 'n persoonlike onderhoud.
- 20) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 85

HOOFSTUK 10

TWEË JOERNALISTIEKE MEDEDINGERS

10.1 INLEIDING

Die Beeld se vernaamste teenstander toe hy die koerantmark betree het, was Dagbreek met mnr. Dirk Richard as redakteur. Dagbreek was Nasionaal-georiënteerd en, as enigste ander Afrikaanse Sondagblad, direkte opposisie. Tussen dié twee koerante het die felste koerantestryd in die geskiedenis van die Afrikaanse joernalistiek tot dan toe uitgebreek.

As van Die Beeld se impak gepraat word, is die mening van mnr. Dirk Richard van belang, en ook dié van mnr. Joel Mervis, redakteur van die destyds (en huidige) grootste Sondagblad in die land, die Sunday Times. Die Sunday Times het natuurlik net gedeeltelik tot dieselfde lesers as die ander twee gesprek. Heelparty Afrikaanssprekendes het die Times saam met hul Afrikaanse Sondagblad gekoop, terwyl Die Beeld 'n klein maar getroue Engelssprekende leserskring verwerf het.

Hoe het die twee mededingers Die Beeld en sy redakteur gesien? Wat was die koerant se trefkrag volgens hulle oordeel?

10.2 MNR. JOEL MERVIS

Mnr. Mervis is aan die woord: "Schalk Pienaar had flair. I had the highest opinion of him as newspaperman and as editor. One could say he pulled off what must be regarded as the most spectacular coup in the history of the South African press." 1)

Hy sê dat Die Beeld sy nuus lewendig en interessant aangebied het, wat een van die redes was vir sy sukses. Daarby was Pienaar 'n man wat hom as koerantredakteur nie laat intimideer het nie. Daarom kon die koerant op impak aanspraak maak.

"He never said anything offensive, but was critical. He wasn't afraid to stand up against government pressure when he thought it necessary."

Mnr. Mervis verwys na die geval Carel de Wet. Die Beeld het berig oor 'n verklaring deur minister De Wet dat Suid-Afrika 'n nuwe internasionale lughawe in Malawi gaan gebruik in sy stryd teen terroriste in die Noorde. ²⁾

Minister De Wet het dit ontken. Pienaar het die ontkenning nie aanvaar nie en gestaan by die aanvanklike verslag. Berigte hieroor het op bladsy een verskyn. Nadat Pienaar gesê het hulle het op band wat dr. De Wet gesê het, het die minister toegegee dat waarskynlik 'n ander betekenis aan sy woorde geheg is as wat hy bedoel het.

"To me this was an example of how he would stand by what he said and would not be intimidated. Pienaar knew exactly the impact he was going to make and must have foreseen the row and uproar, but did it deliberately and with his eyes open."

Mnr. Mervis meen dat Pienaar en Die Beeld "an independent Afrikaans journalism" tot gevolg gehad het. "Not only did he do it himself, but the example he set was in the end followed by other Afrikaans papers."

"His legacy to Afrikaans journalism was that other government-supporting newspapers became less afraid to criticise the government when they thought it necessary."

'n Koerant kan alleen impak - joernalistiek of politiek - hê as so 'n beleid gevolg word. Dit het later 'n rol gespeel in Die Beeld-Dagbreek-stryd, want hoe meer Pienaar "rebel" was, des te sterker teenreaksie was daar by Richard te bespeur. "With him (Richard) the government could do no wrong. The more Pienaar became rebel, the more Richard became yes-man."

Die Engelse blad in Die Beeld met Denis Worrall, G.H. Calpin en Henry Katzew as rubriekskrywers, het so 'n impak gehad dat Die Beeld op 'n kongres van die Transvaalse Nasionale Party daaroor aangeval is. "Not that it bothered Schalk Pienaar!

"Generally the impact was profound and dramatic. That out of the blue Die Beeld could put Dagbreek out of business was a tremendous achievement. Remarkable." 3)

Die volgende uittreksel is uit 'n artikel van mnr. Mervis onder die opskrif "Die Beeld is now two years old":

"It would not be easy to challenge the assertion that Die Beeld is easily the most spectacular enterprise in the history of South African newspapers. I can certainly think of nothing to equal its astonishing growth.

"This month, on October 31, it will be two years old. Of the four large weekly Afrikaans papers, it has passed Sondagstem and Landstem in circulation, and is hot on the heels of the leader, Dagbreek.

"Two years ago Die Beeld entered a rather congested Sunday field. In addition to its more direct immediate competitors, Dagbreek and Sondagstem, it also had to face the Sunday Times, Sunday Express and Sunday Tribune.

"Competition, of course, does not involve circulation alone. There is also competition for advertisements; and this is perhaps the more formidable task confronting a newcomer which already has five rivals in the field.

"Thus far Die Beeld can claim a tremendous success for its circulation. It is widely read and obviously made an immediately favourable impression on South African readers.

"Some interesting points arise from this: The first is that Die Beeld, in contrast to its rivals, does not rely on the Central News Agency as its distributor.

"Die Beeld goes it alone, and has obviously built up an efficient distribution of its own.

"In the past, papers have occasionally toyed with the idea of giving up the CNA as a distributor, and of building up their own circulation machine. But an examination of the costs, the volume of the work, and the magnitude of the operation, have inevitably caused them to abandon the idea and to stay with the CNA.

"The boldness of Die Beeld's operation is therefore quite startling. Not only does it crash into a congested field, but it does so without the aid of the gigantic monolith, the CNA.

"Such a venture requires considerable courage and intelligent planning; and it would seem that there is plenty of such talent to be found in the Nasionale Pers.

"Another striking feature of Die Beeld's success is the manner and scope of its production. With so many rivals, all of them enjoying (in varying degrees) a national circulation, Die Beeld had to compete on an equal footing.

"It took the Sunday Times, for instance, nearly 60 years to reach the point where it was printed every Saturday night in three different cities.

"Die Beeld did this on the first day of publication. It printed in Cape Town, Johannesburg and Bloemfontein.

"The problems of Die Beeld, starting from scratch, and yet having to compete as an equal, were therefore enormous. It had to co-ordinate three printing plants and, again starting from scratch, do its own distribution.

"That it has succeeded, in the face of these immense difficulties, in reaching a circulation only 18 per cent below that of Dagbreek is, by any standards, a devastating performance.

"As I have indicated, circulation is not everything. Die Beeld will not be out of the woods until it can get a greater share of the advertising that is available each Sunday.

"What does seem certain is that Nasionale Pers, owners of Die Beeld, have plenty of money with which to subsidise it, and that they can afford to wait until the paper is more solidly established.

"This really goes to the heart of the matter. Sondagstem for years has not paid its way, but the Argus Company is able, with relatively minor discomfort, to keep it going.

"It looks very much as if Nasionale Pers are going to be able to do the same for Die Beeld. In the long run, they may get their money back with interest.

"Die Beeld has also caused a complication in the price of Sunday newspapers. The English papers have gone up from 5c to 7c a copy.

"Dagbreek and Sondagstem, I gather, would have liked to do the same. But Die Beeld, having only just come on the scene, and fighting hard to establish its circulation, could not afford the circulation drop which inevitably follows a rise in price.

"Because Die Beeld stayed at 5c, Dagbreek and Sondagstem felt obliged to do the same. I am surprised, however, that Dagbreek did not follow the English papers.

"Production costs being what they are, the extra 2c a copy are vitally important. In my view, the initial circulation loss Dagbreek might have suffered would have been made up in time - the Sunday Times, for instance, was able to do exactly that - and the paper would now enjoy the benefit of the extra revenue.

"It is worth noting that, parallel with the meteoric rise of Die Beeld, Dagbreek has also enjoyed a substantial rise in circulation. This illustrates very well what the spur of competition can do. Dagbreek, I believe, at 7c instead of five, would be selling about as many copies each Sunday as they do now.

"The Beeld Spectacular, as one might describe its story, would not amount to much were it not for its remarkable editor, Mr Schalk Pienaar.

"He has the right instinct, and a sure, unerring touch for getting to the heart of the news - an essential requirement for a Sunday editor who should not depend only on routine agency news, but must find the material to make his paper different and distinctive.

"He is primarily responsible for the success story of Die Beeld, and as I try to analyse the qualities that make him so eminently fitted for the job, they appear to be these: a feel for news, a bold approach in its treatment, and plenty of courage.

"Pienaar became well known as the political columnist of Die Burger, his commentaries on politics and parliament ranking easily among the most distinguished we have had in South Africa.

"It was from this post that he was chosen as the man to edit Die Beeld - as things have turned out, a very wise choice indeed." 4)

10.3 MNR. DIRK RICHARD

Van besondere belang is die mening van mnr. Richard. Hy was 'n sentrale figuur in die vyf jaar van genadelose wedwyer tussen Dagbreek en Die Beeld.

Namate die wedloop al nader aan die onvermydelike klimaks gekom het, het die twee Sondagkoerante "al hoe minder ont-sag getoon vir die tradisioneel onaantasbare terreine van die Afrikaanse huishouding," sê mnr. Richard.

"Of dit nou predikant was, kultuurleier of Rapportryer - almal sonder aansien van persoon is nader getrek om aan die toets van nuuswaardigheid gemeet te word. Die 'heilige beeste' en onaantasbares in hoë kringe het tot hul skok en ontnugtering agtergekom dat hul skeeftrappery groter nuuswaarde het as dié van gewone sondaars of van die burgers anderkant die taalgrens."

Een van die vername redes vir Die Beeld se sirkulasiesukses, meen mnr. Richard, was die impak van sy vernuftige hantering van die Hertzog-rebellie.

"Die Kaapse besoeker het van die eerste pistoolskoot af die Transvaalse weerbarstigtes en al hul frontorganisasies gepak en Sondag ná Sondag hul knoeiery met witwarm vurigheid blootgelê. Schalk Pienaar en sy span het daarin geslaag om die oorlog teen die verkrampes te laat lees soos 'n boeiende vervolgsverhaal waarvan elke hoofstuk met toenemende leesgierigheid ingewag is. Wie en wat die volgende Sondag aan die gorrel gegryp gaan word, het 'n lonende nuuskierigheid vir Die Beeld gaande gemaak." 5)

'n Vername rede waarom koerante van die Nasionale Pers - dus Die Beeld ook - so 'n groot trefkrag gehad het, is dat die maatskappy nie 'n leidende politikus as voorsitter van die direksie ken nie en daarom nie in die weergawe van nuus gekniehalter word nie. Politici soos genl. J.B.M. Hertzog, mnr. Klasie Havenga, mnr. Hans Strijdom, dr. Verwoerd, mnr. Vorster en mnr. Ben Schoeman het oor die jare dié gesagsposisie by APB, Voortrekkerpers, Dagbreektrust en Perskor bekleed.

Mnr. Ben Schoeman, direksievoorsitter en Transvaalse leier van die Nasionale Party, het hom lank deur Hertzog en sy Transvaalse makkers laat bluf dat hulle nie met 'n paleis=revolusie besig was nie.

"Op 26 April 1967 het Schoeman nog op Ermelo gesê: 'Ek weet van geen jukskeibrekers of verdeeldheid in die party nie. Ek weet net van Nasionaliste wat bankvas bymekaar staan.'

"Kort vóór middernag het hy nog aan die rebelle se onskuld geglo en 'n beskermende hand oor hulle gehou. Op die Transvaalse kongres in September 1968 het hy geknor: 'Ek wil 'n beroep op alle politieke rubriekskrywers van Nasionale koerante doen om op te hou met ketterjagte en op te hou met die hang van etikette om Nasionaliste se nekke, om op te hou om te sê wie lid van die NP mag wees en wie nie, en om op te hou met pogings om die NP se beleid te formuleer, want daardeur word net bitterheid en vyandigheid geskep.'

"Die Beeld het hom min aan die vermanings gesteur en al lustiger die vuiste geswaai.

"Maar as die Transvaalse leier ook voorsitter van jou direksie is?" vra mnr. Richard.

"Ben Schoeman het nooit enige twyfel gelaat waar sy prioriteite lê nie. In die notules van Dagbreektrust staan aangeteken: As voorsitter, in geval van 'n botsing tussen die Afrikaanse Persgroep en die NP, sal ek my by laasgenoemde moet skaar.

"Hierdie geveg aan twee fronte het Dagbreek se politieke beeld geskaad. Die druk op my agter die skerms het al sterker geword. Op 18 Augustus 1970 was ek verplig om 'n memorandum aan die besturende direkteur, mnr. Marius Jooste, te stuur oor Schoeman se aanhoudende afranselings: 'Van-môre se skrobbering was egter die ergste en mees drastiese van die drie.' Mnr. Schoeman het hom so uitgedruk: 'Ek sal dit nie langer duld nie. Op die volgende trustvergadering sal daar gekies moet word tussen my en Dirk Richard. Ons sal die saak moet uitmaak. Al gaan Die Beeld ons ook verby, ek kan nie toelaat dat Dagbreek so voortgaan nie.' So 'n knuppel het nie bo die koppe van Die Beeld se redaksie gehang nie. Binnenshuis het Die Beeld net aanmoediging ontvang.

"Met so 'n stut kan 'n redaksie al waaghalsiger word. Hy was soos 'n renmotor vir wie die lig altyd groen bly, om die padversperrings wat die politiek en kultuur op sy pad geplaas het, eenvoudig opsy te loop.

"Afgesien van Die Beeld se eiesoortige impak het die tweestryd tussen die twee Afrikaanse Sondagblaaie 'n nuwe-soortige impak tot gevolg gehad: 'n soort exposé-joernalistiek wat die grens van onsmaaklikheid oorskry het.

"'n Voorbeeld: Ná die egskeiding van prof. Chris Barnard en sy eerste vrou, Louwtjie, het die twee mededingers soos honde toegesak om die ontboeseminge van die verbitterde vrou te kry. Dit was bieëry om die nare.

"Maar yslike regsprobleme het voorgelê. Hint Hyman se Republikeinse Pers in Durban sowel as die Duitse tydskrif Quick beweer dat hulle publikasieregte op die Louwtjie Barnard-verhaal het. Dagbreek koop die Afrikaanse regte van Republikeinse Pers en Nasionale Pers die Suid-Afrikaanse regte van Quick.

"Die twee maatskappye pak mekaar agter die skerms. Deur middel van Republikeinse Pers word 'n interdik teen die Nasionale Pers aangevra om publikasie te verbied. Dit is 'n naweek van koorsagtige bedrywigheid van die twee regspanne in Johannesburg en Kaapstad. Die uitslag? Die Beeld publiseer die Quick-weergawe van die Barnard-verhaal en Dagbreek dié van Republikeinse Pers.

"In my eie dagboek het ek die aantekening gemaak: Dit toon die aard van die mededinging tussen die twee koerante, en tot watter vlak dit gedaal het." 6)

Die koerantoorlog het op 1 November 1970 geëindig met dié baie positiewe nalatenskap: 'n groter leeslus by die Afrikaanse publiek.

Mnr. Richard sê die verrassing was dat die gevestigde Dagbreek nie sirkulasie aan sy uitdager afgestaan het nie, maar 'n lewendige groei getoon het saam met dié van sy konkurrent.

"In die verruiming van perspektief en vir die groter volwassenheid en selfstandigheid van die hedendaagse Afrikaanse koerant het daardie vyf jaar van bloed sweet en bloed loop meer gedoen as al die voorafgaande dekades saam. Daar is finaal van die lakei-element afskeid geneem, en die Afrikaanse koerant het sy eie stem gekry.

"Sy moderne nuushantering en 'n groter politieke ewewigtheid het hom nuwe mag en geloofwaardigheid gegee. Hy is die erenaam van vierde stand waardig. Die ou embargo's van die Afrikaner-establishment word aan die toetse van nuuswaardigheid gemeet. Die Afrikaner is grootgemaak om kritiek te verdra en te takseer.

"Vir sy aandeel in die vernuwing verdien Schalk Pienaar alle eer. Hoewel hy met minder inhibisies as sy konkurrent opgesaal was, het hy wát hy gedoen het, goed gedoen en die joernalistiek cum laude gedien."

Uit die aangehaalde menings van twee belangrike figure in die Suid-Afrikaanse perswese blyk die mate waarin Die Beeld as leier opgetree het - as verkenner en eksponent van 'n vryer Afrikaanse joernalistiek.

Die koerant het 'n reorganisasie in die perswese tot stand gebring: 'n nuwe reus, Rapport, is uit die stryd gebore. Hy het deur die mag van die pen reoriëntasie in die politieke opset help bring. Dit het deurgewerk tot redaksionele houdings: ander koerante is deur Die Beeld se reguit meningsgedwing om eie standpunte in te neem en te sê waar hulle staan.

Mnre. Mervis en Richard is dit ook hieroor eens: die trefkrag van Die Beeld is vandag nog waarneembaar.

- 1) Mnr. Joel Mervis in 'n persoonlike onderhoud.
- 2) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 5
- 3) Mnr. Joel Mervis in 'n persoonlike onderhoud.
- 4) Press Advertising and Radio Review, Oktober 1967
- 5) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 6) Ibid.

HOOFSTUK 11

DIE EINDE VAN DIE BEELD

11.1 'N DRAMATIESE IMPAK

"Die einde van Die Beeld het vir ons manne aan die front feitlik sonder waarskuwing gekom." 1)

Op 1 November 1970, Die Beeld se vyfde verjaardag, het hy op sy voorblad aangekondig: "'n Dramatiese einde aan 'n lang stryd." 'n Nuwe Sondagblad gaan verskyn. Die Beeld en Dagbreek word saamgevoeg onder die redakteurskap van mnr. W.J. Wepener van Die Beeld met mnr. R.W.J. Opperman van die Afrikaanse Pers as bestuurder.

Die uittredende redakteur van Die Beeld skryf: "Met 'n sonderlinge sameloop van omstandighede word presies op Die Beeld se vyfde verjaardag die nuus aangekondig dat ons en Dagbreek saamgevoeg is. In 'n dramatiese geskiedenis van vyf jaar is dit Die Beeld se mees dramatiese oomblik.

"Om tegniese redes het hierdie samevoeging noodsaaklik geword. Die Suid-Afrikaanse perswese gaan met die koms van die beeldradio 'n gevaarlike tyd tegemoet. Dit is alleen verstandig om betyds die nodige maatreëls te tref."

Pienaar sê dat die samevoeging van die twee koerante 'n reus sal wees wat alle kommersiële aanslae die hoof sal kan bied.

"Laat ons dadelik sê dat dit 'n hartseer ding vir ons redaksie is om afstand van die naam 'Die Beeld' te doen. Onder hierdie vaandel het ons vyf jaar lank die stryd gevoer wat Suid-Afrika aan die praat gehad het. Dit is 'n naam waarop ons trots is en altyd sal wees.

"Die naam verander, die boodskap bly dieselfde." 2)

Pienaar skets later die aanloop tot die aankondiging s6:

"Teen die einde van Oktober 1970 is ek, Hugo Dreyer en Willem Wepener aangesê om Kaap toe te kom vir samesprekinge oor voorstelle dat die Die Beeld en Dagbreek saamsmelt.

"Ons het 'n paar sleuteldirekteure van die Nasionale Pers ontmoet - mnr. Recht Malan, mnr. Phil Weber, adv. David de Villiers en ook mnr. Piet Cillié.

"Adv. De Villiers het eerste gepraat, kort en objektief, oor waarom daar sulke voorstelle is, en wat die besware kan wees.

"Ek het, baie kort, gesê my eie gevoel is, en ek is seker ook my mederedaksielede s'n, dat ons met so iets nie wil saamgaan nie.

"Toe het mnr. Weber aan die woord gekom. Dit was duidelik dat hy ons voor die onvermydelike gestel het.

"Die ekonomiese klimaat is besig om te versleg. Die Nasionale Pers het 'n volle, veeleisende kapitaalprogram, en dit sal verskriklik wees as Die Beeld moet voortgaan om soveel van die wins wat die Nasionale Pers maak, weg te vreet. Al die omstandighede wys daarop dat die Nasionale Pers net nie meer R500 000 per jaar het om in Die Beeld te steek nie." 3)

Mnr. Pienaar vertel in sy boek hoe sy afskeid, wat in die gees van 'n "oorwinningsfunksie" gereël was ("ons het die skrif aan die muur gelees, geskryf asof met eie vingers wat bloed druppel, dat Die Beeld sal leef en Dagbreek sal sterf,") in 'n "begrafnisfees" vir Die Beeld geëindig het. 4)

"Ons van Die Beeld het geglo dat, wanneer ons koerant daar staan as baas van die Afrikaanse Sondagmark, nadat ons gra-nietmure van vooroordeel en boikot afgebreek het deur die gehalte van ons werk, die mense van ons maatskappy dieselfde hoogs nodige vernuwing in die Afrikaanse dagbladjoernalis-tiek van Transvaal sou bring: ons was die verkenners, en ons sigbare sukses sou die groter diens moontlik maak, deur die stigting van 'n eie dagblad, of oorname van Die Trans-valer, wat 'n sukkelbestaan op sy eentjie gevoer het. Ons het geglo ons het daardie hoogste sport bereik. Toe tref die weerlig ons." 5)

Op 15 November 1970 word aangekondig dat die nuwe koerant Rapport gaan heet en dat die eerste uitgawe oor twee weke sou verskyn.

In Die Beeld se laaste hoofartikel op 22 November 1970 word die koerant se trefkrag gestel soos deur sy eie redak-sie gesien:

"Die Beeld het gehelp om bewys te lewer aan mense wat dit vantevore nie beseef het nie, dat die Afrikaner nie alleen in staat is nie, maar gretig is om homself realisties in die moderne wêreld te handhaaf. Daar is nog 'n verre pad om te gaan, maar die eerste skof is afgelê." 6)

Op dieselfde Sondag sê Dagbreek: "Maar die wete is daar dat die bestaan van Dagbreek noodsaaklik was vir die ontstaan van hierdie groot nuwe skepping waardeur Afrikaans verryk sal word." 7)

Op 29 November verskyn 'n koerantkolos soos die Afrikaner nog nie gesien het nie.

Maar die redaksie van Die Beeld was bewoë. Vir hulle was 'n totale oorwinning oor Dagbreek reeds in sig. "Die nuus van die samesmelting het vir ons as 'n groot skok gekom," sê mnr. Ton Vosloo. "Ons was besig om te wen. Ons het winste begin toon. En toe kom die aankondiging. Dit was 'n fout." 8)

Oorwinning was vir Die Beeld se redaksie om die draai, soos ook blyk uit die nuusredakteur, mnr. Tobie Boshoff, se skrywe aan mnr. Phil Weber op 6 Mei 1970 (dit was net nadat Pienaar 'n operasie ondergaan het):

"Dit is 'n baie jammer ding wat met mnr. Pienaar gebeur het.

"Dit is ook jammer, wat Die Beeld betref, dat dit gebeur het. Ons en Dagbreek se syfers wat so by mekaar lê, is al irriterend vervelig en mnr. Pienaar het gemeen nou gaan ons hulle van ons afskud." 9)

Dr. Weber meen die amalgamasie kon 'n fout gewees het. Hy sê hy was persoonlik teen die samesmelting met Dagbreek, maar voeg by dat met al die hulpbronne waaroor Dagbreek nog beskik het, die stryd baie lank kon geduur het.

"Mnr. Ben Schoeman het vir Recht Malan, David de Villiers en myself oor 'n koppie tee vertel dat hulle baie geld verloor met Dagbreek en dat hy weet ons is in dieselfde bootjie met Die Beeld. Die ding moet ophou, het mnr. Schoeman gesê; kom ons smelt saam, ons gaan geld maak en 'n goeie koerant uitgee. Ons het daartoe besluit. Die hele filosofie was: 'If you can't beat them, join them.'" 10)

Mnr. Richard bevraagteken die mening van mnr. Pienaar en Vosloo oor wie die "oorwinnaar" sou wees: "Beeld se selfversekerdheid dat hy as oorwinnaar sou uitgetree het as vrede nie gesluit was nie, is vandag 'n betwisbare vraag - en net van hipotetiese belang. Die Kaapse uitdager het teen die einde wel in die nek van die Transvaalse verdediger geblaas, maar in Dagbreek se eie tuisland, in die ekonomiese gebied wat werklik geld - Transvaal - het hy steeds voor geloop." 11)

Die sirkulasies in daardie stadium was:

	Kaapland	Transvaal	
Die Beeld	101 562	178 437	
Dagbreek	83 000	212 000	12)

Die seer in die harte van Pienaar en sy kollegas het gebly. Selfs jare later skryf hy oor die "toemaak" van Die Beeld: "Ek weet dat dit vir ons hele ou garde geld. Ons het meer verdien, en daarmee bedoel ek waaragtig nie geld nie. Dit moet my verskoon word dat ek nou nog nie sonder emosie oor hierdie dinge kan skryf nie. Ons voel net nog altyd maar seer." 14)

"Dit was 'n stryd wat Die Beeld nie verloor het nie." 15)

Die digter Dirk Opperman, goeie vriend van Schalk Pienaar, skets die pyn so:

"Dagbreek moes val. Pienaar het hom vir die finale slag voorberei, maar die direkteure het dit gerade geag dat Die Beeld en Dagbreek eerder moes saamsmelt en as Rapport verskyn. Dit was heel moontlik die regte stap, maar vir Pienaar verpletterend. Hierna het 'n sekere 'elan' uit sy lewe verdwyn." 16)

Die lojaliteit aan sy maatskappy was groter as sy hartseer oor die "begrafnis" van Die Beeld. In sy afskeidsboodskap in November 1970 verseker hy die Nasionale Pers se direksie: "Julle kan op julle manne in Johannesburg reken. Advokaat De Villiers, jy het geen lojaler amptenare as in Johannesburg nie." 17)

'n Era was afgesluit. Die naam van Die Beeld was begrawe. Maar sy boodskap sou in Rapport voortleef, sy indirekte impak sou wyer uitkring.

11.2 DIE FINALE IMPAK

Die droom van die Nasionale Pers van 'n eie koerant met 'n eie infrastruktuur in die Noorde was voorlopig aan flarde. Rapport was 'n 50-50-onderneming van die Nasionale Pers en Perskor.

Die ideaal sou op 16 September 1974 weer herleef. Op daardie dag het die Nasionale Pers se Johannesburgse dagblad, Beeld, sy eerste verskyning gemaak. Weer, soos met sy ouboet, Die Beeld, was dit in 'n oorvol mark. In die PWV-gebied was reeds vier Afrikaanse dagblaaie: Die Transvaler, Die Vaderland, Oggendblad en Hoofstad. Weer, soos met Die Beeld, was sy eerste hoofredakteur Schalk Pienaar, en weer was daar geen daverende hoera's oor sy koms nie. 18)

In die heel eerste uitgawe waarsku Die Burger se rubriek=
skrywer Dawie: "Met die stigting van Beeld word 'n ou
droom van die Nasionale Pers verwesenlik. Beeld sal nie
alleen die reus onder Afrikaanse koerante word nie, maar hy
sal van die Nasionale Pers-groep op dagbladgebied 'n gelyk=
waardige reus maak met die groot Engelstalige groepe ...
die grootste ding wat in die Afrikaanse koerantjoernalistiek
gebeur het sedert die stigting van Die Burger in 1915." 19)

Beeld was uit die staanspoor 'n sukses. Die geouditeerde
sirkulasiesyfer vir 1975 was reeds 42 744. Die groei was
van net meer as 23 000 in Januarie tot meer as 49 000 in
Desember.

In die eerste ses maande van 1976 het die koerant met iets
minder as 5 000 per dag gestyg tot 47 619. In die tweede
ses maande het Die Beeld vir die eerste keer deur die 50 000-
grens gebreek.

Teen Julie 1977 is 64 841 eksemplare per dag verkoop. In
Junie 1978 was die syfer 66 116. In die tweede ses maande
van 1979 het Beeld met 'n sirkulasiesyfer van 80 000 per
weeksdag Die Transvaler verbygesteek. Op 3 Augustus 1981
word berig: "Beeld het met die hoogste verkoopsyfer in sy
byna sewejarige bestaan die beslissende deurbraak wat hy in
die noordelike Afrikaanse dagbladmark behaal het, gekonsoli=
deer." 20)

Die ABC-syfers het getoon dat Beeld se gemiddelde sirkulasie
66 197 teenoor Die Transvaler se 45 942 was.

Tot einde Maart 1982 was die syfer 76 918, en op 6 Augustus is 'n sesmaandesyfer van 77 551 aangekondig. Beeld het ook sy susterskoerant, Die Burger, verbygesteek.

Op 9 Februarie 1983 word 'n verklaring deur die voorsitters van die Nasionale Pers en Perskor se direksies, prof. P.J. Cillié en dr. W. van Heerden, uitgereik wat die jarelange skerp stryd om sirkulasie in die Afrikaanse oggendmark in Transvaal tot 'n einde bring.

Ondanks ongesonde aspekte en groot onkoste, sê hulle, het die mededinging tog die effek gehad om die leserstal van Afrikaanse koerante in Transvaal skouspelagtig te verhoog. 21)

Beeld berig: "Die kwaaieste en duurste sirkulasiestryd in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse pers is vriendskaplik bygelê.

"Die direksies van die twee groot Afrikaanse persgroepe, die Nasionale Pers en Perskor, het ooreengekom tot 'n markverdeling tussen hul Afrikaanse dagblaaië in Transvaal.

"Die Nasionale Pers sal hom ingevolge die ooreenkoms bepaal by die oggendmark." 22)

Deur die ooreenkoms het Beeld die enigste daaglikse Afrikaanse oggendblad in Transvaal geword. Dawie se woorde: "Beeld sal 'n reus onder Afrikaanse koerante word," het profeties geblyk te wees. 23)

Beeld se oorwinning is onmeetlik vergemaklik deur 'n sagmaakproses, 'n bombardement vooraf deur 'n ouboet, Die Beeld.

Die Sondagkoerant het in die vyf jaar van sy bestaan soveel goeie vriende gemaak, so 'n uitmuntende reputasie opgebou, dat toe die aankondiging kom dat die Nasionale Pers 'n oggendkoerant in Transvaal gaan begin, dit vir baie mense die terugkeer van Die Beeld in 'n nuwe en beter gedaante was - veral toe dit bekend word dat "veggeneraal" Schalk Pienaar weer die hoofredakteur sou wees (gesondheidsredes het hom gedwing om ná vier maande af te tree), en dat die naam Beeld gaan wees.

Die Beeld se finale impak was Beeld se sukses.

- 1) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 107
- 2) Die Beeld 1 November 1970
- 3) Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye, p. 108
- 4) Ibid.
- 5) Ibid.
- 6) Die Beeld 22 November 1970
- 7) Dagbreek 22 November 1970
- 8) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 9) Mnr. Tobie Boshoff in 'n brief aan mnr. Weber.
- 10) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 11) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 12) Market Research Africa en Readership of Sunday Papers and Magazines (1970).
- 13) Die Beeld 26 Maart 1967
- 14) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 110
- 15) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 129
- 16) Pienaar, Schalk, Op cit. voorwoord tot boek.
- 17) Mnr. Schalk Pienaar in 'n toespraak op 2 November 1970 tydens sy afskeid by Die Beeld.
- 18) Beeld 9 Februarie 1983
- 19) Beeld 16 September 1974
- 20) Beeld 3 Augustus 1981
- 21) Verklaring uitgereik deur prof. P.J. Cillié, Februarie 1983.
- 22) Beeld 9 Februarie 1983
- 23) Beeld 16 September 1974

HOOFSTUK 12

SCHALK PIENAAR DIE MENS

Schalk Pienaar is op Merweville in die Moordenaarskaroo gebore. Sy vader, wat daar predikant was, het hy op jeugdige leeftyd verloor. Sy moeder, 'n nooi Roos, het haar met drie seuns en 'n aangenome dogter op Stellenbosch gevestig. Daar het Schalk aan die latere Paul Roos-Gimnasium skoolgegaan. Die hoof, Paul Roos, was sy oom, en in dieselfde klas was Piet Cillié, 'n seun van die Rektor van US.

Hierdie twee, Schalk en Piet, was end-uit aan die top van die klas met Cillié meestal bo, maar ook net.

Ná sy skoolopleiding is Schalk na die Universiteit van Stellenbosch, waar hy die graad B.A. behaal het. In die studentelewe en op die rugbyveld het hy leierskap getoon, wat die deurslag gegee het toe 'n Rhodes-beurs aan hom toegeken is.

In hierdie tyd het die skrywer Ben Conradie, wat nou in die Strand woon, Schalk Pienaar van nader leer ken. Hy vertel:

"Ek het as student by mev. Sarie Pienaar in Van Riebeeckstraat 'n kamer gehad. Daar het ek met haar drie seuns kennis gemaak. Schalk was die jongste.

"Soms het tant Sarie ons vir 'n ete genooi of ons gevra om saam met haar in haar nuwe motor iewers heen te ry. By dié geleentheid het ek Schalk beter leer ken. Hy was 'n tergees by uitnemendheid en het sy goeie ma nie gespaar nie.

"Toe hy vir die eerste keer met 'n brandende sigaret deur die huis loop om dit as't ware aan te kondig dat hy rook, sien sy dit en sê: 'Gee dit vir my.' Hy antwoord: 'Nee wag, hartjie, mōre koop ek 'n hele pakkie en gee dit vir ma.'

"By geleentheid aan tafel het hy iets opgehaal en krag bygesit deur te sê: 'As dit nie waar is wat ek sê nie, kan ek net hier doodval.' Na 'n paar minute, in 'n verposinkie in die gesprek, sê hy: 'en ek val dan nie dood nie.'

"Toe sy ma vir haar 'n nuwe motor aanskaf, wil Schalk opsluit daarmee ry. Sy ma vra ek moet tog inklim en saamry. Hy kon toe nog nie eintlik bestuur nie. Ons is Van Riebeeckstraat af, draai voor die Moederkerk verby, draai links in Dorpstraat, en toe ons in die Laan kom, gaan ons met die linkerwiele deur een van die watervore. Ek klou vas en sit sprakeloos en is dankbaar toe ons veilig tuis kom." 1)

Kort hierná is Schalk Oxford toe, waar hy nie lank sou bly nie. Hy het dadelik in opstand gekom teen die reëling van die Rhodes-sekretariaat dat hy eerstejaarswerk moes doen. Hy het gereken hy mors sy tyd. Ná sowat sewe maande het hy sy beurs gelos en sy hoed gevat huis toe. 2)

'n Kwaaijongstreek van Pienaar in sy Oxford-dae sou veel later reperkussies hê en deur die "verkrampes" teen hom uitgebuit word.

Sy tant Lydia se laaste woorde voordat hy per skip na Engeland vertrek het, was dat hy nie in Engeland moet verengels en vir sy volk verlore gaan nie. Pienaar vertel:

"Gee nou 'n student, pas twintig geword, so 'n uitnodiging en kyk wat gebeur. Ek het in Engeland rustig my kans afgewag en naderhand net die ding gekry: 'n gekleurde pronkstuk met 'n foto van Engeland se koning George V (kort tevore oorlede) as voorblad, en dwarsdeur die boodskap wat ek agterop skryf, doen ek belydenis as Afrikaner-Nasionalis wie se oë oplaas vir die grootheid van Brittanje oopgegaan het.

"Dit is dan die familiegrappie wat meer as dertig jaar later beland in die hande van genl. 'Lang Hendrik' van den Bergh, destyds hoof van die Veiligheidspolisie. Daarvandaan is 'n fotokopie in die hande van die Eerste Minister, toe mnr. John Vorster, besorg.

"Mnr. Vorster het dit op sy beurt, sonder kommentaar, gegee aan mnr. Phil Weber, toe ondervoorsitter van die Nasionale Pers.

"Vir geen oomblik het mnr. Weber hierdie koddigheid en sy inhoud op sigwaarde aanvaar nie. Terug op kantoor, bel hy my broer Giel op Wellington, wat hom die hele storie vertel. Ka-ka, lag Gielie, wil hulle ou Schalk nou vir hoogverraad verhoor?

"Daarná het mnr. Weber oorgestap na die kantoor van my lewenslange ou vriend Piet Cillié, destyds redakteur van Die Burger. Ka-ka, lag Piet; hy sê ja, hy onthou iets daarvan. Mnr. Weber het ook gesorg dat die waarheid omtrent die kaartjie by mnr. Vorster uitkom." 3)

So het die poskaart gelui (onthou, dit gaan oor koning George V): "Mag sy gedagtenis in die Nuwe Jaar dien om die bande van die Ryk in hierdie bewoë tye hegter te smee sodat Justice and Fairplay mag bly heers. Noudat ek die beginsels wat in Groot-Brittanje heers, van nader leer ken, word ek daaglik trotser daarop dat ek myself kan noem 'n Britse onderdaan. Ek kan skaars die tyd meer af wag om terug te kom na Suid-Afrika, waar nog soveel misverstand heers aangaande die ideale van die Ryk. Ek kan dit skaars glo dat ek ooit 'n Nasionalis was. Hoe eng, hoe dom, hoe blind was ek tog destyds. En om te dink dat, as dit nie vir Rhodes was nie, was ek nou nog 'n rassehater. Liefde=groete, Schalk." 4)

Mnr. Conradie onthou ook: "Ek het gehoor dat hy nie gediend was met die manier waarop die bepalinge vir Rhodes-beurse destyds die Afrikaner volksvreemd wou maak nie.

"Ek het 'n baie belangrike brief wat hy vir my uit Oxford geskryf het. Dit was oor die geloof in Christus. Die gesprek is nooit opgevolg nie, maar wat hy in 'n sin saamgevat het, is dat die geloof in 'n persoonlike Saligmaker al is wat hom vrede op aarde kan gee, soos hy dit sien."

Mnr. Conradie onthou hoe Schalk se moeder vertel het dat hy daar oorkant in 'n biblioteek gehoor het hoe twee mense vertroulik met mekaar praat. Hy het besef daar gaan oor=log kom. 5)

Dr. Weber vertel: "Op 17 Mei 1937 het die Springbokspan van daardie jaar uit Durban na Australië onderweg na Nieu-Seeland vertrek. Mnr. Paul Roos, ondervoorsitter van die SA Rugbyraad, het spesiaal na Durban gereis om sy raad se goeie wense aan die span oor te dra. Ek het met hom voor die afskeidsete gesels en hy was duidelik 'n bekommerde man. Nie oor die span se vooruitsigte nie! Op navraag het ge=blyk die rede vir sy kommer is sy suster Sarie se seun Schalk. Hy het van Oxford weggeloop - nugter weet waarom, het oom Paul gesê - en sou die volgende dag in Kaapstad aankom. Ek het dadelik Die Burger-kantoor getelegrafeer hulle moet die jong Pienaar sommer op die boot al aankeer, en dit het ge=beur, en as ek iets vir die Suid-Afrikaanse joernalistiek gedoen het, dan moet dit seker een van my verdienstelikste bydraes wees!" 6)

Pienaar en sy vriend Piet Cillié, toe reeds anderhalwe jaar in die redaksie van Die Burger, het in daardie stadium ook per brief oor 'n moontlike aanstelling vir Pienaar by die koerant gesels.

By Die Burger het hy gou opgang gemaak. Ná 'n jaar is die verslaggewing oor die Ossewatrek van Kaapstad na die Noorde aan hom toevertrou, en sy berigte het getrou die feite en veral die gees van daardie gebeurtenis weergegee. Op die lang trek het by hom die behoefte ontstaan om meer van die ge=skiedenis te wete te kom, en met onbetaalde verlof is hy Stellenbosch toe om die eerste-, die tweede- en die derde=jaarskursus in geskiedenis in een jaar af te lê. Op die trek het hy 'n eed gesweer dat, as hy ooit in 'n posisie van ge=sag by 'n koerant moet kom, hy die mense sal inlig oor dinge waarvan hulle behoort te weet, en hulle só sou inlig dat hulle weet waarvan hy praat. 7)

Hy was met mej. Antoinette Webb, 'n onderwyseres, getroud, en vyf kinders is uit dié huwelik gebore.

In 1946 is hy aangestel as redakteur van Die Oosterlig in Port Elizabeth. Sewe maande later was hy terug in Kaapstad, waar hy die volgende jaar as assistent-redakteur van Die Burger een van die driemanskap Weber, Cillié en Pienaar geword het. As skrywer van Die Burger se indrukke van die Volksraad het hy 'n deeglike skoling in die politiek gekry.

Sy grootste taak het in 1965 met die stigting van Die Beeld begin. Daar was niks toe hy dit aanvaar het nie, letterlik niks - geen fabriek, geen kantore, geen redaksie en ook geen vakkennis en ondervinding van die Sondagkoerantwese nie. Vyf jaar later het een miljoen mense sy koerant gelees. 8)

As redakteur van Die Beeld was Pienaar aan geweldige druk onderwerp. Sy vriend en eerste bestuurder van Die Beeld, mnr. Dirk de Villiers, het ná sy uittrede in November 1970 gesê: "Tot vandag toe lyk dit of daar iets van Merweville aan Schalk Pienaar kleef - iets van die taaiheid van die geteisterde Karoo." 9)

Pienaar het benewens die Markus Viljoenmedalje van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ook die D.F. Malanpenning van die Kaapse Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Joernalistevereniging se Pringle-medalje ontvang.

Ná sy prestasie by Die Beeld het die direksie van die Nasionale Pers Pienaar in 1974 gevra om hoofredakteur van Beeld te word. Weer het hy in die voorste linie stelling ingeneem en die sukses van Die Beeld begin herhaal.

D.J. Opperman, wat net soos Pienaar 'n vakansiehuis by Franskraal gehad het, sê dat hy destyds met Pienaar se aftrede by Beeld in Januarie 1975 gevra is om as intieme vriend iets oor hom te skryf. Om klaarblyklike redes is die kwatryn nie geplaas nie! Hy (Opperman) het dit uit die Carnegie-Biblioteek op Stellenbosch gaan opdiep. Dit lui:

"Toe hy byna Die Burger was, het 'die luie donner' hom glo alte graag op Franskraal afgesonder, maar in JB toe hy op sy eie is, verrig hy met Die Beeld ons grootste wonder."

Hoe het Schalk Pienaar se vriende en kollegas hom gesien?:

Dr. Phil Weber: "Schalk was 'n wonderlike kollega, vol integriteit, moed - jy kon op hom reken - 'n reguit mens, ware vriend, baie bekwaam, gewild onder sy kollegas - 'n bekende gesig was om Pienaar na werk by die Oriental-kroeg te sien, sy voet op 'n stoel, omring deur sy kollegas en vriende." 10)

Dr. Denis Worrall: "Hy was skerp, konsekwent, wys en kon altyd met sy fyn humorsin lewe in 'n situasie blaas. 'n Merkwaardige joernalis." 11)

Mnr. Joel Mervis: "Ek het die hoogste respek vir hom gehad. Hy was vernuftig en 'n voorloper van sy tyd." 12)

Dr. Willem de Klerk: "Schalk Pienaar was 'n leier van onverskrokke en geëmansipeerde Afrikaanse joernalistiek." 13)

Mnr. Dirk Richard: "'n Gedugte en vreeslose vegter. In die proses kon hy ook maar geniepsig wees, hoor, en hy kon in die losskrums die hand vir die bal en die vuus vir die opponent gebruik wanneer die skeidsregter nie kyk nie." 14)

Prof. André P. Brink: "'n Belewenis. Sowat van skerp=sinnigheid - en integriteit - is skaars by 'n koerantman. Hy was vriendelik en reguit." 15)

Mnr. Ton Vosloo: "'n Merkwaardige politieke insig. Brilljant en gevat. Hy dra daardie eienskappe wat 'n mens die hoogste aanslaan." 16)

Mnr. Dirk de Villiers: "Hy het baie na aan die hart van elk van sy kollegas gelê. Hy het die joernalistiek in Suid-Afrika versier, hy het aan die professie 'n nuwe luister gegee. Hy het integriteit, hy is manmoedig, sy gees het jonk gebly." 17)

Sy jeugvriend, kollega oor vier dekades (waarvan drie by Die Burger), Piet Cillié, het met Pienaar se heengaan op 12 Oktober 1978 in 'n hoofartikel op 13 Oktober in Die Burger onder die opskrif "Die Goeie Kameraad" geskryf:

"Met Schalk Pienaar se dood, ná 'n tyd van liggaams- en geesteslyding, verloor Die Burger en die Nasionale Pers 'n kameraad met wie ons ouere lede meer as veertig jaar sy aan sy gemarsjeer en geveg het.

"Meermale was hy op die gevaarlikste voorpunte, waar sy gesondheid mettertyd so gekwes geraak het dat hy vóór sy aftreetyd sy werk moes inkort. Hy het dit nogtans volgehou tot naby die einde, toe hy besig was om mee te werk aan die publikasie van sy histories belangrike herinneringe.

"Vroeg het hierdie goue seun van die Bolandse Roos-familie, wat 'n hele paar leidende figure aan Suid-Afrika gegee het, gewys dat hy ook een van hulle kon word. As student, sportman en studente-leier, aantreklik van voorkoms en helder van gees, het hy in die jare dertig op Stellenbosch uitgeblink. Van 'n sterk wil het hy kennis gegee deur verdere studie, in Oxford met 'n Rhodes-beurs, nā 'n jaar te staak om by Die Burger te kom werk - een van 'n merkwaardige groep van 'Der-tigers', meestal oud-Maties, wat al teen die einde van die jare veertig tot sleutelposisies by Die Burger en sy familie begin uitstyg het.

"Reeds in 1938, as hoofverslaggewer by die Ossewatrek en die Voortrekkereëufees, het hy met sy waarneming en skryfstyl nasionale aandag getrek; maar dit was in die jare vyftig, as daaglikse parlementêre kommentator, dat hy volledig gegroei het tot koerantman onder die koerantmanne: gerespekteer deur vriend en teenstander, en deur albei gelees soos drie dekades vroeër Langenhoven self, aan wie se invloed Schalk Pienaar se vonkelende styl veel te danke had. Min het gewet dat daardie stukke, gewoonlik met verstommende snelheid geskrywe, maar 'n deel was van sy take as assistent-redakteur. Sy nuussin en bestuursvermoë het in die redaksie deurgewerk soos sy politieke insig by die publiek daarbuite.

"Toe die Nasionale Pers in 1965 sy grootste avontuur sedert die ontstaan van Die Burger aangepak het met die stigting van die Sondagblad Die Beeld, was Pienaar die vanselfsprekende keuse vir die hoofredakteurskap. Veral Transvaal is getref deur 'n fris nuwe wind, wat weldra stormsterkte bereik het deur die nuweling se leidende, en vir eers byna allenige kruistog in die Noorde teen die weerbarstige Nasionale wat naderhand die HNP sou word.

"Terselfdertyd het Pienaar se koerant 'n potensiaal van Afrikaanse koerantlesers in Transvaal blootgelê wat alle versigtige en soms selfs pessimistiese projeksies van vroeër omvergewerp het. Dit het die taaiste koerantstryd in die geskiedenis van die Afrikaanse perswese gekos, en geëindig in die amalgamasie van die mededingers in die Son= dagblad Rapport.

"Hoewel Pienaar se gesondheid 'n knou weghad, is hy in 1974 nogmaals gekies tot aanvoerder van 'n veel taaier onderneming: die stigting van 'n nuwe Transvaalse dagblad, Beeld, wat die landwye dienskring van Nasionale Perskoerante gesluit het. Hy kon nog die moeilike vestiging lei, maar moes toe die bevel oordra aan jonger kragte wat onder sy hand gevorm was.

"Vir die laaste keer was hy terug by Die Burger, steeds die skerpsinnige waarnemer van 'n politieke toneel wat hy so effektief help verander het, en bitter ongeduldig soos enige jong idealis wanneer die pas van hervorming traag was.

"Schalk Pienaar sal onthou word vir groot daade vir Die Burger, die Nasionale Pers, die Afrikaanse en heel die Suid-Afrikaanse perswese, en vir die Afrikaanse woord en styl. Sy waagmoed, sy avontuurlus, sy afkeer van uitgediende denk- en handelwyses in die openbare lewe, sy blymoedigheid en sin vir humor in die stryd, was oor 'n lang skeppingstyd 'n voortdurende vlam van besieling. Ons wat naby hom gelewe het, verloor 'n goeie kameraad en edele vriend ...

"Tog vind ons troos in die gedagte van uiteindelijke kalnte en rus vir hierdie vegter-prins in ons eeu van beroering en smart."

Was Schalk Pienaar gelukkig in sy werk, waar hy soveel kere getrap is, kritiek moes verduur waar dit eintlik krediet moes wees, 'n werk wat so 'n hoë fisieke tol van hom geëis het?

Schalk Pienaar: "Nog altyd kon ek op hierdie vraag sonder aarseling antwoord dat, as ek weer sou kies, die keuse sonder aarseling dieselfde sou wees." 18)

Pienaar en D.J. Opperman se vriendskap was heg. Opperman verwys na 'n persoonlike voorval:

"In 1976 was ek ernstig siek en Pienaar is gevra om my doodsberig vir Die Burger te skryf. Weer 'n geleentheid dus vir 'n minsame geniepsigheid! Hy het my daarvan vertel en op my verjaardag het ek dit present ontvang! By die herontmoeting het ek dit grappig afgemaak deur te sê: 'Jy weet, dié Piet (Cillié) is tog baie bedagsaam! Hy het my weer mooitjies gevra om jōue te skryf!' Ons het albei gelag, maar verby die grappie was daar die kort blik: bifokaal.

"Pienaar het sy lewe lank hierdie bifokale blik gehad: die siening van die nabye én die verre tegelyk - nie net die suikerkanne hier vlak voor hom nie, maar ook agter die eerste, die tweede berg reeds die bobbejaan én sy jagter!

"Daar was in Pienaar se bedrieglike alledaagsheid so 'n besondere vermenging van elemente dat hy 'n stille, begoërende mag oor sy medemens, redaksielede, vriende en vyande, persone van teenoorgestelde opvattinge, verskillende gelowe, stande en kleure uitgeoefen het. Dit was meermale amusant om die bonte toeloop na hom op Franskraal te sien! Hy het elkeen sy belangrikheid en ook dié van die oomblik laat besef, maar ook skertsend die betreklikheid ... toenemend met die dood reeds dik in hom.

"Was dit die rede waarom hy wou hê dat ek hierdie voor= woord oor hom nou as teenprestasie moes skryf? Hierdie ge= sprek tussen ons het ek die nag ná sy dood afgesluit." 19)

Schalk Pienaar is op 12 Oktober 1978 oorlede.

Vir Schalk Pienaar

BY DIE DOOD VAN "N JOERNALIS
(wat my dood beskryf het)

Jy wat die goue blad
nog vóór my laaste asem
wou klop op skouer en gelaat,

lê nou self in papyrus plat
waar ek jou in finale
foelie van 'n toetankamen vat.

Miskruiers skrum, haak om en om,
maar hierdie herkoude bol
wil nie by die agste man uit kom.

Dis dood teen dood,
dis vlees teen vlees -
'n kanker-kammerat,

Soos gode gul met steke
(rym en kroniek) jou ryg
in dubbele brokaat.

(Rapport, 15 Oktober 1978.)

D.J. Opperman

- 1) Mnr. Ben Conradie in 'n persoonlike onderhoud.
- 2) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 3) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 19
- 4) Poskaart van Pienaar.
- 5) Mnr. Ben Conradie in 'n persoonlike onderhoud.
- 6) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 7) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 3
- 8) Dr. Phil Weber by die toekenning van die Markus Viljoen toekenning vir voortreflike Joernalistiek wat deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken word.
- 9) Mnr. Dirk de Villiers tydens mnr. Pienaar se afskeid op 2 November 1970.
- 10) Dr. Phil Weber in 'n persoonlike onderhoud.
- 11) Dr. Denis Worrall in 'n persoonlike onderhoud.
- 12) Mnr. Joel Mervis in 'n persoonlike onderhoud.
- 13) Dr. Willem de Klerk in 'n persoonlike onderhoud.
- 14) Mnr. Dirk Richard in 'n persoonlike mededeling.
- 15) Prof. André P. Brink in 'n persoonlike onderhoud.
- 16) Mnr. Ton Vosloo in 'n persoonlike onderhoud.
- 17) Mnr. Dirk de Villiers tydens mnr. Pienaar se afskeid op 2 November 1970 in Johannesburg.
- 18) Pienaar, Schalk, Op cit. p. 17
- 19) Pienaar, Schalk, Op cit. Voorwoord deur D.J. Opperman.

BIBLIOGRAFIE

Cillié, P.J., Tydgenote,
Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad 1980.

Cillié, P.J., Van Wyk Louw se rol in die vrymaking van
die Afrikaner,
Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit,
Johannesburg, 1981.

D'Oliviera, John, Vorster - die Mens,
Perskor-Uitgewery, Johannesburg, 1977.

Pienaar, Schalk, Getuie van Groot Tye,
Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1979.

Ries, Alf en Dommissie, Ebbe, Broedertwis,
Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1982.

Schoeman, Ben, My Lewe in die politiek,
Perskor-Uitgewery, Johannesburg, 1978.

Schoeman, B.M., Van Malan tot Verwoerd,
Human & Rousseau Uitgewers Beperk, Kaapstad en Johannes=
burg en Pretoria, 1973.

Serfontein, J.H.P., Die Verkrampte Aanslag,
Human & Rousseau Uitgewers Beperk, Kaapstad en Johannes=
burg, 1970.

Van Wyk Louw, N.P., Rondom Eie Werk,
Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1970.

Vosloo, Ton, Schalk Pienaar: 10 Jaar Politieke Kommentaar,
Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1975.

Koerante, tydskrifte:

Die Afrikaner

Beeld

Die Beeld

Dagbreek

Die Burger

Financial Mail

New Nation

News Check

Press, Advertising and Radio Review

The South African Observer

The Sunday Times

Veg

Die Vaderland